# HOOFSTUK 17

# DIE HEILIGE NAGMAAL VAN CHRISTUS EN WAT DIT ONS BIED[1]

## 1. *Die instelling van die heilige nagmaal*

Nadat God ons eenmaal in sy huisgesin ontvang het, en Hy ons nie so seer as diensknegte nie maar as sy kinders beskou, onderneem Hy ook om ons ons lewelank voortdurend te voed. So vervul Hy die plig van 'n goeie Vader wat besorg is oor sy nageslag.[2] Daarmee was Hy egter nie tevrede nie en Hy het aan ons 'n waarborg gegee waarmee Hy ons wou verseker van hierdie voortgesette milddadigheid. Met hierdie doel voor oë het Hy derhalwe deur bemiddeling van sy eniggebore Seun 'n tweede sakrament aan sy kerk gegee, naamlik 'n geestelike eetmaal waar Christus getuig dat Hy die lewendmakende brood is waardeur ons siele tot die ware en geluksalige onsterflikheid gevoed word.[3]

Die kennis van so 'n groot geheimenis is inderdaad noodsaaklik en dit verg na die belangrikheid daarvan 'n noukeurige verduideliking. Om die kerk immers van hierdie uiters waardevolle skat te beroof het die Satan eers wolke, daarna duisternis aangewend om die lig daarvan te verdonker, en daarna het hy twis en struweling teweeggebring om die siele van eenvoudige mense van die smaak van hierdie heilige voedsel te vervreem.[4] Selfs in ons tyd het hy dieselfde listige streek probeer

1 In die 1536-uitgawe het Calvyn ook die nagmaal behandel, maar heelwat bondiger as in die 1559-uitgawe. (In die OS beslaan dit in die 1536- uitgawe 25 bladsye (OS 1:136 - 162); in die 1559-uitgawe sowat 75! (OS 5:342 - 417). Betekenisvolle uitbreidings kom in die 1539-uitgawe voor - dit is die resultaat van sy verblyf as banneling in Straatsburg. In 1541 verskyn sy *Petit traicte de la saincte cene de nostre Seigneur Iesus Christ* (OC 5:433 - 460) wat by verskeie geleenthede daarna weer uitgegee is, en trouens so vroeg as in 1545 deur Nicolas des Gallars in Latyn vertaal is: *Libellus de coena Domini*. Hierin poog Calvyn om in eenvoudige taal die nagmaalstryd tussen Luterane en Zwingliane vir gewone mense te verduidelik en te probeer bylê. Die struktuur en inhoud daarvan verskil dus van die inhoud van die *Institusie*. In 1556 beland Calvyn self in 'n heftige polemiek met Io. Westphal en Tilemann Heshus, sogenaamde Gnesio-Lutherane, oor die verskille tussen die Geneefse en Lutherse nagmaalspraktyk. Calvyn skryf tussen 1556 en 1563 verskeie *admonitiones* aan Westphal waarin hy hom op sy dwaling in verband met die nagmaal wys. Dit vind weerklank in afdelings 30 - 34 hieronder. In verband met die groot hoeveelheid geskrifte oor die nagmaal kan verwys word na die werke van H.Bavinck, *Gereform. Dogmatiek* 4:590 - 644; G.C. Berkouwer, *De Sacramenten* 253 - 395; A.D.R.Polman, *Onze Ned. Geloofsbelijdenis* 4:225 - 265; W.F.Dankbaar, *De Sacramentsleer van Calvijn*; H.N.Ridderbos, *Het H. Avondmaal* in *Het Dogma der Kerk* 546 - 558. Vgl. ook CE 1:402 - 415.

2 Hierdie gedagte sluit aan by *Inst.* 4.16.9, 23. Vgl. ook Guido de Brés se formulering (NGB art. 35): "Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het". Dat Calvyn hierdie werk aan ons goeie Vader, en de Brés aan Christus, toeskryf is geen ongerymdheid nie. Calvyn stel dit trouens duidelik dat God 'deur sy eniggebore Seun 'n tweede sakrament aan sy kerk gegee het'.

3 Marg. *Iohan. 6.f.51.* Kyk ook OC 47:151 - 153.

4 Calvyn skets hier die verval van die nagmaalsopvatting en nagmaalsviering en die stryd wat vir

uithaal.[5] Ek sal daarom 'n kort samevatting daarvan gee sodat ongeleerdes dit kan begryp en dan sal ek die probleme waarmee die Satan gepoog het om die wêreld te verstrik, oplos.

Ten eerste is ***brood en wyn*** die tekens wat die onsienlike voedsel wat ons uit die vlees en bloed van Christus ontvang, vir ons verteenwoordig. Soos God ons trouens in die doop wederbaar, ons in die gemeenskap met sy kerk inplant en ons deur aanneming syne maak, so het ons gesê, verrig Hy die plig van 'n sorgsame Vader. Hy voorsien sonder ophou aan ons voedsel om ons aan die lewe te hou en ons daarin te bewaar omdat Hy ons deur sy Woord daartoe wederbaar het.

Christus is verder die enigste voedsel van ons siele. Daarom nooi die hemelse Vader ons uit om deur deelname aan Hom verkwik te word[6] en van tyd tot tyd nuwe krag uit Hom te put totdat ons die hemelse onsterflikheid bereik. Omdat hierdie geheimenis van Christus se verborge eenwording met die godvrugtiges egter van nature onbegryplik is,[7] gee Hy in sigbare tekens wat uiters gepas is vir die geringe maat van OS 343 ons begrip, aan ons 'n gestalte en 'n beeld daarvan; ja, deur aan ons pande en waarborge[8] te gee, maak Hy ons net so seker daarvan as wanneer ons dit met ons oë sien. Want hierdie vergelyking dring selfs tot die grofste verstande deur, naamlik dat ons siele deur Christus gevoed word soos brood en wyn die liggaamlike lewe onderhou.

Nou weet ons op watter doel hierdie verborge seën[9] van die nagmaal gerig is, naamlik om vir ons te bevestig dat die liggaam van die Here eenmaal so vir ons geoffer is dat ons dit nou kan eet, en dat ons deur dit te

eeue lank telkens weer oor die nagmaal gewoed het. Onder die kerkvaders is daar Basilius, Eusebius, Gregorius van Nazianze, Cyrillus, Johannes Damascenus, Cyprianus, Ambrosius, Augustinus, Berengarius en so meer. In die Roomse kerk het die nagmaalstryd in 1215 uitgeloop op die Vierde Lateraanse konsilie wat verklaar dat 'Jesus Christus self priester en offer is, wie se liggaam en bloed waarlik in die sakrament van die altaar inbeslote is nadat die brood in sy liggaam en die wyn in sy bloed deur Goddelike krag verander is'. Die Konsilie van Trente (1545 - 1563) het hierdie standpunt teen die Protestantse sakramentsleer gehandhaaf.

[5] Calvyn verwys hier waarskynlik na die nagmaalstryd tussen Luther en Zwingli. Teen die Roomse transubstansiasie het Luther konsubstansiasie gestel. Dit het in die Lutherse kerk finaal in die *Formula concordiae* van 1580 beslag gekry waar verklaar is dat die liggaam van Christus onder die brood, in die brood en met die brood aanwesig is en genuttig word; dat dit deur die sgnde. *unio sacramentalis* met die substansie van die brood verenig word en dat die ubikwiteit (alomteenwoordigheid) van Christus se liggaam dit moontlik maak. Volgens Zwingli het Christus se woorde: 'Dit is my liggaam' bloot 'Dit beteken my liggaam' bedoel. Die nagmaal is daarom vir hom niks meer as gedagtenismaal nie terwyl hy 'n werklike teenwoordigheid van Christus se vlees en bloed op verskeie plekke op aarde verwerp.

[6] Fr. 1560: *afin qu'estans repeus de sa substance* (Benoit 4:375). Cadier verklaar *substance* as 'n woord sonder filosofiese of tegniese inhoud as *de sa force vivante* - met sy lewende krag. Die Latynse woord wat Calvyn gebruik (*communicatio*) dui op die aktiewe deelname van die gelowiges aan die nagmaal.

[7] In afdeling 32 hieronder dui Calvyn in sober nederigheid sy eie onvermoë om iets van hierdie *geheimenis* te begryp aan. Hy aanvaar die waarheid daarvan egter ongekwalifiseerd omdat hy vas oortuig is dat Christus één word met die gelowiges en hy poog nie om die eenwording te ontrafel asof dit 'n blokkiesraaisel is nie.

[8] *Arrhis ac tesseris.* Vgl. *Inst.* 4.14.1.

[9] *Mystica benedictio.* Fr. 1560: *Sacrement.*

eet die krag van sy enige offer in ons kan waarneem; en dat sy bloed eenmaal so vir ons vergiet is, dat dit vir ons voortdurende drank is. Die woorde van die belofte wat daar bygevoeg is, lui: "Neem, dit is my liggaam wat vir julle gegee word".[10] Ons word dus beveel om sy liggaam wat eenmaal tot ons saligheid geoffer is, te neem en te eet sodat, wanneer ons sien dat ons deel daaraan kry, ons seker kan wees dat die lewendmakende krag van sy dood, kragdadig in ons sal werk. Daarom noem hy ook die drinkbeker *die verbond in sy bloed.* [11] Want so dikwels A 503
Hy hierdie heilige bloed aan ons te drinke gee, hernuwe Hy in 'n sekere sin die verbond wat Hy eenmaal deur sy bloed bekragtig het, of eerder, sit Hy dit voort in soverre dit bydra tot versterking van ons geloof.

2. *Die vrug en vertroosting van die nagmaal*

Godvrugtige siele kan inderdaad groot vrug van vertroue en heerlikheid uit hierdie sakrament put omdat hulle daarin getuienis het dat ons met Christus in een liggaam verenig is sodat ons alles wat aan Hom behoort, ook ons s'n kan noem. Hieruit volg dat ons daarvan oortuig kan wees dat die ewige lewe ook aan ons behoort omdat Christus die erfgenaam daarvan is; dat die koninkryk van die hemel wat Hy reeds betree het, net so min van ons weerhou kan word as van Hom; verder, dat ons nie vanweë ons sondes verdoem kan word nie omdat Hy ons van die skuld daarvan verlos het en dit sy wil was dat dit Hom toegereken moet word asof dit sy sondes was.

Dit is 'n wonderbare verwisseling[12] waarvolgens Hy na sy ontsaglike goedertierenheid met ons gehandel het: dat Hy met ons Seun van die mens geword het en ons met Hom kinders van God gemaak het; dat Hy deur na die aarde neer te daal vir ons die weg berei het om na die hemel op te vaar; dat Hy deur ons sterflikheid aan te neem, aan ons onsterflik- OS 344
heid verleen het; dat Hy deur ons swakheid op Hom te neem, ons met sy krag versterk het; dat Hy deur ons armoede op Hom te neem, sy rykdom op ons oorgedra het; dat Hy deur die las van ons ongeregtigheid waardeur ons neergedruk is, op Hom te neem, ons met sy geregtigheid beklee het.[13]

[10] Marg. *Matt. 26.c.26; Marc. 14.b.17; Luc. 22.b.19; 1. Cor. 11.e.24.*
[11] Kyk ook Mark. 14:22 - 25; Luk. 22:20 en 1 Kor. 11:25.
[12] Vgl. Luther, *Von der Freiheit eines Christenmenschen* (1520), *Tract. de libertate Christ.* (WA 7:25 - 26; 54 - 55); asook *Ein Sermon vom Sakrament des Leichnams Christi und von den Brüderschaften* (1519) (WA 2:748 - 749).
[13] Hierdie *wonderbare verandering* word ook op aangrypende wyse in die Gereformeerde nagmaalsformulier verwerk. Ons moet naamlik van harte glo 'dat Hy Hom laat bind het om ons te ontbind en daarna ontelbare smaadhede gely het, sodat ons nooit meer in skande sou geraak nie; dat Hy onskuldig tot die dood veroordeel is, sodat ons voor die gerig vrygespreek kan word; ja, dat

### 3. *Al hierdie seëninge word net so seker aan ons gegee asof ons Christus self in die nagmaal kan sien en aanraak*

In hierdie sakrament het ons van al hierdie seëninge so 'n vaste getuienis dat ons met sekerheid kan vasstel dat dit waarlik aan ons beskikbaar gestel word asof Christus self teenwoordig is en voor ons oë gestel word en asof ons Hom met ons hande aanraak.[14] Want hierdie woorde kan ons nie bedrieg of mislei nie: "Neem, eet en drink; dit is my liggaam wat vir julle oorgegee word; dit is my bloed wat tot vergiffenis van sondes vergiet word".[15] Wanneer Hy ons beveel om dit te neem, gee Hy te kenne dat dit aan ons behoort; wanneer Hy ons beveel om dit te eet, dui Hy aan dat dit een in wese met ons word; wanneer Hy oor sy liggaam OC 1004 verklaar dat dit vir ons oorgegee is, en oor sy bloed, dat dit vir ons vergiet is, leer Hy daarmee dat beide nie so seer aan Hom nie as aan ons behoort. Hy het immers beide nie tot sy voordeel nie, maar tot ons saligheid aangeneem en geoffer.

Ons moet weliswaar noukeurig daarop let dat feitlik die hele krag van hierdie sakrament geleë is in die woorde: "Wat vir julle oorgegee word" en "Wat vir julle vergiet word".[16] Andersins sou dit vir ons geen groot voordeel ingehou het dat die Here se liggaam en bloed nou uitgedeel word as dit nie eenmaal tot ons verlossing en saligheid gegee is nie.[17] Dit word derhalwe onder brood en wyn vir ons weergegee sodat ons kan leer nie alleen dat dit aan ons behoort nie, maar ook dat dit as voedsel vir die geestelike lewe vir ons bestem is.

Dit is waarteen ek my lesers tevore gewaarsku het, naamlik dat ons uit die liggaamlike dinge wat in die sakrament aan ons voorgesit word, deur 'n sekere ooreenkoms tot die geestelike dinge gelei word.[18] Wanneer die *brood* as teken[19] van die liggaam van Christus aan ons gegee word, OS 345 moet ons dadelik aan die ooreenkoms dink: Soos die brood die lewe van ons liggaam voed, onderhou en beskerm, so is die liggaam van Christus die enigste voedsel om ons siele te voed en lewendig te maak. Wanneer ons sien dat *wyn* as 'n teken van sy bloed aan ons voorgesit word, moet

Hy sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het om die skuldbrief van ons sonde daaraan vas te heg; dat Hy so ons vervloeking op Hom geneem het om ons met sy seën te vervul'.

[14] Hierdie gedagte stem byna woordeliks ooreen met Calvyn se uiteensetting van die nagmaal in sy *Instruction et confession de foy* (1537) (OC 22:69 - 70; OS 1:412 - 413).

[15] Kyk Matt. 26:26 - 28; 1 Kor. 11:24; Mark. 14:22 - 24; Luk. 22:19 -20.

[16] Vgl. Luther, *Der kleine Katechismus* (1529) (WA 30,1:316); *Sermon von der Beichte und dem Sakrament* (1524) (WA 15:494): *Also sibestu, wie man die wört des Sakraments fassen uns gewiss halten soll, denn da ligt die macht alle an.*

[17] Vgl. Luther, *Sermon von der Beichte* (1524) (WA 15:494): *in remissionem peccatorum... quia ubi peccatum non obest tibi, mors, infernus nocere non possunt* - tot vergiffenis van sondes omdat die sonde jou nie daar belemmer en die dood en die hel jou geen leed kan aandoen nie.

[18] Vgl. afdeling 1 hierbo asook *Inst.* 4.14.3.

[19] *In symbolum* - lett. as 'n simbool.

ons nadink oor die voordele wat wyn aan die liggaam verleen sodat ons daaruit kan aflei dat dieselfde voordele geestelik deur die bloed van Christus aan ons verleen word, naamlik om ons te koester, te verkwik, te versterk en blymoedig te stem.[20] Want as ons voldoende aandag skenk aan watter voordeel die oorlewering van hierdie heilige liggaam en watter voordeel die vergieting van sy bloed vir ons teweeggebring het, sal ons duidelik kan raaksien dat hierdie eienskappe van die brood en die wyn volgens hierdie vergelyking uiters goed ooreenstem met die liggaam en bloed van Christus wanneer dit aan ons uitgedeel word.

## 4. *Die belangrikste aspekte van hierdie sakrament*

Die belangrikste funksie van hierdie sakrament is dus nie om Christus se liggaam doodeenvoudig en sonder dieper betekenis aan ons te bring nie. Dit is eerder om daardie belofte waarvolgens Hy getuig dat sy vlees waarlik voedsel en sy bloed waarlik drank is,[21] waardeur ons tot die ewige lewe gevoed word,[22] te beseël en te bekragtig. Hy verklaar ook daardeur dat Hy die brood van die lewe is en dat iemand wat daarvan eet, tot in ewigheid sal leef.[23] Om dit te bereik stuur Hy ons na die kruis van Christus waar daardie belofte waarlik volbring en in alle opsigte vervul is. Want ons eet Christus eers na behore en tot ons saligheid wanneer ons Hom gekruisig eet en die krag van sy dood met 'n lewendige gevoel begryp.

Dat Hy Homself immers *die brood van die lewe* noem, is nie 'n benaming wat Hy uit die sakrament geput het, soos sommige mense dit verkeerdelik vertolk nie.[24] Hy noem Homself so omdat Hy as die brood van die lewe deur die Vader aan ons gegee is en Hy Homself as sodanig betoon het. Hy het immers ons menslike sterflikheid deelagtig geword om ons deelgenote in sy Goddelike onsterflikheid gemaak; Hy het Homself as offer gegee en ons vloek op Hom geneem om ons met sy seëninge te oorgiet; deur sy dood het Hy die dood vernietig en verslind;[25] in OC 1005
sy opstanding het Hy hierdie verderflike vlees van ons, waarmee Hy Hom beklee het, tot heerlikheid en onbedorwenheid opgewek.[26]

[20] Luther praat ook so oor die vrug van die nagmaal: *stercken, erquicken, frolich und lofs von allen ungluck machen* (WA 15:495 - 497). Vgl. ook Biel, *Sacrae canonis missae expositio, lectio* 85 AB.
[21] Vgl. Joh. 6:56.
[22] Kyk Joh. 6:55.
[23] Kyk Joh. 6:48, 50.
[24] Vgl. o.a. De Castro, *Adv. haer.* 6 (1543 - fo. 90H, 91D) en Cadier, *Institution* 4:351, n. 5.
[25] Kyk 1 Pet. 3:22; 1 Kor. 15:54.
[26] Vgl. 1 Kor. 15:53 - 54.

## 5. *Hoe ons Christus as die brood van die lewe moet ontvang* OS 346

Nou bly daar oor dat ons dit moet toepas sodat dit alles ook op ons betrekking kan hê. Dit gebeur enersyds deur die evangelie, en andersyds duideliker deur die heilige nagmaal waar Hy Hom met al sy seëninge ons aanbied en ons Hom deur die geloof ontvang. Die sakrament veroorsaak dus nie dat Christus dan eers begin om die brood van die lewe te wees nie maar wanneer die sakrament ons daaraan herinner dat Hy die brood van die lewe geword het wat ons gedurig moet eet, en dit ons ook die brood aanbied om te proe en te smaak veroorsaak dit dat ons die krag van daardie brood (van die lewe) kan ervaar. Want die sakrament beloof ons dat alles wat Christus gedoen of gely het, gedoen is tot ons lewendmaking. Verder beloof dit dat hierdie lewendmaking ewig is sodat ons sonder einde daardeur gevoed, onderhou en in die lewe bewaar kan word. Want soos Christus nie vir ons die brood van A 504
die lewe sou gewees het as Hy nie vir ons gebore is, gesterf het en as Hy nie vir ons opgestaan het nie. So sou Hy nou hoegenaamd nie die brood van die lewe gewees het as die krag en die vrug van sy geboorte, sy dood en sy opstanding nie 'n ewige en onsterflike saak was nie.

Christus het dit heeltemal pragtig met die volgende woorde uitgedruk: "Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee".[27] Met hierdie woorde het Hy ongetwyfeld te kenne gegee dat sy liggaam vir die geestelike lewe van ons siel brood sal wees omdat sy liggaam ter wille van ons saligheid aan die dood oorgelewer sou word; en dat sy liggaam aan ons gereik word om dit te eet wanneer Hy ons deur die geloof deelgenote daarvan maak. Hy het dus eenmaal sy liggaam gegee om brood te word toe Hy Homself oorgegee het om gekruisig te word om die wêreld te verlos. Hy gee sy liggaam elke dag aan ons om daaraan deel te hê in soverre dit gekruisig is wanneer Hy dit in die Woord van die evangelie vir ons aanbied; ook wanneer Hy hierdie gawe deur die heilige verborgenheid van die nagmaal beseël en wanneer Hy inwendig volbring wat Hy uitwendig aandui.

Voorts moet ons hier teen twee foute waak, naamlik dat dit nie moet lyk asof ons deur òf die tekens uitermatig klein te maak, dit losskeur van die geheimenis waaraan dit op 'n sekere wyse verbind is nie; òf deur dit uitermatig te vergroot,[28] die sakrament intussen self enigsins te verduis-

[27] Marg. *Iohan. 6.f.51.* Vgl. Joh. 6:52 en OC 47:151 - 153.

[28] Calvyn suggereer enersyds Zwingli se opvatting en andersyds Lutherse teoloë se uitgangspunt. In sy tweede verdedigingsbrief aan Westphal stel Calvyn dit onomwonde dat hy reeds 15 jaar voor die skrywe daarvan (in 1554) sy standpunt ten opsigte van beide Luther en Zwingli se opvattings openlik (*publice*) gestel het, naamlik dat in beide se sakramentsleer aspekte voorkom wat vir hom onaanvaarbaar is. Westphal het naamlik probeer om Calvyn se sakramentsleer as getuienis teen hom te misbruik. Vgl. OC 9:92 - 93.

ter nie. Niemand behalwe een wat heeltemal oneerbiedig is, sou ontken OS 347 dat Christus die brood van die lewe is waardeur gelowiges tot die ewige saligheid gevoed word nie.

Maar oor die wyse waarop ons deelgenote in Hom word, stem almal nie so goed ooreen nie. Party verklaar kort en klaar dat om Christus se vlees te eet en sy bloed te drink niks anders is as om in Christus te glo nie. Maar dit lyk vir my asof Christus dit ietwat uitdrukliker en meer verhewe wou leer in die voortreflike rede waarin Hy ons opdra om sy vlees te eet,[29] naamlik dat ons deur waaragtige deelname aan Hom lewendig gemaak word en dat Hy hierdie deelname ook met die woorde *eet* en *drink* beskryf het sodat niemand moes dink dat die lewe wat ons van Hom verkry, deur eenvoudige kennis verkry kan word nie. Want soos nie OC 1006 die blote sien van brood nie, maar die eet daarvan ons liggaam voed, so moet die siel waarlik en volkome in Christus deel om deur sy krag met die oog op die geestelike lewe gevoed te word.

Intussen erken ons dat hierdie eet nie anders is as die eet van die geloof nie[30] - soos geen ander eet versin kan word nie. Tussen my woorde en hulle s'n is daar inderdaad dié verskil dat *om te eet* vir hulle slegs beteken *om te glo*; ek sê egter dat ons Christus se vlees eet deur te glo[31] omdat Hy deur die geloof ons eie gemaak word en dat so 'n eet die vrug en gevolg van die geloof is. Of, as jy dit nog duideliker wil hê, vir hulle is hierdie eet die geloof maar ek meen dat dit eerder 'n gevolg van die geloof is. In die woorde is daar weliswaar 'n geringe verskil maar in werklikheid is dit 'n groot onderskeid. Hoewel die apostel trouens leer

[29] Vgl. Joh. 6:26 e.v.

[30] Vgl. Zwingli, *Ep. christ.* (S.W. 4:512); *Ad Matth. Alberum* (S.W. 3:339); *De vera et falsa religione comment.* (1525) (S.W. 3:818). Dit verwys na Zwingli se opvatting en toon dat Calvyn heelwat meer gemeenskaplik het met Zwingli wat ook gemeen het dat Christus met 'n *praesentia realis* by die nagmaal aanwesig was. Zwingli het reeds in 1523 blyke gegee dat hy nie meer die Mis as offer kan aanvaar nie. In art. 18 van sy *Auslegen und Begründen der Schlussreden* (Zwingli *Hauptschriften* 3:143 - 157; 167 - 202) stel hy sy standpunt - ook dat die nagmaal 'n gedagtenismaal is (p. 154 e.v.). Sy simboliese nagmaalsopvatting is versterk deur 'n brief van die Nederlandse Humanis, Cornelius Hoen, dat die *is* in *Dit is my liggaam* gelyk is aan *beteken*. Omdat hy *sacramentum* in die oorspronklike betekenis van *eed* opneem (vgl. a.w. 3:155; CRZ 89:120; 90; 123 - 125; 348) is sakramente vir hom ook tekens van verpligting. So word die nagmaal 'n geloofsakte en 'n getuienis voor die gemeente dat hy wat eet, glo: *Iam ergo sequitur, quod, qui ad hunc esum aut festivitatem conveniunt, mortem Domini commemoraturi, hoc est: annunciaturi, sese unius corporis esse membra, sese unum panem esse, ipso facto testentur... Qui ergo cum Christianis commeat ... experimentum dedit aliis, quod Christo fidat* - nou volg daaruit dat mense wat na hierdie ete of feestelike maal kom, dit doen om die dood van die Here te gedenk; dit beteken om te verkondig dat hulle lede van een liggaam is, en dat hulle een brood is. Wie dus met die Christene saameet, lewer daarmee vir ander getuienis dat hy in Christus glo (CRZ 90:807). Beide Calvyn en Zwingli (met Oecolampadius) het hulle teen die Katolieke konsubstansiasie en teen die Lutherse transsubstansiasie verset. Daarom kon Calvyn in 1544 met Zwingli se opvolgers 'n *Consensus* oor die sakramentsleer bereik. In sy eerste verdediging van hierdie leer (1545 - OC 9:5 e.v.) stel hy dit uitdruklik dat, 'as die uitmuntende en uitstekende diensknegte van Christus, Zwingli en Oecolampadius, vandag nog geleef het, sou hulle nie 'n enkele woordjie van hierdie ooreenkoms verander het nie' (OC 9:12). Vgl. ook OC 5:459. Vgl. ook *Inst.* 4.14.13.

[31] *Credendo manducari*. Vgl. ook Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 40.2 (*credendo biberunt*) (MPL 35:1686; CCSL 36:350).

dat Christus deur die geloof in ons harte woon,[32] sal niemand hierdie inwoning as geloof vertolk nie. Almal voel egter aan dat die uitnemende gevolg van die geloof verduidelik word, naamlik dat gelowiges deur die geloof dit verkry dat Christus in hulle bly. So was dit die wil van die Here om, deur Homself die *brood van die lewe* te noem,[33] nie slegs te leer dat die saligheid deur die geloof in sy dood en sy opstanding vir ons weggebêre is nie, maar ook dat dit deur die ware deelname aan Hom gebeur dat sy lewe na ons oorkom en ons eie word - soos in die geval van brood wat krag aan die liggaam voorsien wanneer dit as voedsel geneem word.

### 6. *Getuienis uit Augustinus en Chrysostomos se werke ter bevestiging van hierdie vertolking van 'eet'*

Augustinus wat hulle as segsman vir hulle byhaal, het nie in 'n ander sin nie geskryf dat ons deur te glo (die vlees van Christus) eet eerder as om te kenne te gee dat dit 'n eet van die geloof en nie van die mond is nie. Ek ontken dit ook nie maar ek voeg nogtans terselfdertyd by dat ons Christus deur die geloof omhels, nie asof Hy in die verte verskyn nie, maar terwyl Hy met ons een word sodat Hy ons Hoof is en ons waarlik sy OS 348
lede. Ek keur hierdie uitdrukkingswyse nogtans nie doodeenvoudig af nie maar ek sê slegs dat dit nie 'n volledige verklaring is as hulle wil beskryf wat dit beteken om Christus se vlees te eet nie. Andersins sien ek dat Augustinus hierdie uitdrukkingswyse baie dikwels gebruik, byvoorbeeld wanneer hy in die derde boek *Oor die Christelike leer* sê: "Die woorde: 'Tensy jy eet van die vlees van die Seun van die mens'[34] is 'n stylfiguur wat ons gebied om in die lyde van die Here te deel en blymoedig en tot ons voordeel in ons herinnering weg te bêre dat sy vlees ter wille van ons gekruisig en gewond is".[35] Net so wanneer hy sê dat die drieduisend mense wat deur die prediking van Petrus bekeer is,[36] die bloed van Christus wat hulle uit woede vergiet het, gedrink het deur te glo.[37] Maar op verskeie ander plekke prys hy die weldaad van die geloof voortreflik aan, naamlik dat ons siele deur die geloof in die deelname aan die vlees van Christus nie minder verkwik word as ons liggame deur die brood wat ons eet nie.[38]

[32] Vgl. Ef. 3:17.
[33] Vgl. Joh. 6:51.
[34] Vgl. Joh. 6:53.
[35] Augustinus, *De doctr. christ.* 3.16.24 (MPL 38:74 e.v.).
[36] Marg. *Act. 2.g.41.* Vgl. OC 48:56 - 57. Fr. 1560: *sur sainct Iean* (Benoit 4:380).
[37] Marg. *Homil. in Iohan. 31, & 40 et alibi.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 31.9; 40.2 (MPL 35:1640, 1686; CCSL 36:298, 350).
[38] Augustinus, *Sermo* 131.1; 57.7 (MPL 38:729: 389).

En dit is dieselfde as wat Chrysostomos elders skryf, naamlik dat Christus ons nie alleen deur die geloof nie, maar in werklikheid sy liggaam maak.[39] Hy verstaan daaronder trouens nie dat ons so 'n weldaad van elders as uit die geloof kan verkry nie, maar hy wil slegs voorkom dat OC 1007 iemand, wanneer hy die woord *geloof* hoor, hom 'n blote inbeelding daarvan sou voorstel.

Ek gaan nou inderdaad by diegene verby wat die opvatting huldig dat die nagmaal slegs 'n teken van ons uiterlike godsdienstige roeping is, omdat ek na my mening hulle dwaling voldoende weerlê het toe ek die sakramente in die algemeen behandel het.[40] My lesers moet slegs daarop let dat, wanneer die drinkbeker ***die verbond in sy bloed*** genoem word,[41] 'n belofte uitgedruk word wat bydra om die geloof te versterk. Daaruit volg dat ons die nagmaal nie reg gebruik nie tensy ons ons oë op God rig en omhels wat Hy ons aanbied.

### 7. *Om die gemeenskap met Christus geestelik te noem maar sy vlees en bloed nie te vermeld nie, is eweneens verkeerd*

Daarbenewens stel diegene my ook nie tevrede nie wat wel erken dat ons 'n sekere gemeenskap met Christus het, maar wanneer hulle dit wil aantoon, maak hulle ons slegs deelgenote van sy Gees sonder enige vermelding van sy vlees en bloed.[42] Net asof die woorde verniet gesê is, OS 349 naamlik dat sy vlees waarlik voedsel is en sy bloed waarlik drank;[43] dat A 505 niemand die lewe het nie behalwe as hy sy vlees eet en sy bloed drink,[44] en dergelike stellings met dieselfde strekking. As dit daarom vasstaan dat die vaste gemeenskap met Christus verder gaan as hulle beskrywing daarvan aangesien dit te beperk is, sal ek voortgaan om kortliks te verklaar hoe ver hierdie gemeenskap gaan en hoe ver dit strek voordat ek oor die teenoorgestelde fout van oormatigheid praat.

Ek sal trouens langer teen die buitensporige leraars betoog wat Christus ook van sy vlees stroop en Hom in 'n skim verander[45] wanneer hulle

39 Marg. *Homil. 60.* Hierdie preek van Chrysostomos kom nie in Migne se *Patrologia* voor nie, maar wel in die Baselse uitgawe van 1530 (4:581).

40 Vgl. *Inst.* 4.14.13 hierbo en Calvyn se kommentaar in sy *Harm. ev.* oor Matt. 26:26 - 30; Mark. 14:22 - 26; Luk. 22:17 - 20 (OC 45:703 - 712).

41 Marg. *Luc. 22.b.20.*

42 Volgens Barth en Niesel was dit Karlstadt se opvatting. Hulle meen egter dat dit onwaarskynlik is dat Calvyn dit uit hierdie bron geput het maar dat hy hier die gebruiklike beskuldigings van die Lutherane teenstaan. Hulle wys daarop dat Calvyn reeds na aanleiding van die handelinge van die sinode van Bern (1537) (OC 9:711) die *communicatio Spiritus sancti* bely het en dit ook in sy *Petit traicté de la saincte cène* (1541) (OC 5:438 e.v.) weergegee het.

43 Kyk Joh. 6:55.

44 Kyk Joh. 6:53.

45 Vgl. afdeling 17. Kyk verder afdelings 29 en 30 hieronder waar Calvyn sy standpunt dat die

vanweë hulle onverstandigheid 'n absurde manier van eet en drink verdig - as so 'n groot misterie altans in enige woorde saamgevat kan word. Ek sien tewens dat ek dit nie voldoende met my verstand kan begryp nie en ek erken dit met graagte om te voorkom dat iemand die verhewenheid daarvan aan die geringe maat van my kinderverstand sou meet.[46] Ja, ek spoor my lesers aan om hulle begripsvermoë nie tot daardie uiters eng grense in te perk nie maar om hulle in te span om baie hoër uit te styg as waartoe hulle onder my leiding in staat is. So ver dit my aangaan, lyk dit vir my asof ek nog te min gesê het oor die waarde van hierdie onderwerp wanneer dit onder bespreking kom en ek probeer het om alles daaroor te sê. Hoewel my verstand meer vermag wanneer ek daaroor nadink as my tong wanneer ek dit tot uitdrukking probeer bring, word my verstand nogtans deur die gewigtigheid van die onderwerp oorweldig en oorstelp. Gevolglik bly daar vir my uiteindelik niks anders oor as om in bewondering vir hierdie misterie uit te bars nie omdat my verstand nòg by magte is om dit te deurdink nòg my tong om dit te verduidelik. Ek sal nogtans so goed ek kan, 'n bondige samevatting van my opvatting gee en hoewel ek nie twyfel dat dit waar is nie, vertrou ek dat dit nie deur godvrugtige harte afgekeur sal word nie.

8. *Christus is die enigste en ware lewe; dit het Hy uit Homself en dit het Hy ook aan sy vlees oorgedra* [47]

Uit die Skrif word ons allereers geleer dat Christus van die begin af die lewegewende Woord van die Vader was,[48] die bron en oorsprong van die lewe van wie alles hulle lewe ontvang het.[49] Daarom noem Johannes Hom nou *die Woord van die lewe.*[50] Dan weer skryf hy dat die lewe in Hom was[51] en gee daarmee te kenne dat Hy toe ook in alle skepsels

natuurlike liggaam van Christus verheerlik sal word teenoor Luther se ubikwiteitsleer stel. In die Fr. uitgawe (1560 -Benoit 4:381) en ook in sy *Petit traicté* (OC 5:457) skets Calvyn hierdie leer as een wat van Christus se liggaam 'n spookbeeld maak.

[46] Calvyn verbind die tekens konsekwent met die woord en die belofte as sigbare aftekening daarvan. Hierdie geheimenis in die belofte gaan die mens se verstand te bowe maar is nie anti-rasioneel net ervaringsmatig toeganklik soos in die mistiek nie. Vgl. ook *Inst.* 4.14.6; 4.16.2. In sy antwoord aan Westphal skets Calvyn die feit dat Christus wat in die hemel is, ons hier op aarde met sy vlees voed, as 'n *mysterium* - 'n misterie wat alle menslike (nuuskierige) ondersoek te bowe gaan (OC 9:81). Vgl. ook art. 35, NGB: 'Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe...'

[47] In afdelings 8 - 10 sit Calvyn beginsels van die nagmaal uiteen wat in die 1536-uitgawe in 'n enkele paragraaf saamgevat was. Hierin het hy verduidelik hoe Christus se liggaam in die nagmaal aan ons getoon word - 'nie die wese van sy liggaam of die ware en natuurlike liggaam van Christus nie, maar al die seëninge wat Christus in sy liggaam vir ons voorsien het' (OS 1:142). Vgl. ook Pannier, *Institution* 4.21, n. a, p. 304 e.v.

[48] Marg. *Iohan. 1.a.1.* Vgl. OC 47:1 -4.

[49] Vgl. Joh. 1:3.

[50] Vgl. 1 Joh. 1.1.

[51] Vgl. Joh. 1:4.

ingevloei het en die vermoë om asem te haal en te lewe in almal ingestort het. Dieselfde Johannes voeg nogtans later by dat die lewe eers OC 1008 geopenbaar is toe Hy ons vlees aangeneem het en die Seun van God Hom geopenbaar het om deur ons oë gesien en deur ons hande aangeraak te word.[52] Hoewel Hy sy krag trouens ook tevore in skepsels uitgestort het, en omdat die mens deur sy sonde van God vervreem en deelname aan die lewe ontneem is, en hy gesien het dat die dood van alle kante hom bedreig, moes hy weer in die gemeenskap van hierdie Woord opgeneem word om sy hoop op onsterflikheid terug te ontvang. OS 350 Want hoe weinig vertroue sou jy daaruit kon put as jy hoor dat God se Woord waarvan jy inderdaad uiters ver verwyder is, die volheid van die lewe in hom bevat, maar in jouself en rondom jou niks anders as die dood voor jou opdoem en jou in die oog kom nie? Wanneer die Bron van die lewe egter in ons vlees begin woon, is Hy nou nie meer ver van ons af verborge en verskuil nie, maar Hy openbaar Homself openlik sodat ons aan Hom deel kan hê. Ja, Hy het juis die vlees waarin Hy woon, vir ons lewendmakende vlees laat word sodat ons tot die onsterflikheid gevoed kan word deur deelname aan Hom.

Hy sê: "Ek is die brood van die lewe wat van die hemel af neergedaal het. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek sal gee vir die lewe van die wêreld".[53] Met hierdie woorde leer Hy ons, nie alleen dat Hy die lewe is in soverre Hy die ewige Woord van God is wat uit die hemel na ons neergedaal het nie, maar dat Hy deur na ons neer te daal daardie krag in die vlees waarmee Hy Hom beklee het, uitgestort het sodat die deelname aan die lewe ook daaruit na ons toe sou oorvloei.

Hieruit volg nou ook die volgende: dat sy vlees waarlik voedsel is en sy bloed waarlik drank[54] - voedsel waardeur gelowiges tot die ewige lewe gelei word. Hierin is derhalwe uitnemende vertroosting vir godvrugtige mense, naamlik dat hulle die lewe nou in hulle eie vlees aantref. So dring hulle nie alleen met 'n maklike toegang tot hierdie lewe deur nie maar hulle vind ook dat hierdie lewe hom vanself vir hulle bied en hulle tegemoetkom. Laat hulle slegs die dieptes van hulle hart oopmaak om dit naby hulle te omhels en hulle sal dit verkry.

### 9. *Voorbeelde ter bevestiging van hierdie opvatting*

Hoewel Christus se vlees op sigself nie so 'n groot krag het dat dit ons lewendig kan maak nie omdat sy vlees in sy eerste toestand ook aan die

[52] Vgl. 1 Joh. 1:1, 2.
[53] Marg. *Iohan. 6.c.48, & f.58.* Vgl. Joh. 6:51 en OC 47:151 - 153; 157.
[54] Vgl. Joh. 6:55, 56.

sterflikheid onderworpe was, en nou dat dit onsterflikheid verkry het, nie op sigself lewe nie, word dit nogtans met reg *lewendmakend* genoem omdat dit met die volheid van die lewe oortrek is om hierdie lewe na ons oor te dra.

In hierdie sin vertolk ek saam met Cyrillus die woorde van Christus: "Soos die Vader die lewe in Homself het, so het Hy dit ook aan die Seun gegee om die lewe in Homself te hê".[55] Hy praat daar trouens eintlik van sy eie gawes, nie daardie gawes wat Hy van die begin af by die Vader besit het nie, maar die gawes waarmee Hy versier was juis in die vlees waarin Hy verskyn het. So toon Hy dat die volheid van die lewe ook in sy mensheid ingewoon het sodat elkeen wat in sy vlees en bloed gedeel het, tegelyk deelname aan die lewe kon geniet.[56] Ek kan met 'n bekende voorbeeld verduidelik hoedanig dit is. Soos daar immers nou water uit 'n fontein gedrink, en dan weer water daaruit geskep of met kanale langs gelei word om landerye nat te lei, stel die fontein tog nie op sigself water vir soveel gebruike beskikbaar nie, maar dit kom juis uit die bron wat met sy voortdurende vloei deurgaans 'n nuwe oorvloed water daaraan voorsien en beskikbaar stel; so is die vlees van Christus soos 'n ryk en OS 351
onuitputlike fontein wat die lewe wat uit sy Goddelikheid uitborrel, na ons toe oorgiet.[57] OC 1009

Wie kan nou nog nie sien dat gemeenskap in die vlees en bloed van Christus noodsaaklik is vir almal wat na die hemelse lewe streef nie? Hierop sien die uitsprake van die apostel dat die kerk die liggaam is van Christus en sy vervulling, maar dat Hy self die Hoof daarvan is[58] uit wie die hele liggaam saamgevoeg en saamverbonde groei vir die liggaam teweegbring;[59] dat ons liggame lede van Christus is.[60] Ons besef dat dit alles nie anders tot stand gebring kan word as wanneer Christus in Gees en liggaam aan ons verbind is nie. Maar hy het hierdie uiters noue gemeenskap waardeur ons aan sy vlees verbind word, met 'n A 506
nog voortrefliker loflied toegelig toe hy gesê het dat ons lede van sy liggaam is, uit sy bene en uit sy vlees.[61] Om ten slotte te getuig dat hierdie saak belangriker is as alle woorde, sluit hy sy betoog met 'n

[55] Marg. *Ioban. 5.e.29* (*recte*: Joh. 5:26). Vgl. OC 47:119 - 120.

[56] Cyrillus van Alexandrië, *In Joan. ev.* 2.8 (MPG 73:381 e.v.).

[57] Nadat Calvyn in sy kommentaar oor Joh. 6:51 gewys het op God se wonderbare raadsplan om ons te voed met vlees waarin daar eens net die dood was, sê hy: 'Maar die beswaar kan daarteen geopper word dat Christus se vlees nie die lewe kan gee nie omdat sy vlees enersyds aan die dood blootgestel was en andersyds nou op sigself nie onsterflik is nie. Verder ook dat dit glad nie by die aard van vlees pas dat dit siele lewend kan maak nie. Ek antwoord dat, hoewel hierdie krag uit 'n ander bron as die vlees kom, niks nogtans verhinder dat hierdie eienskap (*titulus*) paslik daarby hoort nie. Want soos die ewige Woord van God die Bron van die lewe is, so giet sy vlees soos 'n kanaal die lewe wat, soos hulle sê, intrinsiek in die Godheid gevestig is, in ons oor (OC 47:152).

[58] Marg. *Ephes. 1.e.22, & 4.c.15.* Kyk ook die daaropvolgende verse. Vgl. OC 51:159; 202 - 203.

[59] Kyk. Ef. 4:16.

[60] Marg. *1. Cor. 6.d.15.* Vgl. OC 49:397 - 398.

[61] Marg. *Ephe. 5.g.30.* Vgl. OC 51:225.

uitroep af en sê: "Dit is 'n groot verborgenheid!"[62] Dit sou derhalwe 'n kenmerk van uiterste waansinnigheid wees om nie die gemeenskap van die gelowiges in die vlees en die bloed van die Here te erken nie terwyl die apostel verklaar dat dit so groot is dat hy verkies om dit met verwondering te oordink eerder as om dit te verduidelik.

### 10. *Ons siele word net so seker deur Christus se vlees en bloed gevoed as ons liggame deur brood en wyn*

Samevattend kom dit hierop neer: dat ons siele deur Christus se vlees en bloed gevoed word soos brood en wyn ons liggaamlike lewe beskerm en onderhou. Die vergelyking met die teken sou trouens nie geklop het tensy ons siele hulle voedsel in Christus gevind het nie. Dit kan egter nie gebeur tensy Christus waarlik met ons een word en Hy ons deur die eet van sy vlees en die drink van sy bloed verkwik nie.[63] Hoewel dit egter ongelooflik lyk dat Christus se vlees oor so 'n groot afstand na ons kan deurdring, moet ons daaraan gedagtig wees hoeveel die verborge krag van die Heilige Gees bo al ons sintuie uitstaan en hoe dwaas dit is om sy onmeetlikheid aan ons maat te wil meet. Die geloof moet derhalwe begryp wat ons verstand nie begryp nie, naamlik dat die Gees waarlik dinge verenig wat ver van mekaar verwyder is.[64]

Nou betuig en beseël Hy ook die heilige gemeenskap van sy vlees en sy bloed waardeur Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet asof dit in murg en been indring. Dit doen Hy weliswaar nie deur 'n sinlose leë teken aan ons voor te hou nie, maar Hy bewys daar die krag van sy Gees waardeur Hy volbring wat Hy beloof. En Hy bied en hou daarin die betekende saak aan almal voor wat by daardie geestelike eetmaal OS 352
aansit.[65] Dit word egter slegs deur die gelowiges met vrug aangeneem wanneer hulle so 'n groot milddadigheid met ware geloof en dankbaarheid van hulle gemoed aanneem. Daarom het die apostel gesê: "Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus; die drinkbeker wat ons met woord en gebede hiertoe heilig, is die

[62] *Arcanum.* Vgl. Ef. 5:32.

[63] Vgl. Benoit 4:384, n. 1: *La conception calviniste de la Cène est indubitablement réaliste. La substance du corps et du sang nous est véritablement donneé. Ce réalisme est le corollaire chez Calvin de cette affirmation première: La Parole et été faite chair. Or cette Parole du Père est vivifiante, fontaine et origine de vie; elle contient en elle toute plénitude de vie. La chair du Christ en qui s'est incarnée cette Parole éternelle de Dieu contient donc elle aussi en elle cette plénitude de vie. Toutefois cette chair et ce sang de Jésus Christ, auxquels il faut communier pour avoir part au salut, demeurent tout spirituels; aucune image spatiale ne convient ici: 'Il doit nous suffire que Iesus Christ inspire vie à nos âmes de la substance de sa chair, mesme que sa chair distille sa vie en nous, combien qu'elle n'y entre pas'.*

[64] Vgl. afdeling 7 hierbo asook afdeling 11 hieronder.

[65] Die Latynse woord beteken *aanlê* - *accumbunt.*

gemeenskap met sy bloed".[66]

Daar is ook geen rede waarom iemand hier die beswaar sou kon opper dat dit 'n figuurlike spreekwyse is waarvolgens die naam van die betekende saak aan die teken verleen word nie.[67] Ek erken in elk geval dat die breek van die brood 'n teken is en nie die saak self nie. Maar wanneer ons dit geponeer het, sal ons met reg uit die aanbieding van die teken die afleiding maak dat die saak self aangebied word. Niemand sou immers waag om te sê dat 'n ydel teken deur God aan ons voorgesit word behalwe as hy God bedrieglik wil noem nie. As die Here dus deur die breek van die brood waarlik die deelname aan sy liggaam weergee, OC 1010 behoort daar allermins twyfel daaroor te bestaan dat Hy dit waarlik vir ons lewer en aanbied nie.[68] En godvrugtige mense moet beslis hierdie reël onthou om, so dikwels hulle die tekens sien wat deur die Here ingestel is, daaroor na te dink en by hulleself oortuig te wees dat die waarheid van die betekende saak daar aanwesig is. Met watter doel sou die Here trouens die teken van sy liggaam in jou hand plaas, as dit nie was om jou daarvan te verseker dat jy waarlik in Hom deel het nie? As dit waar is dat 'n sienlike teken aan ons gegee word om die gee van 'n onsienlike saak te beseël, moet ons met vaste vertroue aanvaar dat, wanneer ons die teken van sy liggaam ontvang, sy liggaam net so aan ons gegee word.

### 11. *Samevatting: die nagmaal bestaan uit 'n liggaamlike teken en uit die geestelike waarheid*

Ek sê dus soos dit altyd in die kerk aanvaar is en alle regsinniges dit vandag nog leer, dat die heilige misterie van die nagmaal uit twee aspekte bestaan, naamlik uit *liggaamlike tekens* wat, wanneer dit ons voor oë gestel word, sienlike dinge vir ons weergee vanweë die swakheid van ons begrip; en uit 'n *geestelike waarheid* wat juis deur tekens uitgebeeld en getoon word.[69] Wanneer ek vertroulik wil aantoon wat die aard

[66] Marg. *1 Cor. 10.d.16*. Vgl. OC 49:463 - 465.

[67] Calvyn gebruik hierna die woord *symbolum* wat met *teken* vertaal is. Vgl. afdeling 11 hierbo.

[68] Vgl. die Heidelbergse Kateg. sondag 28, antw. 75, waar die brood en beker as 'ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed' beskryf word.

[69] Kyk Augustinus, *Sermo* 272 (MPL 38:1247); *Ep.* 98.9 (MPL 33:363 - 364); *De doctr. christ.* 3.16.24 (MPL 34:74 - 75); *Quaest. in Heptateuch.* 3.84 (MPL 34:712 - 713); *In Psal.* 98.9 (MPL 37:1265); *Contra Adimantum* 12.3 (MPL 62:144); asook Cornelius Hoen se brief aan Zwingli (CRZ 4:513) en afdeling 5, n. 30 hierbo; asook ; Bucer, *Metaphrases et enarrationes in ep. ad Romanos* (1536) p. 152: *regna, quibus aeterna vita tum significando exhibetur, tum exhibendo significatur*: koninkryke waardeur die ewige lewe sowel deur uitbeelding getoon word, as deur aantoning uigebeeld word. Vgl. ook Herminjard, *Correspondance* 6:130 - 137 wat daarop wys dat hierdie afdeling gedeeltes van Calvyn se oorspronklike Romeine-kommentaar bevat wat op advies van Melanchthon uit die finale uitgawe weggelaat is. Vgl. OS 5:352, n. k.

daarvan is, poneer ek gewoonlik drie aspekte, naamlik die *betekenis*, die *stof* waarvan dit afhang en die *krag* of *resultaat* wat uit beide hiervan volg. Die *betekenis* is geleë in die beloftes wat op 'n sekere wyse met die teken verbind is. Ek noem Christus met sy dood en sy opstanding die *stof* of *substansie*. Onder die *gevolg* daarvan verstaan ek die verlossing, geregtigheid, heiligmaking, die ewige lewe en al die ander weldade wat Christus vir ons meebring.

Hoewel al hierdie dinge verder op die geloof sien, laat ek nogtans geen geleentheid vir die drogredenasie as sou ek bedoel dat Christus slegs deur die verstand en verbeelding ontvang word wanneer ek sê dat Hy deur die geloof ontvang word nie.[70] Die beloftes bied Hom trouens vir ons aan - egter nie so dat ons aan die aanskouing alleen en die blote kennis sou bly hang nie, maar dat ons ware gemeenskap met Hom kan geniet. En ek sien in elk geval nie hoe iemand kan vertrou dat hy in die kruis van Christus verlossing en geregtigheid en in sy dood die lewe het nie tensy hy besonderlik op die gemeenskap met Christus steun. Al hierdie seëninge sou ons immers nie kon bereik as Christus Homself nie vooraf ons eie maak nie. Ek sê dus dat Christus waarlik in die sakrament van die nagmaal deur die tekens van brood en wyn aan ons gegee word, en daarom ook sy liggaam en sy bloed waarin Hy alle gehoorsaamheid om vir ons geregtigheid te verkry, vervul het. Sy doel was naamlik ten eerste dat ons met Hom tot een liggaam moet saamgroei; ten tweede dat ons deelgenote in sy substansie moet word, en ook sy krag in die gemeenskap van al sy seëninge moet ervaar.

## 12. *Roomse dwalings in verband met die nagmaal* OS 355

Nou kom ek by die oordrewe mengsels wat bygelowigheid ingevoer het. Die Satan het hier trouens met verbasende listigheid gespeel om die gedagtes van mense van die hemel af weg te trek en met verwronge dwaling te deurtrek asof Christus aan die element van brood vasgeheg was.[71] En ten eerste moet ons ons nie verbeel dat daar so 'n teenwoordigheid van Christus in die sakrament is as wat die kunstenaars van die

[70] Vgl. Zwingli se brief aan Luther (1527) CRZ 5:588 e.v.

[71] Die *mengsels* waarop Calvyn hier sinspeel, is die Roomse transsubstansiasieleer en die Lutherse konsubstansiasieleer. Albei opvattings wil die werklike teenwoordigheid van Christus by die nagmaal uitdruk. Die Roomse *transsubstansiasieleer* wil tot uitdrukking bring dat die selfstandigheid (*substantia*) van brood en wyn na die wydingswoorde werklik verander in die selfstandigheid van die vlees en bloed van Christus, terwyl hulle eienskappe (*accidentia*) na die wyding onveranderd bly. Onder die sintuiglik waarneembare gestalte (*species*) is Christus egter waarlik, werklik en substansieel (*vere, realiter ac substantialiter*) aanwesig. Hierdie sakramentele teenwoordigheid word onderskei van Christus se natuurlike bestaanswyse aan die regterhand van die Vader (EW 9:641; ML 15:801; CE 6:405 - 406; Enc. Brit. (*micropaedia*) 10:96 - 97; Denzinger nr. 874; 877; 884 - p. 304; 306; 309).

Roomse hof versin asof die liggaam van Christus met plaaslike teenwoordigheid daar staan om deur ons hande aangeraak, deur ons tande gekou en deur ons mond ingesluk te word nie. Want pous Niklaas het A 507
hierdie formulier vir 'n liedjie aan Berengarius[72] voorgesê as getuienis OC 1011
van sy berou. Natuurlik is dit woorde wat so verskriklik is dat die skrywer van die kantaantekeninge hierby uitroep dat, as lesers nie versigtig daarteen waak nie, hulle gevaar loop om hulle 'n erger kettery op die hals te haal as wat Berengarius se kettery was.[73] Hoewel Petrus Lombardus hom inderdaad afsloof om vir hierdie dwaasheid verskoning te maak, neig hy nogtans eerder tot 'n opvatting wat daarvan verskil.[74] Want ons het geen twyfel daaroor dat Christus se liggaam volgens die ewige aard van die menslike liggaam begrens is en deur die hemel ingesluit word waarin dit opgeneem is totdat Hy weer sal kom om te oordeel nie. So ag ons dit beslis as 'n sonde om sy liggaam weer onder hierdie verganklike elemente in te trek, of ons te verbeel dat dit oral teenwoordig is.

Dit is in elk geval nie nodig om gemeenskap met Hom te geniet nie want die Here skenk ons hierdie weldaad deur sy Gees sodat ons na liggaam, gees en siel een met Hom kan word. Die Gees van Christus is dus die band van hierdie verbintenis waardeur ons aan mekaar verbind word - en

Volgens die Lutherse ***konsubstansiasieleer*** verander die brood en wyn nie maar dit bly brood en wyn - maar so dat in, met en onder brood en wyn die verheerlikte liggaam van Christus aangebied en geniet word. Dit doen egter nie reg aan Luther nie omdat hy die term self nie gebruik het nie en hy sy nagmaalsopvatting ook nie filosofies op Aristoteles se substansiebegrip gegrond het nie, maar teologies op sy leer oor Christus (CE 2:290; ML 10:38; Enc. Brit. 3:107).

72 Berengarius (*c. 1000, +1088) was 'n briljante teoloog en sedert 1040 hoof van die skool te Tours. Hy was die hooffiguur in die tweede nagmaalstryd van die Middeleeue. As navolger van Augustinus het sy antirealistiese nagmaalsopvatting teen die heersende opvatting ingedruis en verset uigelok. Sy nagmaalsopvatting was kortliks: (1) deur die konsekrasie word brood en wyn die liggaam en die bloed van Christus; so word die elemente tot 'n sakrament; (2) die konsekrasie bewerk egter geen wesensverandering nie want as die eienskappe van brood en wyn na die konsekrasie nog dieselfde bly, moet hulle substansie ook dieselfde bly; (3) om die liggaam en die bloed van Christus te wees, word iets nuuts - onsienlik maar tog werklik - aan die elemente toegevoeg, naamlik die volle, hemelse Christus; (4) dit beteken egter nie dat Hy liggaamlik uit die hemel neergehaal en versnipper word nie maar dat die reddende krag van sy dood en sy geestelike teenwoordigheid aan die elemente toegevoeg word (CE 1:560; Harnack 3:380 - 388).

73 Berengarius se leer is reeds op 'n sinode in 1050 veroordeel en hy is in die ban gedoen. Sy vernedering word nog dieper wanneer hy in 1059 tydens 'n sinode in Rome onder leiding van pous Niklaas II gedwing word om die formule wat aan hom voorgelê is, te onderteken. Hierdie formule was die krasste formulering van Christus se teenwoordigheid in die nagmaal en is opgestel deur kardinaal Humbert, die man wat die Griekse kerk in 1054 vervloek het. Die kern van hierdie formulering lui: ***panem et vinum quae in altari ponuntur, post consecrationem non solum sacramentum, sed etiam verum corpus et sanguinem Domini nostri Jesu Christi esse, et sensualiter non solum in sacramento sed in veritate, manibus sacerdotum tractari et frangi et fidelium dentibus atteri...*** die brood en wyn wat op die altaar geplaas word, is na die wyding nie alleen 'n sakrament nie, maar die ware liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus, en dit word nie alleen sintuiglik in die sakrament nie, maar ook in waarheid deur die hande van die priesters hanteer en gebreek en deur die tande van die gelowiges gekou (Mansi 19:900; MPL 150:411; Harnack 3:381, n. 2). Die teks kom ook voor in die *Decr. Grat.* 3.2.42 (MPL 187:1750; Friedberg 1:1328 - 1329).

74 Lombardus, *Sent.* 4.12.4, 5 (MPL 192:865).

wel soos 'n kanaal waardeur alles wat Christus is en het, na ons gelei word.[75] Want as ons bemerk dat die son sy strale op die aarde laat skyn om die vrugte daarvan voort te bring, te koester en te laat groei en tog op 'n sekere wyse die wese daarvan op die aarde oordra, waarom sou die bestraling van die Gees van Christus te minderwaardig wees om die gemeenskap met sy vlees en bloed aan ons oor te dra?

Wanneer die Skrif oor ons deelname aan Christus praat, skryf dit daarom die hele krag daarvan aan die Gees toe. Uit baie verwysings sal slegs een aanhaling hiervoor voldoende wees. In die agste hoofstuk van sy brief aan die Romeine sê Paulus trouens dat Christus nie op 'n ander wyse in ons woon as deur sy Gees nie.[76] Daarmee neem hy nogtans nie die gemeenskap met die vlees en die bloed van Christus waarvan ons nou praat weg nie, maar hy leer dat dit deur die enige Gees bewerk word dat ons Christus ten volle in besitneem en dat ons Hom het terwyl Hy in ons woon.[77]

### 13. *Die transsubstansiasieleer van die Skolastici*

Die Skolastici wat geskrik het vir so 'n barbaarse goddeloosheid, was meer beskroomd.[78] Hulle doen egter nogtans niks anders as om met fyner bedrog die spot daarmee te dryf nie. Hulle gee wel toe dat Christus nie begrens of op 'n liggaamlike wyse daarin vervat is nie,[79] maar hulle versin daarna 'n wyse wat hulle self nie begryp en wat hulle ook nie vir ander kan verduidelik nie. Dit kom nogtans daarop neer dat Christus *in die gestalte van die brood* - soos hulle dit noem -, gesoek moet word. Wat beteken dit? Wanneer hulle beweer dat die substansie van die brood in Christus verander, heg hulle Christus miskien aan die wit kleur wat hulle alleen daar agterlaat?

"Maar", sê hulle, "Hy word so in die sakrament ingesluit dat Hy nogtans in die hemel bly; en ons stel slegs die teenwoordigheid van sy uiterlike gestalte hier".[80] Maar watter woorde hulle ook al voorwend om ons te mislei, is die doelstelling van alles nog dat dit wat vooraf brood was,

[75] Marg. *Chryso. Sermone quodam de Spiritu sancto.* Hierdie preek kom nie in Migne voor nie maar wel in Erasmus se Baselse uitgawe van Chrysostomos se werke van 1530 5:379.

[76] Vgl. Rom. 8:9.

[77] Kyk Bucer, *Metaphrases in ep. ad Rom.* (1530) fo. 338: *Sic Christum suo spiritu salvificio, iam intra nos habitare*: so woon Christus met sy verlossende gees reeds in ons.

[78] Die *barbaarse goddeloosheid* verwys na Berengarius se standpunt (*Decr. Grat.* 3.2.42 - MPL 187:1750; Friedberg 1:1328 e.v.).

[79] Vgl. Alexander Alesius, *Summa Theol.* 4.40.3.7; Bonaventura, *In sent.* 4.10.1.4 (*Utrum corpus Christi sit dimensive sive circumscriptive sub illis speciebus*); Ockam, *Quodlibet* 4:36; Biel, *In sent.* 4.10.1.E; Thomas, *Summa Theol.* 3.76.5.1 (Marietti 4:510 e.v.).

[80] Vgl. die Konsilie van Florence (1439), *Bulla "Exultate Deo"* (Mansi 31:1057; Denzinger, *Ench.* nr. 698).

deur hulle ***konsekrasie*** Christus word sodat Christus daarna onder die kleur van die brood verskuil is. En hulle skaam hulle nie om dit uitdruklik te stel nie. Lombardus se woorde is trouens dat die liggaam van Christus wat op sigself sienlik is, nadat die konsekrasie daarvan OC 1012
plaasgevind het, in die gedaante van die brood skuil en daarin weggesteek word.[81] Die gestalte van die brood is dus niks anders as 'n masker wat ons oë die aanskouing van sy vlees ontneem nie. OS 357
Ons het trouens nie baie vertolkings nodig om te bevind dat hulle bedoel om met daardie woorde strikke te stel nie omdat die werklikheid self duidelik spreek. Dit is immers maklik om te sien in watter groot bygeloof nie slegs die gewone mense nie, maar ook hulle owerstes reeds etlike eeue lank gehou is, en vandag nog in die kerke van die pousgesindes gehou word. Hulle bekommer hulle immers weinig oor die ware geloof waardeur ons alleen die gemeenskap met Christus bereik en ons met Hom verenig; so lank hulle maar sy vleeslike teenwoordigheid het wat hulle sonder die Woord verdig, reken hulle dat Hy teenwoordig genoeg by hulle is. Ons sien dus kortom dat hulle met hierdie behendige skerpsinnigheid so ver gevorder het dat die brood as God beskou word.

### 14. *Die transsubstansiasieleer berus nie op Skriftuurlike gronde nie*

Hieruit het daardie versonne transsubstansiasie gestam waarvoor hulle vandag met groter bitterheid as vir al die ander aspekte van hulle geloof veg.[82] Want die eerste argitekte van die plaaslike teenwoordigheid kon nie verduidelik hoe die liggaam van Christus met die substansie van die brood gemeng word sonder om hulle dadelik teen baie onsinnighede vas te loop nie. Hulle moes derhalwe noodwendig hulle toevlug tot hierdie verdigsel neem dat daar 'n verandering van die brood in sy liggaam plaasvind - nie dat daar eintlik 'n liggaam uit die brood ontstaan nie, maar dat Christus die wese van die brood tot niet maak om Hom in

[81] Marg. ***Lib. 4 Dist. 12.*** Lombardus, ***Sent.*** 4.10.2 (MPL 192:860): ***nec visibiliter in forma humana, sed invisibiliter sub forma panis et vini corpus et sanguinem nobis traderet***: Hy het sy liggaan en bloed nie sienlik in die gestalte van 'n mens nie, maar onsienlik onder die gestalte van brood en wyn aan ons gegee.

[82] Die woord ***transsubstansiasie*** het vermoedelik in die 12de eeu in gebruik gekom. Die eerste duidelike formulering van die transsubstansiasieleer kom voor in die eerste hoofstuk van die vierde Lateraanse Konsilie (1215): ***cujus corpus et sanguis in sacramento altaris sub speciebus panis et vini veraciter continentur; transsubstantiatis, pane in corpus, et vino in sanguinem, potestate Divina*** - wie se liggaam en bloed waaragtig in die sakrament van die altaar onder die gestaltes van brood en wyn ingesluit is; dit is van transsubstansiasie, deur Goddelike mag brood in sy liggaam en wyn in sy bloed...(Mansi 22:982; Bettenson, ***Documents*** 148). Vgl. ook Denzinger, ***Ench.*** nr. 430; ***Decr. Greg.*** 9.1.1.1.3 (Friedberg 2:5); Thomas, ***Summa Theol.*** 3.75.4 (Marietti 4:499); De Castro, ***Adv. omnes haer.*** 6 fo. 107F e.v.; Eck, ***Ench.*** 29 fo. K5 b.

die gestalte daarvan te versteek.[83] Dit is egter verbasend dat hulle tot so 'n vlak van onverstandigheid, ja, van waansinnigheid verval het dat hulle hierdie gedrog voortgebring het ten spyte daarvan dat nie alleen die Skrif daarteen stry nie maar dat die kerk van ouds ook anders daaroor gevoel het.[84] OS 358
Ek erken wel dat sommige van die skrywers van ouds soms die woord *verandering* gebruik het - nie omdat hulle bedoel het om die substansie in die uiterlike tekens weg te neem nie,[85] maar om te leer dat die brood wat aan die sakrament gewy is, baie van gewone brood verskil en nou 'n ander brood is.[86] Hulle verkondig almal oral duidelik dat die heilige nagmaal uit twee dele bestaan, naamlik 'n aardse en 'n hemelse; en sonder om daaroor te twis, vertolk hulle die aardse deel daarvan as brood en wyn. Wat hulle ook al babbel, is dit duidelik dat hulle sonder die steun van die ou skrywers is wat hulle dikwels waag om teen die onmiskenbare Woord van God te stel om hulle leerstelling te bekragtig. Die leerstelling is trouens nie so lank gelede nie uitgedink, en dit was weliswaar in daardie beter tye onbekend toe die leer van die godsdiens nog van krag tot krag gegaan het, maar ook toe die suiwerheid daarvan reeds tot 'n mate besoedel was.[87] Daar is nie een van die skrywers van ouds wat nie uitdruklik erken dat die heilige tekens van die nagmaal brood en wyn is nie, hoewel hulle dit soos gesê is, soms met uiteenlopende beskrywings aandui om die aansien van die sakrament te bevorder. Die feit dat hulle sê dat daar in die konsekrasie 'n verborge verandering plaasvind sodat dit nou iets anders as brood en wyn is, doen hulle, soos ons so pas geleer het, nie om daarmee te kenne te gee dat dit A 508
tot niet gemaak word nie, maar dat dit nou anders geag moet word as ge- OC 1013

[83] Dit word duidelik gestel deur Ockham, *De sacramento altaris* 5: *Quod substantia panis non maneret post consecrationem* - dat die substansie van brood nie na die wyding bly nie. Vgl. ook sy *Sent.* 4.6; Biel, *Collectorium* 4.11.1; Thomas, *Summa Theol.* 3.75.2 - 5; 3.77.1 (Marietti 4:497 - 501; 514 e.v.). Die transsubstansiasieleer rus op die Aristoteliese filosofie waarvolgens elke fisiese voorwerp bestaan uit sintuiglik waarneembare eienskappe (*accidentia*) en onderliggende "substansie" wat die eienskappe dra en aan die voorwerp sy eie aard gee. Volgens hierdie leer behou brood en wyn hulle eienskappe na konsekrasie maar hulle substansie verander in dié van die liggaam en die bloed van Christus.

[84] Vgl. Tertullianus, *Adv. Marcion.* 3.19; 4:40 (MPL 2:376; 491; CCSL 1:533; CSEL 47:408; 559); Origenes, *Com. in Num.* 16.9 (MPG 12:701); *Com. in Matth.* 11.14 (MPG 13:950 - 951; Cyprianus, *Ep.* 63, 2.4.13.14.17 (CSEL 3,2:702; 704; 712; 713; 714); Ambrosius, *In Psal* 38.25 (MPL 14:1102); Augustinus, *De doctr. christ.* 3.16.24 (MPL 34:74 e.v.); *Contra Adimant.* 12.3 (MPL 42:144; 25,1:140); *Ep.* 98 (*Ad Bonif.*) 9 (MPL 33:363 e.v.). Vir verdere voorbeelde hiervan vgl. OS 5:358, n. 1; Smits, 2:53.

[85] Vgl. Thomas, *Summa Theol.* 3.75.3 (Marietti 4:498); Bonaventura, *Comment. sent.* 4.11.1.1.3: *Transsubstantiatio non est annihilatio, sed in meliorem substantiam commutatio* - transsubstansiasie is nie 'n vernietiging nie, maar 'n verandering in 'n beter substansie.

[86] Vgl. o.a. Cyrillus van Jerusalem, *Catech.* 22.2; 23.7 (MPG 33:1098; 1114 - 1115); Gregorius Nasianze, *Oratio catech.* 37 (MPG 45:94); Chrysostomos, *De prodit. Iudae* 1.6 (MPG 49:580); Ambrosius, *De fide* 4.10.24 (MPL 16:641); Joh. Damascenus, *De fide orthod.* 4.13 (MPG 94:1144 e.v.).

[87] Vgl. die *beter tye* in die tyd van Gregorius die Grote in *Inst.* 4.4.13.

wone voedsel wat slegs bedoel is om die maag te voed. Daarin word OS 359 immers geestelike voedsel en drank van die siel aan ons voorgesit. Ons ontken dit ook nie.

Hulle sê: "As daar wel 'n verandering is, moet iets noodwendig uit iets anders gemaak word". As hulle daaronder verstaan dat iets ontstaan wat tevore nie bestaan het nie, stem ek met hulle saam. As hulle dit egter op hulle eie verbeeldingsvlug wil betrek, moet hulle my antwoord watter verandering na hulle mening in die doop plaasvind. Want die kerkvaders stel ook hier 'n wonderlike verandering vas wanneer hulle sê dat 'n geestelike bad van die siel uit 'n verderflike element ontstaan; niemand ontken nogtans dat die water water bly nie. "Maar", sê hulle, "in die doop kom nie iets voor soos in die nagmaal nie, naamlik: 'Dit is my liggaam' ". Asof dit daar handel om die woorde wat 'n betekenis het wat duidelik genoeg is, en nie eerder oor die woord *verandering* wat niks meer in die nagmaal behoort te beteken as in die doop nie! Laat hulle dus vaar met hulle strikke met lettergrepe[88] waarmee hulle niks anders as hulle eie gebrek aan kennis toon nie.

Die betekenis (van die sakrament) sou inderdaad nie rym anders as wanneer die waarheid wat daarin afgebeeld word, in die uiterlike teken lewendig uitgebeeld is nie. Christus wou met die uiterlike teken getuig dat sy vlees voedsel is. As Hy slegs 'n niksseggende beeld van die brood sou voorhou en nie ware brood nie, waar is dan die ooreenkoms of vergelyking, wat ons van die sienlike saak na die onsienlike moet lei? Want om alles met mekaar te laat ooreenstem, sou die betekenis daarvan nie verder strek as dat ons ook deur 'n skyn van Christus se vlees gevoed word nie. Net so: as 'n blote skyn van die water in die doop ons oë sou mislei, sou die doop nie vir ons 'n seker borg van ons afwassing gewees het nie; inteendeel, deur die misleidende aanskouing daarvan sou dit ons die geleentheid gee om te wankel. Die aard van die sakrament word dus tot niet gemaak as die aardse teken nie in die wyse van betekenis met die hemelse saak ooreenstem nie. En so gaan die waarheid van hierdie sakrament vir ons verlore tensy werklike brood die ware liggaam van Christus vir ons weergee.

Ek herhaal weer eens:[89] aangesien die nagmaal niks anders is as 'n sigbare betuiging van daardie belofte wat in Johannes 6 voorkom nie, naamlik dat Christus die brood van die lewe is wat uit die hemel neergedaal het;[90] dat sigbare brood in die nagmaal moet wees om die geestelike brood uit te beeld - behalwe as ons verkies om al die vrug te OS 360 verloor wat God in hierdie opsig aan ons verleen het om ons swakheid te

[88] Vgl. Cicero, *De oratore* 1.4 (LCL 170).
[89] Vgl. afdeling 4 hierbo.
[90] Vgl. Joh. 6:51.

onderskraag. Om watter rede sou Paulus nou kon aflei dat ons almal een brood en een liggaam is wanneer ons almal een brood deel,[91] as daar slegs maar 'n skim van brood en nie eerder natuurlike en werklike brood in die nagmaal bly nie?

15.[92] *Die oorsaak van die ontwikkeling van die transsubstansiasieleer moet gesoek word in die wyding of konsekrasie*

Hulle sou inderdaad nooit so skandelik deur die Satan se listige streke mislei gewees het as dit nie was dat hulle reeds deur 'n ander dwaling betower was nie, naamlik dat die liggaam van Christus in die brood ingesluit is en met die liggaamlike mond na die maag oorgedra word. Die oorsaak van so 'n dierlike verbeeldingsvlug was dat konsekrasie by hulle net soveel as 'n towerbeswering gegeld het. Die beginsel het hulle ontgaan dat die brood 'n sakrament is slegs vir die mense tot wie die Woord (van die belofte) gerig is. Net soos die water van die doop nie vanself verander nie, maar sodra 'n belofte daaraan verbind is, vir ons begin om te wees wat dit nie tevore was nie. OC 1014

Dit sal na aanleiding van 'n voorbeeld van 'n soortgelyke sakrament beter aan die lig kom. Toe die water in die woestyn uit 'n rots gevloei het,[93] was dit vir die aartsvaders 'n waarborg en teken van dieselfde saak wat die wyn in die nagmaal vir ons uitbeeld. Paulus leer trouens dat hulle dieselfde geestelike drank as ons gedrink het.[94] En tog het hulle trekdiere en kleinvee ook van dieselfde water gedrink. Daaruit kan maklik afgelei word dat, wanneer aardse elemente vir 'n geestelike gebruik aangewend word, daar geen ander verandering in kom as net ten opsigte van mense in soverre hulle vir hulle seëls van die beloftes is nie. Aangesien God se raadsplan hierbenewens is om, soos ek reeds dikwels ingeprent het, ons met gepaste middels na Hom op te hef, word dit goddeloos deur hulle hardnekkigheid verydel wat ons wel na Christus roep maar dan na 'n Christus wat onsigbaar in die brood verskuil is.[95] Want, (soos hulle meen), is dit nie moontlik dat 'n mens se verstand hom van die onmeetlike afstand van die streke kan losmaak en tot Christus bo die hemel kan deurdring nie. Toe die natuur hulle dit egter misken het, het hulle probeer om dit met 'n skadeliker middel reg te stel, naamlik om op die aarde te bly en sonder die hemelse nabyheid van Christus klaar te kom. Kyk, dit is wat hulle gedwing en daartoe gedryf

91 Marg. *1. Cor. 10.d.17.* Vgl. OC 49:465.
92 Verkeerdelik in A aangedui as afdeling 53.
93 Marg. *Exod. 17.b.6.*
94 Marg. *1. Cor. 10.a.4.*
95 Vgl. afdeling 13 hierbo en afdeling 16 hieronder

het om die liggaam van Christus te verander!

Hoewel ’n harder uitdrukkingswyse inderdaad in Bernardus se tyd aan die orde van die dag was, was die transsubstansiasie nogtans toe nog nie bekend nie. En in al die voorgaande eeue het almal oor die algemeen gesê dat die geestelike saak in hierdie sakrament met brood en wyn OS 361 verbind is.[96] Oor die woorde *brood* en *wyn* antwoord hulle skerpsinnig, soos dit vir hulle lyk, maar hulle voer niks aan wat met die onderhawige saak ooreenstem nie. Hulle sê: “Moses se staf is in ’n slang verander; en hoewel dit die naam *slang* kry, behou dit nogtans die eertydse naam en word ’n staf genoem“.[97] Volgens hulle is dit so ewe aanneemlik dat, hoewel die brood in ’n nuwe stof (substansie) oorgaan, dit oneintlik[98] maar nie onvanpas nie, genoem word wat dit vir die oë lyk.

Watter ooreenkoms of vergelyking vind hulle naastenby tussen daardie voortreflike wonderwerk en die gedrog wat hulle uitgedink het en waarvan geen oog op aarde kan getuig nie? Die towenaars het die mense met listige streke mislei om die Egiptenare te oortuig dat hulle goddelike krag het om skepsels bonatuurlik te verander. Moses kom na vore; hy vee hulle bedrog plat en toon dat die onoorwinlike krag van God aan sy kant is omdat sy een staf al die ander stawwe verslind.[99] Omdat dit egter ’n sigbare verandering was, dra dit niks tot die onderhawige saak by nie, soos ons gesê het; en die staf het ’n kein rukkie later weer na sy oorspronklike sigbare vorm teruggekeer.[100] Hierbenewens weet ons nie of daar ’n tydelike verandering van die substansie was nie. Ons moet ook daarop let dat daar gesinspeel word op die stawwe A 509 van die towenaars wat die profeet nie slange wou noem nie om te voorkom dat dit sou lyk asof hy ’n verandering in hulle stawwe suggereer terwyl daar geen verandering daarin was nie. Hierdie bedrieërs het immers niks anders as sand in die oë van die toeskouers gestrooi nie.[101] Maar watter ooreenkoms het hierdie spreekwyses nou eintlik met ‘Die brood wat ons breek’, ‘So dikwels as wat julle hierdie brood eet’;[102] ‘Hulle het gedeel in die breek van die brood’;[103] en dergelike stellings? Dit is seker dat slegs hulle oë deur die beswering van die towenaars bedrieg is. So ver dit Moses aangaan, is die onderwerp dubbelsinniger. Dit was vir God ewe maklik om deur sy hand van ’n staf ’n slang te maak, OS 362 en weer ’n staf van ’n slang, as wat dit vir Hom is om die engele met liggame van vleis te beklee en dit ’n bietjie later weer van hulle weg te OC 1015

96 Vgl. n. 83 hierbo.
97 Marg. *Exod. 4.a.3, & 7.b.10.* Vgl. OC 24:50 - 52; 89 - 90.
98 καταχρεστικῶς.
99 Marg. *Ibidem. 12..* Eks. 7:12. Vgl. ook OC 24:91 - 92.
100 Vgl. Eks. 7:15.
101 Vgl. Augustinus se vertolking van dergelike tekste in sy *De Trinitate* 3.10. 20 (MPL 42:880).
102 Marg. *1. Cor. 10.b.16 & 11.f.26.*
103 Marg. *Act. 2.g.42* (Hand. 2:42).

neem. As die rede vir hierdie sakrament daaraan verwant was, sou hulle oplossing nog 'n mate van aanvaarbaarheid gehad het.

Dit moet dus vas bly staan dat dit nie waarlik en paslik aan ons beloof word dat Christus se liggaam in die nagmaal voedsel is nie tensy die ware substansie met die uiterlike teken ooreenstem. En, soos een dwaling nou maar uit 'n ander een ontstaan, is 'n aanhaling uit Jeremia so onverstandig verdraai om die transsubstansiasie te bewys dat dit my spyt om dit hier weer te gee. Die profeet kla dat daar hout in sy brood is;[104] daarmee gee hy te kenne dat die wreedheid van die vyand sy brood bitter gemaak het. So kla Dawid met 'n soortgelyke stylfiguur daaroor dat sy voedsel deur gal en sy drank deur asyn bederf is.[105] Hulle wil hê dat Christus se liggaam allegories aan die kruishout vasgenael moes wees. "Maar sommige van die skrywers van ouds het dit so verstaan!" Net asof hulle onverstandigheid hulle nie vergewe en hulle skande begrawe moes word nie eerder as dat die skaamteloosheid nog bykom dat hulle gedwing word om strydig met die egte bedoeling van die profeet te bots!

## *'n Weerlegging van die ubikwiteitsleer en 'n uiteensetting van die ware gemeenskap met Christus* (Afdelings 16 - 31)

### 16. *Die ontstaan en ontwikkeling van die ubikwiteitsleer*

Party mense wat sien dat die ooreenkoms tussen die teken en die betekende saak nie losgeskeur kan word sonder dat die ware inhoud van die sakrament in duie stort nie, erken dat die brood van die nagmaal waarlik 'n aardse substansie en verderflike element is en dat dit op sigself geen verandering duld nie, maar dat dit die liggaam van Christus daaronder ingesluit het.[106] As hulle hulle bedoeling soos volg verklaar het: dat wanneer die brood in die sakrament bedien word, die bediening van die liggaam van Christus daaraan verbind is omdat die ware inhoud nie van die teken losgemaak kan word nie,[107] sou ek my nie heftig

104 Marg. *Iere. 11.d.19.* Vgl. OC 38:122 - 124. Vg.: *mittamus lignum in panem eius*; in sy kommentaar het Calvyn: *corrumpamus ligno panem eius* en die Münsterbybel: *perdamus ligno panem eius.* OAV: Laat ons die boom met sy vrugte verwoes; NAV: Laat ons die boom met die sap in hom vernietig. Boom kan in Hebreeus ook hout beteken en verder staan daar letterlik: in (met) sy brood (= vrugte).

105 Marg. *Psal. 69.c.22.* Vgl. OC 31:646.

106 Ter inleiding weerlê Calvyn die konsubstansiasieleer. Vgl. n. 71 hierbo. Luther se standpunt kom duidelik na vore in sy realistiese uitleg van die woorde 'Dit is my liggaam' in sy stryd teen Zwingli, terwyl hy ook in sy *Bekenntnis* (1528) onomwonde verklaar *ich... bekenne das Sacrament des Altars, das daselbst warhaftig der leib und blut ym brot und wein werde mündlich geessen und getranken* (WA 26:506). Calvyn se weerlegging is nie so seer gemik daarop om Luther aan te val nie, maar wel om die standpunte van sekere Lutherane soos Westphal te weerlê.

107 Vgl. afdeling 10 hierbo.

daarteen verset nie. Omdat hulle egter sy liggaam binne in die brood plaas, en hulle daaraan 'n alomteenwoordigheid van sy liggaam versin wat strydig is met die natuur deur by te voeg dat Hy onder die brood verskuil is, moet ek noodwendig sulke listige streke effens uit hulle skuilhoeke na vore haal. Ek is egter nog nie van plan om hierdie onderwerp heeltemal af te handel nie, maar is slegs van plan om die fondamente vir my bespreking wat weldra op die regte plek sal volg, te lê.[108] Hulle meen dus dat Christus se liggaam onsienlik en onmeetlik is sodat dit onder die brood verborge kan wees. Hulle meen trouens dat hulle slegs met Hom gemeenskap kan beoefen indien Hy in die brood neerdaal. Hulle begryp egter nie die manier waarop Hy neerdaal om ons na Hom na bo op te voer nie. Hulle hou allerhande dekmantels voor wat hulle kan, maar wanneer hulle alles gesê het, is dit duidelik genoeg dat hulle op 'n *plaaslike teenwoordigheid* van Christus aandring. Waaruit ontstaan dit? Daaruit naamlik dat hulle geen ander deelname aan sy vlees en bloed laat bedink nie as een wat geleë is in òf 'n verbintenis en aanraking (met OS 363
die vlees van Christus) van 'n bepaalde plek òf die een of ander growwe insluiting (in die brood).

17. *Die dwaling in die ubikwiteitsleer berus op die vermenging van Christus se nature*

En om hierdie dwaling te verdedig wat hulle nou ten ene male aangeneem het, aarsel sommige van hulle nie om te roem dat Christus se vlees altyd sulke afmetings gehad het as wat die verte en die wydte van die hemel en die aarde strek nie. Hulle beweer dat die feit dat Hy as 'n kind uit 'n moederskoot gebore is, dat Hy opgegroei het, dat Hy aan die kruis uitgestrek is en dat Hy begrawe is, plaasgevind het deur die een of ander beskikking om aan die eienskappe van geboorte, sterwe en ander OC 1016
menslike pligte te voldoen. Dat Hy in die hemel opgeneem is, en na sy hemelvaart deur Stefanus en Paulus gesien is, het (volgens hulle) gebeur kragtens dieselfde beskikking sodat dit deur hierdie aanskouing van mense duidelik sou wees dat Hy as Koning in die hemel gestel is.[109] Wat beteken dit anders as om Marcion weer uit die hel op te wek?[110] Nie-

[108] Vgl. afdelings 20 - 34 en veral afdeling 29 oor die ubukwiteitsleer hieronder. Kyk ook n. 120 hieronder.

[109] Marg. *Act. 1.a.3, & b.9, & 7.g.55, & 9.a.3.* Vgl. ook 1 Kor. 15:5; Luk. 24:51; Mark. 16:19 en OC 48:4 - 5; 11 - 12; 166 - 167; 199 - 200. Kyk verder Ockham, *Centiloquium* 25, 28.

[110] Tertullianus het Marcion verwyt dat hy Christus se liggaam tot 'n blote skim maak: *et ideo Christus eius...: caro nec caro, homo nec homo. Proinde deus, opinor, nec deus. Cur enim non etiam dei phantasma portaverit - Adv. Marcionem* 3.8 (MPL 2:359 e.v.; CCSL 1:518; CSEL 47:388); *De carne Christi* 5 (MPL 2:805 e.v.).

mand sou immers daaroor twyfel dat Christus 'n skimagtige of spookagtige liggaam gehad het as dit in hierdie toestand was nie.

Party van hulle probeer met iets wat bietjie skerpsinniger is, wegkom. Hulle beweer dat hierdie liggaam wat in die sakrament gegee word, 'n verheerlikte en onsterflike liggaam is, en dat dit dus nie ongerymd is as dit op baie plekke sonder ruimte of vorm in die sakrament ingesluit word nie.[111] Maar nou is my vraag: hoedanig was die liggaam wat Christus die dag voor sy lyde aan sy dissipels gebied het? Lui die woorde dan nie dat Hy die sterflike liggaam wat Hy kort daarna moes oorlewer, aan hulle gegee het nie? Hulle antwoord: "Hy het reeds tevore sy heerlikheid op die berg aan die drie dissipels getoon en hulle dit laat sien."[112] Dit is wel waar maar dit was sy wil om vir 'n uur met hierdie OS 364 helder gesig hulle 'n geleentheid te gee om aan die onsterflikheid te proe. Hulle sal intussen egter nie twee liggame daar vind nie, maar slegs die een wat Christus gehad het nadat dit met nuwe heerlikheid beklee is. Toe Hy trouens sy liggaam in die eerste nagmaal uitgedeel het, het die uur reeds aangebreek waarop Hy deur God geslaan en verneder sou word en soos 'n melaatse sonder eer sou wees.[113] Dit was dus ver weg daarvan dat Hy toe die heerlikheid van sy opstanding wou openbaar. Hoe groot is die venster nie wat hier vir Marcion oopgemaak word as die liggaam van Christus op een plek sterflik en verneder gesien word, maar op 'n ander plek onsterflik en verheerlik beskou word nie? As hulle opvatting egter geldig is, gebeur dit nogtans elke dag omdat hulle gedwing word om te erken dat die liggaam van Christus wat op sigself sienlik is, onsienlik in die brood van die sakrament verskuil is.[114] En diegene wat sulke gedrogte uitbraak, skaam hulle so weinig vir hulle skande dat hulle ons met verskriklike laster aanval omdat ons hulle dwaling nie onderskryf nie.

### 18. *Onder die brood word ons met Christus se liggaam, en onder die wyn met sy bloed gevoed om Hom ten volle te geniet*

Kom nou: as hulle die liggaam en die bloed van die Here aan die brood en die wyn heg, word die een noodwendig van die ander losgeskeur. Soos die brood trouens afsonderlik van die beker bedien word, so sal sy liggaam wat in die brood verenig is, van sy bloed wat in die beker ingesluit is, afgesonder wees. Aangesien hulle immers verklaar dat sy

[111] Vgl. Gabriel Biel, *Comment. Sent.* 4.11.1D.
[112] Marg. *Matth. 17.a.2.* Vgl. OC 45:485 e.v.
[113] Marg. *Iesa. 53.a.4.* Vgl. OC 37:257.
[114] Vgl. afdeling 29 hieronder.

liggaam in die brood en sy bloed in die beker is, en die brood en die wyn A 510 ruimtelik van mekaar geskei is, kan hulle nie met 'n ommekeer wegkom daarvan dat sy liggaam van sy bloed geskei is nie.

Die voorwendsel wat hulle gewoonlik voorhou, naamlik dat die bloed deur vergeselling (soos hulle dit noem) in die liggaam aanwesig is, en dat die liggaam op sy beurt in die bloed is,[115] is darem erg onsinnig aangesien die tekens waardeur hulle ingesluit word, so van mekaar onderskei is. As ons verder met ons oë en ons verstand na die hemel opgevoer word om Christus daar in die heerlikheid van sy koninkryk te soek, en soos die tekens ons nooi om Hom volledig te soek, sal ons so onder die teken van die brood deur sy liggaam gevoed word, en afsonderlik onder die teken van die wyn sy bloed drink sodat ons Hom OC 1017 eindelik volledig kan geniet. Want hoewel Hy sy vlees van ons af weggeneem het, en Hy met sy liggaam in die hemel opgevaar het, sit Hy nogtans aan die regterhand van die Vader; dit beteken dat Hy in die mag en die majesteit en die heerlikheid van die Vader regeer. Hierdie koninkryk is deur geen ruimte ingeperk, en deur geen afmetings omskryf nie sodat Christus sy krag oral waar Hy wil, in die hemel en op die aarde kan bewys; dat Hy sy teenwoordigheid deur sy mag en krag kan toon; dat Hy die wat aan Hom behoort, altyd kan bystaan, sy lewe in hulle kan inblaas, in hulle kan leef, hulle kan onderhou, versterk, voed OS 365 en veilig kan bewaar asof Hy met sy liggaam teenwoordig was; dat Hy hulle kortom met sy eie liggaam kan voed en die deelname in sy liggaam deur die krag van sy Gees in hulle kan oorstort. Volgens hierdie redenasie word die liggaam en die bloed van Christus in die sakrament aan ons bedien.

## 19. *Die aard van Christus se teenwoordigheid in die nagmaal*

Ons moet trouens so 'n teenwoordigheid van Christus in die nagmaal stel wat nie aan die element van brood vasgeheg is nie, en Hom ook nie in die brood insluit nie, òf Hom met enige maat omskryf nie omdat dit duidelik is dat dit alles aan sy hemelse heerlikheid afbreuk doen.

Ten tweede moet dit 'n teenwoordigheid wees wat Hom nie sy grootte ontneem, òf Hom tegelyk op baie plekke verskeur, òf 'n oneindige grootheid daaraan toedig wat oor die hemel en die aarde strek nie. Dit is trouens duidelik dat dit alles met die waarheid van sy menslike natuur bots.

Ek herhaal: hierdie twee uitsonderings moet ons ons nooit laat ontneem

[115] Vgl. Thomas, *Summa Theol.* 3.76.1, 2 (Marietti 4:505 - 507).

nie, naamlik (ten eerste) dat Christus se hemelse heerlikheid nie tekort gedoen mag word nie. Dit gebeur wel wanneer Hy herlei word tot die bederflike elemente van hierdie wêreld of wanneer Hy aan enige aardse skepsels geheg word. Ten tweede, dat vir sy liggaam nie iets versin moet word wat glad nie met sy menslike natuur ooreenstem nie. Dit gebeur wanneer gesê word dat dit eindeloos is of tegelyk op baie plekke gestel word. Wanneer die voorgaande ongerymdhede uit die weg geruim is, aanvaar ek met graagte alles wat kan bydra om die ware en wesenlike deelname aan die liggaam en die bloed van die Here uit te druk en eerlik in die heilige tekens van die nagmaal bedien word. En ek aanvaar dit so dat begryp kan word dat ons dit nie slegs in ons verbeelding of met die intellek van ons verstand aanneem nie, maar dat ons hulle waarlik as voedsel vir die ewige lewe geniet.[116] OS 366

Daar is geen ander rede waarom hierdie mening so deur die wêreld gehaat en die verdediging daarvan deur sulke onbillike oordele van baie mense verskeur word anders as dat die Satan hulle verstand met 'n verskriklike betowering verdwaas het nie. Ons leer stem beslis in alle opsigte die beste met die Skrif ooreen. Dit sluit niks ongerymds of onduidelik of dubbelsinnig in nie en hoef nie terug te deins vir ware godsvrug en vaste opbou nie. Kortom: dit bevat op sigself niks wat iemand aanstoot hoef te gee nie behalwe dat so 'n duidelike lig en klaarblyklike waarheid etlike eeue lank onverdiend onderdruk is terwyl die onkunde en onverstandigheid van die Sofiste in die kerk geheers het. Omdat die Satan egter vandag ook probeer om hierdie lig en waarheid met allerlei valse klagtes en beledigings deur oproerige geeste te laat beswadder, en hy hom nie met groter inspanning op enigiets anders toelê nie, moet ons hierdie leer met groter juistheid verdedig en handhaaf.

### 20. *'n Uiteensetting van die instellingswoorde van Christus by die nagmaal* OC 1018

Voordat ons verder gaan, moet ons eers die instelling van Christus behandel - veral omdat ons teenstanders dit as hulle aanneemlikste beswaar beskou dat ons van Christus se woorde afwyk. Om ons dus te verlig van die valse nyd waarmee hulle ons beswaar, sal ons heel gepas OS 367 met 'n vertolking van die instellingswoorde begin. Drie evangelieskrywers, en ook Paulus, vertel dat Christus die brood geneem het, en nadat

[116] Hierdie paragraaf vat Calvyn se besware teen die transsubstansiasie en ubikwiteitslere saam. Albei hierdie opvattings doen die hemelse heerlikheid en die waaragtige (verheerlikte) menslike natuur van Christus te kort. Vgl. ook die Heidelbergse Kategismus, Sondag 18, besonderlik vrae 47 en 48.

Hy gedank het, het Hy dit gebreek, aan sy dissipels gegee en gesê: "Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle oorgegee word". Van die beker skryf Matteus en Markus soos volg: "Hierdie beker is die bloed van die Nuwe Testament wat vir baie tot vergiffenis van hulle sondes vergiet word".[117] Paulus en Lukas sê inderdaad: "Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed".[118]

Die voorstanders van die transsubstansiasieleer huldig die opvatting dat die gestalte van die brood deur die voornaamwoord *dit* aangedui word omdat die konsekrasie deur die hele samevatting van hierdie woorde voltooi word en daar geen substansie is wat aangedui kan word nie.[119] Maar as hulle so 'n heilige agting vir woorde het,[120] omdat Christus getuig het dat dit wat Hy sy dissipels aangebied het, sy liggaam is, is hulle versinsel, naamlik dat dit wat eers brood was, nou sy liggaam is, voorwaar uiters vreemd aan die inhoud (van Christus se woorde). Dit wat Christus in sy hande neem en vir sy apostels aanbied, verklaar Hy is sy liggaam. Hy het inderdaad brood geneem - wie is daar dan wat nie kan verstaan dat brood hier aangedui word en dat niks onsinniger is as om iets wat oor die brood gesê word, oor te dra op die gestalte daarvan nie? Party van hulle neem hulle toevlug tot 'n verklaring wat nog meer gedwonge en gewelddadig verdraai is wanneer hulle die woord *is* vertolk as *transsubstansieer*.[121] Hulle het dus geen rede om voor te gee dat hulle uit agting vir hierdie woorde (tot so 'n vertolking) beïnvloed word nie. Dit is trouens by alle volke en tale ongehoord dat die woord *is* in die betekenis van *verandering in iets anders* misbruik word.

Sover dit diegene aangaan wat die brood in die nagmaal laat bly, maar OS 368
nogtans verklaar dat dit Christus se liggaam is, het hulle onderling groot verskille.[122] Die wat met groter selfbeheersing praat hoewel hulle presies op die letter aandring van *Dit is my liggaam*, wyk later tog van hulle onbuigsaamheid af en sê dat hierdie woord net soveel krag het asof Christus se liggaam *met* die brood, *in* die brood en *onder* die brood is.[123] Ons het die werklike inhoud van hulle verklaring reeds aange- A 511

[117] Marg. *Matt. 26.c.26, Marc. 14.c.22.* Vgl. ook Matt. 26:28; Mark. 14:24.

[118] Marg. *Luc. 22.b.17.19. 1. Cor. 11.e.24.* Vgl. ook 1 Kor. 11:25; Luk. 22:20.

[119] Vgl. Thomas, *Summa Theol.* 3.78.5 (Marietti 4:530 - 532).

[120] *Verborum religio.* Zwingli het dieselfde kritiek teen die Lutherane gehad omdat 'hulle krampagtig aan vyf armsalige woorde vasgehou het'. In sy *Vom Abendmahl Christi* (1528) verwys Luther na hierdie kritiek en hy noem die Zwingliane 'ystervreters', dit is grootpraters (WA 26:448 - 449).

[121] Vgl. Bonaventura, *De sent.* 4.8.2.1.1 (OOB 4:191); Thomas, *Summa Theol.* 3.75.2 (Marietti 4:497 - 498).

[122] Calvyn verwys na die verskille in die nagmaalsleer van die Lutherane soos dit in die godsdiensgesprek by Marburg in 1529 na vore gekom het. Die botsende vertolkings van die woorde 'Dit is my liggaam' het hier die breuk tussen Lutherane en Zwingliane teweeggebring.

[123] W. Pirkheimer het reeds in 1526 in sy *De vera Christi carne* hierdie formule gebruik. Vgl. ook Luther, *Vom Abendmahl Christi, Bekenntnis* (1528) (WA 26:447).

roer[124] en sal weldra meer daaroor moet sê.[125] Nou redeneer ek slegs oor die woorde waarvolgens hulle beweer dat hulle verbind word om nie toe te laat dat die brood (Christus se) liggaam genoem kan word nie omdat dit 'n teken van sy liggaam is.[126] As hulle egter elke oneintlike uitdrukkingswyse vermy, waarom spring hulle van die eenvoudige betekenis van Christus se woorde na hulle uitdrukkingswyses oor wat ver van syne verskil? Daar is trouens 'n groot verskil tussen *die brood is my liggaam* en *my liggaam is met die brood*. Omdat hulle egter bemerk het dat hierdie stelling dat *die brood sy liggaam* is, nie eenvoudig kon staan nie, het hulle met sulke spreekwyses soos met slinkse streke probeer wegkom.

Party van hulle is nog waaghalsiger en aarsel nie om te verklaar dat die brood in eintlike sin gesproke sy liggaam is nie. En so bewys hulle dat hulle waarlik letterlike vertolkers daarvan is.[127] As die beswaar hierteen OS 369 geopper word dat die brood dan Christus en God is, sal hulle dit weliswaar ontken omdat dit nie deur Christus se woorde uitgedruk word OC 1019 nie.[128] Maar hulle sal niks met so 'n ontkenning bereik nie want almal stem saam dat Christus ten volle in die nagmaal ons aangebied word. Dit is egter ondraaglike laster dat sonder figuurlike spreke van 'n verganklike en bederfbare element, naamlik die brood, verkondig word dat dit Christus is. Nou vra ek hulle of hierdie twee stellings dieselfde krag het, naamlik *Christus is die Seun van God* en *die brood is Christus se liggaam*. As hulle toegee dat hulle wel verskil - soos hulle selfs al is dit teen hulle sin, gedwing sal word om te doen[129] -, laat hulle dan antwoord waaruit die verskil ontstaan. Na my mening sal hulle niks anders kan aanvoer as dat die brood sakramenteel sy *liggaam* genoem word nie.[130] Daaruit volg dat Christus se woorde nie aan die gewone reël onderwerp en ook nie aan die maatstawwe van die taalkunde gemeet moet word nie. Ek vra almal wat hardnekkig en stroef op die letter staan, of Lukas en

124 Vgl. afdeling 16 hierbo.

125 Vgl. afdeling 22 hieronder.

126 Vgl. Luther, *Epist. ad Hervagium* (WA 19:472); *Sermon von dem Sacrament* (1526) (WA 19:483 - 485); en die predikante van Bremen se *Confessio fidei de eucharistiae sacramento* (1557) fo. Lb5.

127 In die volgende afdelings is dit besonderlik Westphal se geskrifte wat onder skoot kom. In hierdie geval verwys Calvyn na Westphal se *Farrago confuseanarum et inter se dissidentium opinionum de Coena Domini*, Maagdeburg (1552) fo. E4b. Vir bibliografiese besonderhede oor Westphal se werke vgl. OS 5:X1 en Smits 1:95. Calvyn noem Westphal en sy geesgenote *literales* - letterknegte. Vgl. sy *Ultima admonitio ad Westphal: Utinam tam literati essent quam literales appetunt* (OC 9:198). In sy *Justa defensio adv. insignia mendacia Jo. à Lasco*, Straatsburg (1557) sê Westphal o.a.: *Dixit esse suum corpus panem quem dedit... jussit ergo edere non solum panem sed suum corpus*: Hy het gesê dat die brood wat Hy aan hulle gee, sy liggaam is; Hy beveel hulle dus nie alleen om die brood te eet nie maar ook sy liggaam. Vgl. ook Luther se vertolking hiervan in sy *De captivitate Babylonica* (1520) (WA 6:511).

128 Westphal, *De coena Domini confessio* (1558) fo. B8a.

129 Westphal, *Apologia confessionis* (1558) p. 30.

130 *Ibid.* p. 31.

Paulus, wanneer hulle die beker die Testament in sy bloed noem,[131] nie dieselfde uitdruk as in die eerste deel van hulle verklaring wanneer hulle die brood sy liggaam noem nie? Daar was beslis dieselfde heilige agting in een deel van die sakrament as in die ander deel daarvan en omdat die bondigheid (van hulle woorde) onduidelik is, lig 'n langer redenasie hulle betekenis beter toe.

So dikwels as wat hulle dus na aanleiding van een woord aanvoer dat die brood sy liggaam is, sal ek na aanleiding van baie woorde die paslike vertolking aanvoer dat die brood die Testament in sy liggaam is. Waarom dan? Moet ons 'n getrouer of sekerder vertolker as Paulus en Lukas soek? En ek streef nogtans nie daarna om iets van die gemeenskap met die liggaam van Christus wat ek bely het,[132] in te kort nie. Ek is slegs van plan om hulle dwase hardnekkigheid waarmee hulle so vyandig oor die woorde baklei, te weerlê. Op gesag van Paulus en Lukas verstaan ek dat die brood die liggaam van Christus is omdat dit die verbond in sy liggaam is. As hulle dit bestry, stry hulle nie teen my nie maar teen die Gees van God. Hoewel hulle kla dat hulle deur agting vir (Christus se) woorde verhinder word om te waag om dit wat uitdruklik gestel is, OS 370
figuurlik (in oneintlike sin) te verstaan, is hier nogtans nie voldoende regverdiging vir hulle voorwendsel om al die redenasies wat ons daarteen inbring, te verwerp nie.

Intussen moet ons, soos ek reeds gewaarsku het, weet wat die aard van die testament in die liggaam en die bloed van Christus is omdat die verbond wat deur die offer van sy dood bekragtig is, ons niks sou gebaat het tensy die verborge gemeenskap waardeur ons met Christus tot een liggaam groei, bygekom het nie.

## 21. *Redes waarom die benaming van die betekende saak op die teken oorgedra is*

Daar bly dus oor dat ons moet erken dat die benaming van die betekende saak vanweë die verwantskap wat hulle met hulle tekens het, aan die teken geheg is - weliswaar figuurlik gesproke maar tog nie sonder 'n baie gepaste ooreenkoms tussen hulle nie. Ek laat allegorieë en vergelykings agterweë sodat niemand my daarvan kan beskuldig dat ek ontvlugting soek en wegdwaal van die onderhawige saak nie. Ek sê dat dit beeldspraak is wat oral in die Skrif gebruiklik is wanneer daar oor die sakramente gehandel word. As jy die volgende uitsprake nie oordragtelik opneem nie, kan jy nie verstaan wanneer daar gesê word dat

[131] Marg. *Luc. 22.b.20. 1. Cor. 11.f.25.*
[132] Vgl. afdeling 7 hierbo.

die besnydenis 'n verbond is,[133] dat die Lam 'n oorgang is,[134] dat die offerandes van die wet soenoffers is,[135] en ten slotte dat die rots waaruit daar in die woestyn water gevloei het,[136] Christus was nie.[137]
Die benaming word nie alleen van 'n belangriker na 'n minder belangrike onderwerp oorgedra nie, maar daarenteen word die benaming van 'n OS 371
sienlike saak aan die betekende saak toegeken. Dit is die geval wanneer daar byvoorbeeld gesê word dat God in 'n braambos aan Moses verskyn het;[138] wanneer die verbondsark God en die aangesig van God genoem word;[139] en wanneer die Heilige Gees 'n duif genoem word.[140] Die teken OC 1020
verskil in wese wel van die betekende saak, omdat laasgenoemde geestelik en hemels is en eersgenoemde liggaamlik en sienlik. Omdat dit nogtans die saak waarvoor dit geheilig is met die oog daarop om dit uit te beeld, nie as 'n blote en niksseggende teken uitbeeld nie, maar dit waarlik aan ons toon, waarom sou die benaming van die saak nie met reg die teken toekom nie? Maar as die tekens deur die mens uitgedink is, wat beelde van afwesige dinge eerder as tekens van teenwoordige sake is, wat ook baie dikwels sake bedrieglik uitbeeld, word hulle nogtans soms met die benamings van sulke sake voorsien. Sake wat deur God ingestel is, leen om 'n baie belangriker rede die benamings van sake waarvan hulle altyd sowel 'n sekere en onbedrieglike betekenis dra asook die ware werklikheid daarmee verbind het. Die ooreenkoms en verwantskap van die een tot die ander is derhalwe so groot dat die oordrag (van die benaming) van die een na die ander (oor en weer) gemaklik plaasvind. Laat ons teenstanders dus daarvan afsien om onsinnige spitsvondighede teen ons aan te voer deur ons *tropiste* [141] te noem omdat ons die sakramentele spreekwyse na aanleiding van die algemene Skrifgebruik verduidelik. Terwyl die sakramente immers tegelyk in vele opsigte ooreenstem, deel hulle almal ook in 'n sekere sin in hierdie beeldspraak. Die apostel leer dus dat die klip waaruit geestelike drank vir die Israeliete geborrel het, Christus was[142] omdat die klip 'n sienlike teken was waaronder hulle daardie geestelike drank waarlik maar onsienlik ontvang het. So word die ***brood*** vandag ***die liggaam van Christus*** genoem omdat dit die teken is waarmee die Here die ware nuttiging van

133 Vgl. Gen. 17:13 en OC 23:242 - 243.
134 Vgl. Eks. 12:11 en Calvyn se kommentaar oor Eks. 12:21 - 28.
135 Vgl. Lev. 17:11; Hebr. 9:22.
136 Marg. *Exod. 17.b.6.*
137 Vgl. 1 Kor. 10:4.
138 Marg. *Exod. 3.a.2.* Vgl. OC 24:35 - 36.
139 Marg. *Psal. 84.b.8, & 42.a.3.*
140 Marg. *Matth. 3.d.16.* Vgl. OC 45:125 - 127.
141 Figuurlike vertolkers. Vgl. Westphal se *Apologia confessionis* p. 58 en die predikante van Magdeburg se *Confessio fidei* fo. D2a.
142 Marg. *1. Cor. 10.a.4.*

sy liggaam vir ons aanbied.

En niemand moet dit verag as 'n nuwe uitvinding nie. Augustinus het immers dieselfde opvatting gehuldig en dit ook gesê. Hy sê: "As die sakramente nie 'n sekere ooreenstemming met die dinge, waarvan hulle sakramente is, gehad het nie, sou hulle in elke geval nie sakramente gewees het nie. Na aanleiding van hierdie ooreenkoms ontvang hulle A 512 meesal die name van die dinge self. Soos die sakrament van die liggaam van Christus op 'n sekere wyse die liggaam van Christus is, en soos die OS 372 sakrament van Christus se bloed Christus se bloed is, so is die sakrament van die geloof die geloof self".[143] Baie dergelike stellings kom by hom voor maar dit sou oorbodig wees om hulle almal hier bymekaar te maak aangesien hierdie een voorbeeld voldoende is - behalwe dat my lesers gewaarsku moet wees dat dieselfde stelling deur hierdie heilige man in sy brief aan Euodius gemaak word.[144]

Dit is dus 'n tevergeefse uitvlug om te sê dat daar by Augustinus geen melding van die nagmaal gemaak word wanneer hy leer dat 'n figuurlike spreekwyse herhaaldelik en algemeen in die sakramente voorkom nie.[145] As ons dit aanvaar, mag ons nie van die algemene na die besondere redeneer nie, en die volgende redenasie sou ook nie geldig wees nie: elke dier is voorsien van beweging; dus is 'n os en 'n perd ook voorsien van beweging. Die woorde van dieselfde heilige ruim immers elders in sy boek teen die Manicheër Adimantius, hoofstuk 12, 'n baie lang bespreking van die onderwerp uit die weg wanneer hy sê dat Christus nie geaarsel het om dit sy liggaam te noem toe Hy 'n teken van sy liggaam gegee het nie.[146] En elders in sy kommentaar oor Psalm 3 sê hy: "Dit was bewonderenswaardige geduld van Christus dat Hy Judas tot die ete toegelaat het waartydens Hy die teken van sy liggaam en sy bloed OC 1021 aan sy dissipels toevertrou en oorgedra het".[147]

## 22. *'n Weerlegging van besware wat op die woorde 'DIT IS' steun*

As die een of ander heethoof egter blind is vir alle ander redenasies, en slegs die woorde *Dit is*[148] aan ons opdring, asof dit hierdie sakrament van alle ander uitsonder, is die oplossing van die probleem maklik. Hulle

[143] Marg. *Epist. 23. ad Bonif.* Augustinus, *Ep.* 98.9 (MPL 33:364; CSEL 34,2:531 e.v.).

[144] Augustinus, *Ep.* 169.2.9 (MPL 33:746; CSEL 44:618 e.v.).

[145] Dit is Westphal se redenasie in sy *Collectanea sent. Augustini* (1555), fo. D7a. Vgl. OS 5:372, n. 4 en Calvyn se *Ultima admonitio ad Westphalum* (1557) (OC 9:154 - 156).

[146] Augustinus, *Contra Adimantum Manich.* 12.3 (MPL 42:144; CSEL 25,1:140 e.v.).

[147] Augustinus, *Enar. in Ps.* 3.1 (MPL 36:73; CCSL 38:8).

[148] Vgl. Westphal, *Collectanea* fo. E3b: *Nos credimus Christi verbis... nos fide sequimur vocem nostri pastoris*: Ons glo in Christus se woorde. Deur die geloof volg ons die stem van ons herder. Luther se nagmaalsopvatting het verskeie veranderinge ondergaan. In *Ein sermon von dem Sakrament des Leichnams Christi* (1519) onderskei hy drie aspekte in die sakrament: 1) die sakrament of teken; 2) die betekenis van die sakrament en 3) die geloof. Hier bou hy nog op die skolastiese

beweer dat die beklemtoning van die selfstandige werkwoord *is* [149] so groot is dat dit geen stylfiguur toelaat nie. As ons hulle dit toegee, kan OS 373 daar natuurlik ook in Paulus se woorde 'n selfstandige naamwoord gelees word wanneer hy die brood die ***gemeenskap*** [150] met die liggaam van Christus noem.[151] Die gemeenskap met die liggaam is egter iets anders as die liggaam self.

Ja, dieselfde woord kom byna oral voor waar oor die sakramente gehandel word. "Dit sal vir julle tot 'n verbond met My wees";[152] "Hierdie Lam sal vir julle die Pasga wees".[153] Om nou nie meer aanhalings te maak nie: wanneer Paulus sê dat die rots Christus was,[154] waarom dra die selfstandige werkwoord *was* vir hulle minder beklemtoning as in Christus se uitspraak? Laat hulle ook antwoord watter krag die selfstandige werkwoord *was* het wanneer Johannes sê: "Die Heilige Gees *was* nog nie omdat Jesus nog nie verheerlik was nie".[155] As hulle trouens aan hulle reël verknog bly, sal die ewige Wese van die Gees tot niet gemaak word asof die Gees sy begin gehad het vanaf die hemelvaart van Christus. Laat hulle ten slotte antwoord wat die uitspraak van Paulus beteken wanneer hy sê dat die doop die bad van die wedergeboorte en van vernuwing is[156] terwyl dit duidelik is dat dit vir baie van geen nut is nie. Maar geen redenasie is kragtiger om hulle te weerlê as die stelling van Paulus dat die kerk Christus is nie.[157] Hy bring trouens die ooreenkoms daarvan met die mens se liggaam by en weef daarby in: "So is Christus".[158] Daaronder verstaan hy nie die eniggebore Seun van God in Homself nie, maar in sy lede.

Ek meen dat ek met hierdie redenasies reeds dit bereik het dat die valse beskuldigings van ons vyande vir mense met gesonde verstand en

onderskeiding van die sakrament as sodanig en die 'materie' waaruit dit bestaan, maar bring die geloof by wat die innerlike betekenis van die uitwendige teken na vore bring. Vir Calvyn se opvatting vgl. afdeling 11 hierbo. Sedert 1520 verskuif Luther se aandag na die instellingswoorde en verstaan hy die nagmaal primêr as 'n Goddelike belofte wat die ***beloftewoord*** en die gepaardgaande teken omvat. Hy lê die aksent egter op die ***woord*** wat ons in die geloof moet aanvaar. Vgl. o.a. sy ***Ein Sermon von dem Neuen Testament, das ist von der Heiligen Messe*** (1520) (WA 6:363). Vanaf 1523 kom hy tot 'n letterlike insig van die woorde *'dit is* my liggaam' en hierna verhard hy hom in hierdie standpunt. Hy gee 'n uiteensetting van ***hoc est*** in sy ***Vom Anbeten des Sacraments des heiligen Leichnams Christi*** (1523) (WA 11:432 - 440; 447 - 450) en in sy ***Vom Abendmahl Christi*** (1528) (WA 26:268 - 279). Vgl. ook die belydenis van die predikante van Magdeburg (1550) C4b: ***suum verum corpus sub pane edendum, sanguinem bibendum sub vino***: onder die brood moet ons sy ware liggaam eet en onder die wyn sy ware bloed drink.

149 ***Verbi substantivi.***

150 κοινωνίαν.

151 Marg. *1. Cor. 10.d.16.*

152 Marg. *Gen. 17.b.13.*

153 Marg. *Exod. 12.g.43* (*recte*: Eks. 12:11).

154 Marg. *1. Cor. 10.a.4.*

155 Marg. *Iohan. 7.f.39.* Vgl. OC 47:181 - 183.

156 Marg. *Tit. 3.a.5.* Vgl. OC 52:429 - 431.

157 Marg. *1. Cor. 12.b.12.* Vgl. OC 49:501.

158 ***Ibid.***

opregtheid stink wanneer hulle die storie versprei dat ons die geloofwaardigheid van Christus se woorde wegneem. Ons omhels sy woorde trouens nie met minder gehoorsaamheid as hulle nie en ons oordink dit met groter eerbied as hulle. Ja, hulle trae onbesorgdheid is 'n aanduiding dat hulle hulle nie veel bekommer oor Christus se bedoeling nie, so lank dit maar net vir hulle 'n skild voorsien om hulle hardnekkigheid te verdedig. Net so behoort ons ondersoek te getuig van hoeveel waarde ons Christus se gesag ag. Hulle verkondig bitsig dat die mens se gevoel ons verhinder om te glo wat Christus met sy heilige mond geopenbaar het. Ek het egter reeds grotendeels duidelik gemaak, en dit sal later nog duideliker word, hoe onredelik hulle ons met hierdie skande brandmerk. Niks verhinder ons dus om Christus te glo wanneer Hy praat nie, en sodra Hy daarvan blyke gegee het, berus ons daarby. Die vraagstuk wat hier behandel word, is slegs of dit geoorloof is om die egte betekenis (van sy woorde) te ondersoek.

23. *Die aandrang van mense wat meen dat geen haarbreedte van die letterlike inhoud van Christus se woorde afgewyk mag word nie, is te stroef*

Om die indruk te skep dat hulle letterknegte is, verbied hierdie goeie leermeesters ons om selfs in die geringste mate van die letter af te wyk.[159] So ver dit my aangaan, twyfel ek nie dat dit 'n vergelyking met mense is wanneer die Skrif God 'n Krygsman[160] noem nie omdat ek sien dat dit sonder oordragtelike betekenis 'n alte harde uitspraak sou wees. En die Antropomorfiete was eertyds vir die regsinnige kerkvaders om OS 374
geen ander rede 'n ergernis nie as omdat hulle aan die volgende woorde OC 1022
vasgebyt en daaraan geklou het: "'God se oë sien';[161] 'dit klim tot sy ore op';[162] 'sy hand is uitgestrek';[163] 'die aarde is die voetbank van sy voete'.[164] Hulle skreeu nogtans dat God sy liggaam wat die Skrif aan Hom toeskryf, ontneem word".[165] As ons hierdie wet aanvaar, sal 'n verskriklike onbeskaafdheid die lig van die geloof heeltemal uitblus. Watter monsteragtige dwaashede sou waansinnige mense nie uit die Skrif kon haal as ons hulle toelaat om elke punt en komma ter bekragtiging van hulle wense voor ons te gooi nie?

[159] *literati.* Vgl. afdeling 14 en 20 waar soortgelyke uitdrukkings voorkom.
[160] Vgl. Eks. 15:3.
[161] Kyk Deut. 11:12; 1 Kon. 8:29; Job 7:8.
[162] Vgl. Num. 11:18; 2 Sam. 22:7; 2 Kon. 19:28.
[163] Kyk Jes. 5:25; 23:11; Jer. 1:9; 6:12; OC 36:120 - 121, 392.
[164] Vgl. Jes. 66:1; Matt. 5:35; Hand. 7:49; OC 37:436 - 437; 45:182 e.v.
[165] 'n Aanhaling uit Epiphanius, *Adv. haer. Panarium* 3.1.2 (MPG 42:342). Vgl. ook Augustinus, *De haer.* 50 (MPL 42:39) en Theodoretus, *Hist. eccles.* 4.9 (MPG 82:1142). Vir die Antropomorfiete vgl. *Inst.* 1.13.1 (Afr. vert. 1:211 - 212, n. 4.

Hulle beswaar dat dit onwaarskynlik is dat Christus sonderlinge troos in teenspoed vir sy die apostels voorberei het, dra eerder tot ons saak by. Tensy die apostels trouens daaraan gedink het dat die brood figuurlik sy liggaam genoem word omdat dit 'n teken van sy liggaam was, sou hulle ongetwyfeld deur so 'n skrikwekkende gebeurtenis ontsteld gewees het. Johannes vertel omtrent terselfdertyd dat hulle deur die geringste probleme verwar en vertwyfeld was. Hierdie dissipels verskil onderling oor die wyse waarop Christus na sy Vader sal gaan; hulle vra mekaar hoe hy van die wêreld af sal weggaan, en hulle begryp niks van die dinge wat oor die hemelse Vader gesê word totdat hulle Hom gesien het nie.[166] Hoe sou hulle gereed kon wees om iets te glo wat alle rede verwerp, naamlik dat Christus sigbaar by die tafel aansit, en dat Hy nogtans onsigbaar onder die brood ingesluit word? Die feit dat hulle die brood sonder om te aarsel eet, getuig van hulle eensgesindheid. Hieruit is dit duidelik dat hulle Christus se woorde in dieselfde sin as ons opgeneem het omdat dit hulle te binne geskiet het dat dit nie in die sakramente ongewoon behoort te lyk dat die benaming van die betekende saak op die teken oorgedra word nie. Dit was dus 'n besliste en duidelike troos vir die dissipels, soos ook vir ons, en dit was nie deur raaiselagtigheid gekompliseer nie.

Daar bestaan ook geen ander rede waarom sommiges ons vertolking A 513
verwerp nie as net dat die duiwel se beswering hulle verblind het sodat hulle naamlik vir hulleself duister raaisels versin terwyl die vertolking van hierdie pragtige stylfiguur voor die handliggend is. As ons daarbenewens presies op sy woorde staan, sou Christus verkeerdelik iets anders van die brood gesê het as van die beker. Hy noem die brood sy liggaam; die wyn noem Hy sy bloed; dit sal 'n verwarde geklets wees of 'n skeiding wat sy liggaam van sy bloed skei. Ja, van die drinkbeker sal met OS 375
net soveel waarheid gesê word: "Dit is my liggaam" as van die brood self; en op sy beurt sal gesê kan word dat die brood sy bloed is. As hulle antwoord dat ons moet kyk na die doel of gebruik waarvoor die tekens ingestel is, erken ek dit inderdaad. Intussen sal hulle hulle egter nie daarvan kan loswoel dat hulle dwaling hierdie onsinnigheid teweegbring nie, naamlik dat die brood sy bloed en die wyn sy liggaam is nie. Nou weet ek nie wat hulle daarmee bedoel wanneer hulle toegee dat brood en wyn verskillende goed is nie, maar nogtans beweer dat die een van die ander in letterlike sin en sonder figuurlike betekenis gesê word[167] - net asof iemand sou sê dat klere wel iets anders as 'n mens is, en

166 Marg. *Iohan. 14.a.5. 8, & 16.b.17.* Kyk ook Joh. 14:6 - 7.

167 Vgl. Westphal, *Collectanea* fo. F2a-b; F5b; *De coena Dominici confessio* fo. B6b - B8a; *Apologia confessionis*, p. 26, 29 - 31; 38 - 43; 58. Vgl. ook Luther se *Vom Abendmahl Christi, Bekenntnis* (WA 26:298 e.v.).

tog in letterlike sin 'n mens genoem word! Asof hulle oorwinning in hardnekkigheid en rusies geleë is, beweer hulle intussen dat Christus van leuentaal beskuldig word as ons streef om sy woorde te vertolk. Nou sal dit vir my lesers maklik wees om te oordeel hoe onregverdig daardie lettervangers[168] ons veronreg wanneer hulle eenvoudiges met die opvatting deurtrek dat ons die geloofwaårdigheid van Christus se woorde wegneem terwyl ons bewys het dat dit waansinnig deur hulle verdraai en verwar word maar getrou en met vaardigheid deur ons verduidelik word.

## 24. *'n Weerlegging van die klag dat die Protestante so verknog is aan die rede dat hulle God se almag tekort doen* OC 1023

Maar die skande van hierdie leuen kan nie heeltemal uitgewis word sonder dat ons ook 'n tweede klag weerlê nie. Hulle spog trouens dat ons so aan die menslike rede verslaaf is dat ons aan God se mag niks meer toeken as wat die natuurorde ons toelaat en die algemene gevoel ons voorsê nie.[169] Teen sulke onregmatige beskuldigings beroep ek my juis op die leer wat ek onderrig het. Dit toon duidelik genoeg aan dat ek hierdie sakrament glad nie aan die maatstaf van die menslike rede meet of aan die wette van die natuur onderwerp nie. Nou vra ek jou: het ons van natuurwetenskaplikes geleer dat Christus ons siele uit die hemel net so met sy vlees voed as wat ons liggame deur brood en wyn gevoed word? Waaruit kry sy vlees hierdie krag om ons siele lewendig te maak? Almal sal sê dat dit nie van nature gebeur nie. Net so weinig sal dit die menslike rede bevredig dat Christus se vlees tot ons deurdring om vir ons voedsel te wees. Kortom: elkeen wat aan ons leer geproe het, sal meegesleur word tot bewondering vir die verborge mag van God. Hierdie goeie voorstanders daarvan skep egter vir hulleself 'n wonderwerk, maar as dit tot niet gemaak word, verdwyn God saam met sy mag. Ek wil hê dat my lesers weer eens gewaarsku moet wees dat hulle noukeurig moet oorweeg wat ons leer meebring, ôf dit van die algemene gevoel afhang, en ôf dit waarlik op vleuels van die geloof bo die wêreld uitstyg en tot in die hemel opstyg. Ons sê dat Christus sowel deur die uiterlike teken as deur sy Gees na ons neerdaal om ons siele waarlik deur die wese van sy vlees en van sy bloed lewendig te maak. Iemand wat nie agterkom dat daar in hierdie paar woorde baie wonderwerke OS 376
aanwesig is nie, is meer as onnosel. Niks is immers meer strydig met die natuur as dat ons siele hulle geestelike en hemelse lewe aan vlees ontleen wat sy ontstaan uit die aarde ontvang het en aan die dood

[168] Vgl. n. 159 hierbo.
[169] Vgl. Westphal, *Collectanea* fo. F2a-b; F5b.

onderworpe was nie. Niks is ongelooflíker as dat sake wat so ver as hemel en aarde van mekaar verskil,[170] nie alleen in so 'n groot verskeidenheid plekke saamgevoeg word nie, maar ook verenig word sodat ons siele voedsel uit die vlees van Christus kan ontvang.

Laat hierdie voorbarige mense dus afsien daarvan om ons met hulle stinkende laster gehaat te maak asof ons kwaadwillig iets van God se oneindige mag inkort. Hulle dwaal self trouens alte dwaas of lieg alte skandelik. Die vraag hier is immers nie waartoe God in staat is nie, maar wat sy wil is. Ons verklaar egter dat Hy gedoen het wat Hom behaag het. En dit het Hom behaag dat Christus in alles met uitsondering van die sonde aan sy broers gelyk sou word.[171] Wat is die aard van ons vlees? Is dit nie dat dit sekere afmetings het, dat dit deur ruimte ingesluit word, aangeraak en gesien kan word nie?

Nou vra hulle: "En waarom sou God nie kon maak dat dieselfde vlees baie en ver van mekaar afgeleë plekke kon beset nie, sodat dit deur geen ruimte ingesluit word en sonder maat en voorkoms is nie?" Jou dwaas! Waarom eis jy van die mag van God dat Hy moet maak dat vlees tegelyk vlees is en nie vlees is nie? Dit is asof jy daarop aandring dat Hy moet maak dat daar tegelyk lig en duisternis moet wees. Maar dit is sy wil dat lig lig, dat duisternis duisternis en dat vlees vlees moet wees. Wanneer Hy wil, sal Hy die duisternis wel in lig, en die lig in duisternis verander. Wanneer jy egter vereis dat lig en duisternis nie van mekaar moet verskil nie, wat is dit anders as om die orde van God se wysheid om te keer?[172] OC 1024
Vlees moet dus vlees, en gees moet gees wees - elke ding volgens die wet en toestand waarin dit deur God geskep is. En die toestand van vlees is inderdaad dat dit in een bepaalde plek, met sy eie afmetings en sy eie vorm bestaan. Christus het Hom met sulke vlees beklee en hoewel Hy volgens Augustinus se getuienis weliswaar onbederflikheid en heerlikheid daaraan gegee het, het Hy nie die aard en waarheid daarvan weggeneem nie.[173]

### 25. *Beantwoording van etlike besware oor die vertolking van Christus se woorde: 'Dit is my liggaam'*

Hulle opper die beswaar dat hulle die Woord het waarin God se wil geopenbaar is[174] - natuurlik net as dit hulle gegun word om die gawe van

[170] Vgl. afdelings 10 en 28: *locorum... distantia procul dissitos.* Kyk ook *Inst.* 3.20.40 (Afr. vert. 3:1137 - 1138).
[171] Marg. *Hebr. 4.d.15.* Vgl. ook Hebr. 2:17 en OC 55:53 - 55.
[172] Vgl. Calvyn se kommentaar oor Ps. 139:12 (OC 32:380).
[173] Marg. *Epist. ad Dardanum.* Augustinus, *Ep.* 187.3.10 (MPL 33:835 e.v.).
[174] Vgl. Westphal, *Apologia confessionis* p. 210.

vertolking[175] wat lig op die Woord werp, uit die kerk uit te dryf. Ek erken dat hulle die Woord het, maar dit is 'n Woord soos die Antropomorfiete[176] eertyds gehad het toe hulle 'n liggaamlike God gemaak het; soos OS 377
Marcion en die Manicheërs toe hulle die versinsel geskep het dat die liggaam van Christus hemels of 'n skynbeeld was.[177] Hulle het immers ook Skrifgetuienis aangehaal: 'Die eerste Adam was aards uit die aarde; die tweede Adam is hemels uit die hemel'.[178] Net so: 'Christus het Homself ontledig en die gestalte van 'n slaaf aangeneem en 'n gelykenis soos 'n mens gekry'.[179]

Maar hierdie growwe smulpape dink dat God geen mag het behalwe as die hele natuurorde deur 'n gedrog wat in hulle harsings gesmee is, omvergewerp word nie. Dit beteken eerder dat ons God inperk wanneer ons met ons versinsels streef om op die proef te stel waartoe Hy in staat is. Uit watter woord het hulle immers die inligting geput dat die liggaam van Christus in die hemel sienlik, maar op die aarde in ontelbare A 514
krummels brood verskuil is?[180] Hulle sal sê dat nood vereis dat die liggaam van Christus in die nagmaal gegee word. Dit is naamlik omdat hulle 'n vleeslike ete na aanleiding van Christus se woorde wil aflei, en meegesleur deur hulle eie vooroordeel, het hulle dit as noodwendig beskou om hierdie spitsvondigheid te smee waarteen die hele Skrif sy stem verhef. Dat iets van God se mag deur ons ingekort word, is ewe vals; inteendeel: ons leer is 'n besonderlike grootse loflied vir sy mag. Hulle beskuldig ons egter altyd daarvan dat ons God sy eer ontneem[181] wanneer ons volgens hulle iets verwerp wat volgens die algemene gevoel moeilik is om te glo ofskoon dit deur Christus se eie mond beloof is. Daarom antwoord ek weer eens soos tevore[182] dat ons in die verborgenhede van die geloof nie die algemene gevoel raadpleeg nie maar dat ons met kalm leersaamheid en met die gees van sagmoedigheid wat Jakobus aanbeveel,[183] die leer aanneem wat uit die hemel gekom het. Maar ek ontken nie dat ons in die opsig waarin hulle tot hulle verderf dwaal, 'n nuttige matigheid volg nie. Wanneer hulle Christus se woorde hoor: "Dit is my liggaam", beeld hulle hulle 'n wonderwerk in wat uiters ver van sy bedoeling af weg is. En wanneer uit hierdie

175 Vgl. 1 Kor. 12:10.
176 Vgl. afdeling 23 hierbo en *Inst.* 1.13.1 (Afr. vert. 1:211 - 212, n. 4).
177 Oor Marcion vgl. Tertullianus, *Adv. Marcion* 3.8 (MPL 2:359 e.v.); *De carne Christi* 5 (MPL 2:805 e.v.). Vir die Manicheërs vgl. Augustinus, *Serm.* 12.8, 75; 7.8; 92.3; 116.4 (MPL 38:104; 477; 573; 659 ens.) en *Inst.* 2.13.1 (Afr. vert. 2:625 - 629, n. 3, 4 en 29).
178 Marg. *1. Cor. 15.f.47.* Vgl. ook Augustinus, *Contra Faustum Manich.* 24.1; 26.7 (MPL 42:473;484).
179 Marg. *Philip. 2.a.7.* Vgl. ook Augustinus, *Contra Fort. Manich.* 7 (MPL 42:115) en afdeling 17 hierbo.
180 Vgl. Westphal, *Collectanea*, fo. G3b.
181 Vgl. Westphal, *Collectanea*, fo. G8a - b.
182 Vgl. afdeling 24 hierbo.
183 Marg. *Iacob. 1.d.21.*

verdigsel skandelike ongerymdhede te voorskyn tree, omdat hulle hulle reeds deur hulle voortvarende haas in strikke verstrik het, sink hulle in die afgrond van God se almag weg om so die lig van die waarheid uit te blus.

Hieruit ontstaan hulle hooghartige kleingeestigheid: "Ons wil nie weet hoe Christus onder die brood verborge is nie, maar ons is tevrede met die verklaring: 'Dit is my liggaam' ".[184] Aan die ander kant streef ons daarna om, soos in die geval van die hele Skrif, gesonde begrip van OS 378 hierdie aanhaling met nie minder gehoorsaamheid as sorgvuldigheid te verkry nie. Ons gryp trouens nie onbesonne die eerste en beste ding wat in ons gedagtes opkom, uit oordrewe ywer en sonder onderskeid aan nie, maar ons span versigtige nadenke in en omhels die betekenis wat OC 1025 die Gees van God aan ons voorsien. En hierop steun ons en minag uit die hoogte alle aardse wysheid wat daarteen gestel word. Ja, ons hou ons verstand gevange sodat dit nie kan waag om selfs met een woordjie daarteen in opstand te kom nie en hou dit nederig sodat ons verstand hom nie daarteen verhef nie. Hieruit het die verklaring van Christus se woorde ontstaan wat die sakramente volgens algemene Skrifgebruik gemeenskaplik het, en wat almal wat hulle maar net effens daarmee bemoei, ken. Ons ag ons dit trouens ook nie geoorloof om soos die heilige maagd in 'n moeilike onderwerp ondersoek in te stel hoe dit moontlik kan gebeur nie.[185]

## 26. *Skrifgetuienis ter bekragtiging van hierdie leer word ook deur Augustinus ondersteun*

Omdat niks egter meer bydra om die geloof van godvrugtiges te versterk as wanneer hulle leer dat die leer wat ons geponeer het, uit die suiwer Woord van God geput is en op die gesag daarvan steun nie, sal ek dit ook so ver ek kan, kortliks duidelik maak. Dit is nie Aristoteles nie, maar die Heilige Gees wat leer dat die liggaam van Christus, waarmee Hy opgestaan het, eindig is[186] en tot die laaste dag in die hemel ingesluit word.[187] Ek is goed bekend daarmee dat die aanhalings wat in verband hiermee aangehaal word, onbesorg deur hulle ontwyk word. Wanneer Christus sê dat Hy sal weggaan[188] en die wêreld sal verlaat,[189] verklaar

[184] Vgl. Westphal, *Farrago*, fo. E8a.
[185] Marg. *Luc. 1.d.34.* Vgl. OC 45:29 - 30.
[186] Vgl. Westphal, *Collectanea*, fo. F2a - b; *Apologia conf.* p. 8, 191 e.v.; die *Formula concord.* art. 7, stelling 5 (Schaff 3:139) en afdeling 12 hierbo oor die konsubstansiasie.
[187] Kyk Hand. 3:21.
[188] Marg. *Ioban. 14.b.12.d.28.* Vgl. ook Joh. 16:7.
[189] Kyk Joh. 16:28.

hulle hierdie weggaan as niks anders as 'n verandering van sy sterflike toestand nie.[190] En tog sou Christus die Heilige Gees nie so in sy plek gestel het om, soos hulle sê, die leemte van sy eie afwesigheid aan te vul nie. Die Heilige Gees het immers nie in sy plek gekom nie en Christus daal self nie weer uit die hemelse heerlikheid neer om die toestand van 'n sterflike lewe aan te neem nie. Die koms van die Heilige Gees en die hemelvaart van Christus is beslis dinge wat van mekaar verskil. Daarom is dit onmoontlik dat Christus na die vlees met ons saam kan woon in dieselfde sin as waarin Hy sy Gees aan ons stuur. Hierbenewens verklaar Hy uitdruklik dat Hy nie altyd saam met sy dissipels in die wêreld sal wees nie.[191] Dit lyk egter vir hulle asof hulle hierdie uitspraak ook pragtig weerlê - asof Christus hiermee verklaar dat Hy nie altyd arm en ellendig en blootgestel sal wees aan die noodsaaklikhede van 'n verganklike lewe nie.[192] En tog is die omstandighede van die aanhaling duidelik in stryd hiermee. Dit handel immers nie daar oor armoede en gebrek of die ellendige toestand van sy aardse lewe nie, maar oor diens en eerbetoon. Die salwing (van die vrou) het die dissipels nie aangestaan nie omdat hulle van mening was dat dit oorbodige en onnodige, en byna oordadige, onkoste was. Hulle sou daarom verkies het om die uitgawe eerder aan die armes te bestee omdat hulle gedink het dat dit verkwis is. Christus antwoord dat Hy nie altyd daar sal wees om met so 'n OS 379
eerbewys gedien te word nie.[193]

Augustinus se verklaring verskil nie hiervan nie. Hy stel dit ondubbelsinnig in die volgende woorde: "Toe Christus gesê het: 'Julle sal My nie altyd by julle hê nie', het Hy van die teenwoordigheid van sy liggaam gepraat. Want na sy majesteit, na sy voorsienigheid en na sy onuitspreeklike en onsienlike genade word vervul wat deur Hom gesê is, naamlik: 'Kyk, Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld'.[194] Maar na die vlees wat die Woord aangeneem het, wat uit die maagd gebore is, wat deur die Jode gevange geneem is, wat aan die hout vasgenael is, wat van OC 1026
die kruis afgehaal is, wat in doeke toegerol is, wat in 'n graf neergelê is, en wat in die wederopstanding geopenbaar is, sê Hy: 'Julle sal My nie altyd by julle hê nie'. Waarom? Omdat Hy na die teenwoordigheid van sy liggaam veertig dae saam met sy dissipels verkeer het en terwyl hulle saam met Hom rondgegaan het, het hulle gesien dat Hy na die hemel opvaar, maar Hom nie gevolg nie.[195] Hy is nie meer hier nie[196] want Hy sit

[190] Vgl. Westphal, *Apologia conf.* p. 271 e.v.
[191] Marg. *Mat. 26.b.11.* Vgl. ook Joh. 12:8 en OC 45:695 - 696.
[192] Vgl. Westphal, *Apologia*, p. 273 e.v.
[193] Vgl. Matt. 26:8 - 11 en OC 45:693 - 696.
[194] Marg. *Mat. 28.d.20.* Vgl. OC 45:825 - 826.
[195] Vgl. Hand. 1:3, 9.
[196] Vgl. Mark. 16:6.

daar aan die regterhand van die Vader.[197] En tog is Hy hier want na die teenwoordigheid van sy majesteit het hy nie hiervandaan weggegaan nie.[198] Anders gestel: na die teenwoordigheid van sy majesteit het ons Christus altyd by ons, maar tereg is daar na die teenwoordigheid van sy vlees gesê: 'Julle sal My nie altyd by julle hê nie".[199] Die kerk het Christus trouens na die teenwoordigheid van sy vlees net vir 'n paar dae gehad. Nou besit die kerk Christus deur die geloof hoewel hy Hom nie met sy oë sien nie."[200]

En om kortliks die aandag ook hierop te vestig: hy stel die teenwoordigheid van Christus vir ons op drie maniere voor, naamlik deur sy majesteit, deur sy voorsienigheid en deur sy onuitspreeklike genade. Onder laasgenoemde verstaan ek die wonderbaarlike gemeenskap met sy liggaam en sy bloed mits ons begryp dat dit deur die krag van die Heilige Gees geskied en nie deur hulle versonne insluiting van sy liggaam in 'n element (van brood) nie. Ons Here het immers getuig dat Hy vleis A 515 en bene het wat aangeraak en gesien kon word.[201] En die woorde *weggaan* en *opvaar* beteken nie 'n skyn van opvaar en weggaan nie, OS 380 maar dit stel waarlik voor wat die woorde weergee. "Maar", sal iemand vra, "moet ons dan aan 'n bepaalde gebied van die hemel aan Christus toeken?" So ver dit my aangaan, antwoord ek saam met Augustinus dat dit 'n uiters nuuskierige en onnodige vraag is as ons maar net glo dat Hy in die hemel is.[202]

### 27. *Die leer van die ubikwiteit word ook deur Christus se hemelvaart self weerlê*

Maar hoe dan? Dui die woord *opvaar* wat reeds so dikwels herhaal is, nie op 'n verhuising van een plek na 'n ander nie? Hulle sê nee, omdat volgens hulle deur hoogte slegs die majesteit van sy mag aangedui word. Maar wat beteken die manier van sy hemelvaart self? Beteken dit nie dat Hy ten aanskoue van sy dissipels in die hemel opgevoer word nie? Vertel die skrywers van die evangelies dan nie oop en bloot dat Hy in die hemel opgeneem is nie?[203]

Maar nou opper hierdie skerpsinnige Sofiste die beswaar dat Hy deur 'n wolk wat tussen hulle gekom het, uit hulle gesigsveld weggeneem is

197 Vgl. Mark. 16:19.
198 Vgl. Hebr. 1:3.
199 Vgl. Matt. 26:11 en vraag 47 van die Heidelbergse Kategismus.
200 Marg. *Tract. in Iohannem 50.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 50.13 (MPL 35:1763; CCSL 36:438 - 439).
201 Vgl. Joh. 20:27.
202 Marg. *Lib. de fide & symb. ca. 6.* Augustinus, *De fide et symbolo* 6.13 (MPL 40:188; CSEL 41:16).
203 Marg. *Act. 1.b.9. Mar. 16.d.19. Luc. 24.g.51.*

sodat die gelowiges kon leer dat Hy hierna nie meer sienlik op die wêreld sal wees nie. Net asof Hy inderdaad in 'n oogwenk moes verdwyn het om sy onsienlike teenwoordigheid geloofwaardig te maak, òf dat 'n wolk Hom moes bedek het voordat Hy 'n voet versit het! Wanneer Hy inderdaad omhoog die lug ingevoer word,[204] en Hy ons deur die wolk wat Hom omring het, leer dat ons Hom nie meer op die aarde moet soek nie, lei ons veilig daaruit af dat sy tuiste nou in die hemel is. So verklaar Paulus ook en hy gelas ons dat ons Hom van daar af moet verwag.[205] Daarom vermaan die engele die dissipels ook dat hulle tevergeefs na die hemel opkyk, omdat Jesus wat in die hemel opgeneem is, net so sal kom soos hulle Hom na die hemel sien opvaar.[206]

Maar ook hieruit ontkom die teenstanders van die gesonde leer met 'n pragtige uitvlug, soos hulle meen, naamlik dat Hy dan sienlik sal kom terwyl Hy nooit van die aarde af weggegaan het nie maar altyd onsienlik onder die wat aan Hom behoort, bly.[207] Net asof die engele daar 'n tweevoudige teenwoordigheid te kenne gee en nie sy dissipels doodeenvoudig OC 1027 ooggetuies maak van sy hemelvaart om geen twyfel daaroor te laat nie. Dit is asof hulle gesê het: "Terwyl julle dit sien, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy die hemelse koninkryk vir Homself verkry. Daar bly dus oor dat julle geduldig moet wag totdat Hy weer kom as die Regter van die wêreld. Hy het immers nie nou in die hemel ingegaan om dit alleen te besit nie, maar om julle en al die godvrugtiges saam met Hom daar te versamel".

### 28. *Die kerkvaders en besonderlik Augustinus lewer geen getuienis dat hulle die ubikwiteitsleer steun nie*

Omdat die voorstanders van hierdie onegte leerstelling hulle egter nie skaam om dit met die steun van die skrywers van ouds, en besonderlik van Augustinus,[208] toe te rus nie, sal ek kortliks verduidelik hoe verkeerd hulle dit probeer doen. Aangesien hulle getuienis reeds deur geleerde OS 381 en godvrugtige manne bymekaargemaak is,[209] wil ek iets wat reeds

[204] Vgl. Hand. 1:9.

[205] Marg. *Philip. 3.d.20.* Vgl. OC 52:55 - 56.

[206] Kyk Hand. 1:11.

[207] Vgl. Westphal, *Fides Cyrilli de praesentia corporis* (1555); *Collectanea*, fo. G3b - 4a; *De coena Domini conf.* (1558), fo. C4b e.v. en OS 5:369 - 395.

[208] Calvyn sinspeel hier op Westphal se werk *Collectanea sententiarum divi Augustini* (1555) en verwysings na Augustinus in sy ander werke.

[209] Calvyn verwys na versamelings getuienis waarna hy reeds in sy *Dilucida explicatio sanae doctrinae de vera participatione corporis et sanguis Christi in sacra Coena* (1561) (OC 9:490) verwys het. Hierin het hy met instemming na die werk van Oecolampadius, *De genuina verborum Domini, Hoc est corpus meum, iuxta vetustissimos authores expositione liber* (1525); *Dialogus quo patrum sent. de coena Domini bona fide explanat* (1530); Bullinger, *Apologetica expositio* (1536); en Petrus Martyr Vermiglius, *Tractatio da sacramento eucharistiae* (1549) verwys.

afgehandel is, nie weer oordoen nie. Elkeen kan maar uit hulle studies put wat hulle wil. Ek sal selfs nie eens uit Augustinus al die getuienis aanhaal wat tot die onderwerp kan bydra nie, maar ek sal daarmee tevrede wees om met 'n paar woorde aan te dui dat hy sonder teenspraak ten gunste van ons hele standpunt is.[210]

Die voorwendsel van ons teenstanders waarmee hulle dit ook van ons wil afpers, is heeltemal ongegrond wanneer hulle sê dat dit oral in sy boeke voorkom dat die vlees en bloed van Christus, die offer wat eertyds aan die kruis gebring is, in die nagmaal uitgedeel word.[211] Augustinus noem dit egter self ***danksegging*** of die ***sakrament van sy liggaam.*** [212]

Voorts is daar geen rede waarom ons met 'n lang ompad langs hoef te soek na die betekenis waarin hy die woorde ***vlees en bloed*** gebruik nie. Hy verklaar dit immers self wanneer hy sê dat die sakramente hulle name aflei uit die ooreenkoms met die dinge waarop hulle dui, en dat die sakrament van sy liggaam daarom in 'n sekere sin sy liggaam is.[213]

Hiermee stem 'n ander aanhaling wat bekend genoeg is, ooreen: "Die Here het nie geaarsel om te sê: 'Dit is my liggaam' toe Hy 'n teken (van sy liggaam) gegee het nie".[214] Hulle opper weer eens die beswaar dat Augustinus uitdruklik skryf dat Christus se liggaam op die aarde val[215] en in die mond ingaan,[216] naamlik in dieselfde sin as waarin hy verklaar dat Hy verteer word. Hy voeg beide hierdie dinge immers saam. Dat hy sê OS 382 dat die brood verteer word nadat die sakrament van die nagmaal afgehandel is, vorm geen beletsel hierteen nie,[217] want hy het 'n rukkie tevore gesê dat die sakramente as heilige sake geëerbiedig kan word, maar nie as wonderlike dinge nie, omdat dit vir mense bekende dinge is en dit deur mense bedien word.[218]

'n Ander stelling van hom wat ons teenstanders uiters ondeurdag hulle toe-eien, het dieselfde strekking, naamlik wanneer hy sê dat Christus Homself in 'n sekere sin in sy eie hande gedra het toe Hy die nagmaalsbrood vir sy dissipels aangebied het.[219] Deur trouens 'n bywoord van vergelyking daar by te stel, dui hy genoegsaam aan dat

210 Die reeks aanhalings uit Augustinus se werke in hierdie afdeling word vermeld deur OS 5:381 - 384 en vollediger deur Smits 2:54 e.v. en berus op aanhalings wat Westphal in sy *Collectanea* uit Augustinus se werke gemaak het.

211 Westphal, *Collectanea* B2a e.v.

212 Augustinus, *De Trin.* 3.4.10 (MPL 42:873); *De pec. mer. et rem.* 1.24.34 (MPL 44:128).

213 Marg. *Ad Bonif. epist. 23.* Augustinus, *Ep.* 98.9 (*Ad Bonifacium*) (MPL 33:364; CSEL 34,2:531 e.v.).

214 Marg. *Contra Adimantum Manich. lib. 12.* Augustinus, *Contra Adimantum* 12.3 (MPL 42:144; CSEL 25,1:140 e.v.).

215 Kyk Westphal, *Collectanea* B7b - 8a.

216 Kyk Pseudo-Augustinus, *Serm.* 265.4 (MPL 39:2239 - aanhangsel); en Westphal, *Collectanea* B8a.

217 Marg. *Lib. 3. De Trin. cap. 10.* Augustinus, *De Trin.* 3.10.19 (MPL 42:879 - 880; CCSL 50:146 - 147). Vgl. Westphal, *Collectanea* B4a.

218 *Ibid.* c. 10, 20.

219 Marg. *In Psal. 33.* Augustinus, *In Ps. 33 serm.* 1.10 (MPL 36:306; CCSL 38:281). Vgl. ook Westphal, *Collectanea* B5b - 6a.

Christus nie waarlik en ook nie werklik in die brood ingesluit was nie.[220] Geen wonder nie! Hy dui immers elders oop en bloot aan dat daar geen liggame sal wees as die ruimte daaryan weggeneem word nie; en omdat hulle nêrens sal wees nie, sal hulle hoegenaamd nie bestaan nie.[221] Dit is maar 'n flou uitvlug as hulle sê dat dit nie daar handel oor die nagmaal[222] waarin God besondere krag toon nie. Die vraag het immers oor Christus se vlees ontstaan en hierdie heilige man het doelbewus geantwoord: "Christus het onsterflikheid aan sy vlees gegee, maar Hy het nie die natuur van sy vlees weggeneem nie. Na aanleiding van die aard van sy vlees moet ons nie dink dat dit oral teenwoordig is nie en ons moet waak dat ons die Godheid van sy menswees nie so ombou dat ons die ware aard van sy liggaam wegneem nie. Daaruit volg egter nie dat iets wat in God is, oral as God aanwesig is nie".[223] Hy voeg weldra die OC 1028 rede daarvoor by: "Want Christus is een Persoon, God en mens, en in albei een Christus; Hy is oral omdat Hy God is, en in die hemel deur dit waardeur Hy mens is".[224] Van watter onverskilligheid sou dit nie getuig het as hy die sakrament van die nagmaal, iets wat so ernstig en so gewigtig is, nie uitgesonder het as daarin iets voorgekom het wat strydig is met die leer wat hy daar behandel nie! En as iemand nogtans aandagtig lees wat 'n rukkie later daarop volg, sal hy vind dat ook die nagmaal onder hierdie algemene leer saamgevat word. Hy sê naamlik dat Christus die eniggebore Seun van God is en dat dieselfde Christus as Seun van die mens, ten volle en oral as God aanwesig is, en dat Hy in die tempel van God - dit is in die OS 383 kerk -, as inwonende God aanwesig is, en 'n bepaalde plek in die hemel bewoon vanweë die aard van sy ware liggaam.[225] Ons sien hoe hy, om Christus met die kerk te verenig, sy liggaam nie uit die hemel te voorskyn bring nie. Dit sou hy beslis gedoen het as Christus se liggaam nie waarlik vir ons voedsel was tensy dit onder die brood ingesluit is nie. Elders beskryf hy hoe die gelowiges Christus nou besit. Hy sê: "Jy besit Christus deur die teken van die kruis, deur die sakrament van die doop en deur die voedsel en drank van die altaar".[226] Ek redeneer nou nie A 516 daaroor met watter reg hy 'n bygelowige seremonie onder die tekens van die teenwoordigheid van Christus reken nie, maar iemand wat die teenwoordigheid van sy vlees met die kruisteken vergelyk, bewys voldoende dat hy Christus nie voorstel as God met twee liggame sodat

220 Augustinus, *In Ps. 33 serm.* 2.2 (MPL 36:308; CCSL 38:282 - 283).
221 Augustinus, *Ep.* 187.6.18 (*Ad Dardanum*) (MPL 33:838; CSEL 57:96 e.v.).
222 Kyk Westphal, *Collectanea* F8b.
223 Marg. *Epist. ad Dardanum.* Augustinus, *Ep.* 187.3.10 (*Ad Dardanum*) (MPL 33:836; CSEL 57:89 - 90).
224 *Ibid.*
225 Augustinus, *Ep.* 187.13.41 (MPL 33:848; CSEL 57:118).
226 Marg. *Tract. 50 in Iohannem.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 50.12 (MPL 35:1763).

Hy wat sienlik in die hemel sit weggesteek en in die brood verskuil is nie. As dit 'n verduideliking nodig het, word daar onmiddellik hierna bygevoeg dat ons Christus volgens die teenwoordigheid van sy majesteit altyd by ons het, maar dat volgens die teenwoordigheid van sy vlees met reg gesê is: "Julle sal My nie altyd by julle hê nie".[227]
Ons teenstanders maak beswaar dat daarna dadelik bygevoeg word: "Na die onuitspreeklike en onsienlike genade gaan dit wat deur Hom gesê is, in vervulling: 'Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld'."[228] Maar dit hou vir hulle geen voordeel in nie omdat dit ten slotte tot sy majesteit beperk is wat altyd teenoor sy liggaam gestel word, en sy vlees word uitdruklik van sy genade en sy krag onderskei. Elders kan ons byvoorbeeld dieselfde teenstelling by hom lees, naamlik dat Christus sy dissipels na sy liggaamlike teenwoordigheid verlaat het om na sy geestelike teenwoordigheid saam met hulle te wees.[229] Hieruit is dit duidelik dat die wese van sy vlees van die krag van sy Gees onderskei word wat ons met Christus verenig - ons wat as gevolg van die afstande andersins ver (van sy liggaamlike teenwoordigheid) weg is.[230]
Hy gebruik dieselfde uitdrukkingswyse baie dikwels, soos byvoorbeeld wanneer hy sê: "Volgens die geloofsreël en die gesonde leer sal Hy net so met sy liggaamlike teenwoordigheid na die lewendes en die dooies kom want Hy sou in elk geval met sy geestelike teenwoordigheid kom en Hy sou met die kerk op die wêreld wees tot die voleinding van die OS 384
tyd".[231] Hierdie woorde is dus gerig op die gelowiges wat Hy alreeds deur sy liggaamlike teenwoordigheid begin red het en vir wie Hy in die afwesigheid van sy liggaam verlaat het om hulle deur sy geestelike teenwoordigheid saam met die Vader salig te maak. Maar om die woord ***liggaamlik*** as ***sienlik*** [232] op te neem is onsin want hy stel sy liggaam ook teenoor sy Goddelike mag wanneer hy byvoeg: "Om hulle saam met die Vader salig te maak".[233] Daarmee bring hy duidelik tot uitdrukking dat Christus sy genade uit die hemel deur die Gees in ons uitstort.

## 29. *Verdere weerleggings van die leer van die ubikwiteit van Christus se liggaamlike teenwoordigheid*

En aangesien hulle soveel vertroue stel in hierdie skuilplek van 'n OC 1029

[227] Marg. *Mat. 26.a.11.* Vgl. ook vers 13.
[228] Marg. *Mat. 28.d.20.* Vgl. Westphal, *Collectanea* G5b.
[229] Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 92.1 (MPL 35:1862) en Westphal, *Collectanea* G6a.
[230] Augustinus, *Ep.* 187.3.10 (MPL 33:835; CSEL 57:89).
[231] Augustinus, *In Joan. ev. tract.* 106.2 (MPL 35:1909). Vgl. ook Matt. 28:20 en Joh. 17:12.
[232] Vgl. Westphal, *Collectanea* G6a.
[233] Kyk Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 106.2 (MPL 35:1909).

onsienlike teenwoordigheid,[234] kom dan, laat ons sien hoe goed hulle hulle daarin versteek! Ten eerste sal hulle nie 'n lettergreep uit die Skrifte te voorskyn kan bring om te bewys dat Christus onsienlik is nie. Hulle neem egter doelbewus aan - en niemand met gesonde verstand sal hulle dit toegee nie -, dat Christus se liggaam nie op 'n ander manier in die nagmaal aangebied kan word as wanneer dit deur die masker van die brood bedek is nie. En dit is juis die kern waaroor hulle met ons twis - verre sy dit daarvan dat dit 'n beginselsaak is! En terwyl hulle so babbel, word hulle gedwing om die liggaam van Christus tweevoudig te maak omdat dit volgens hulle sienlik is in die hemel, maar volgens 'n besondere wyse van beskikking onsienlik in die nagmaal.[235] Maar dit is maklik om sowel na aanleiding van ander Skrifverwysings as na aanleiding van Petrus se getuienis te oordeel hoe pragtig dit steek hou. Petrus sê dat Christus in die hemel gehou of ingesluit moet word totdat Hy weer kom.[236] Hulle leer dat Hy orals is, maar sonder vorm.[237] Hulle maak beswaar dat dit onbillik is om die natuur van sy verheerlikte liggaam aan die wette van die gewone natuur te onderwerp.[238] En tog sleep hierdie antwoord die waansin van Servet in, naamlik dat sy liggaam deur sy Godheid verswelg is - iets wat tereg vir alle godvrugtiges afstootlik is.[239] Ek sê nie dat hulle ook so voel nie, maar as onder die gawes van sy verheerlikte liggaam gereken word dat Hy alles op 'n onsienlike wyse volbring, is dit duidelik dat sy liggaamlike wese tot niet gemaak en geen onderskeid tussen sy Goddelike en sy menslike natuur gelaat word nie. Verder, as Christus se liggaam dan so veelvormig en veranderlik is dat dit in een plek sigbaar, maar op 'n ander plek onsigbaar is, waar is dan die natuur van sy liggaam wat uit sy eie afmetings bestaan? En waar is die eenheid daarvan? Tertullianus se opvatting is baie meer korrek. Hy voer aan dat Christus se liggaam 'n ware en natuurlike liggaam was omdat die vorm daarvan in die sakrament van die nagmaal as 'n pand en ver- OS 385
sekering van die geestelike lewe aan ons voorgehou word.[240] En Christus het beslis oor sy verheerlikte liggaam gesê: "Kyk en voel, want 'n gees het nie vleis en bene nie".[241] Kyk, uit Christus se eie mond word die waarheid van sy vlees bewys omdat dit gevoel en gesien kan word. Neem

[234] Vgl. Westphal, *Collect.* G3b; *Apol. conf.* p. 250 e.v.

[235] Kyk Westphal, *Collectanea* G3b; *Apol. conf.* p. 255 e.v.

[236] Marg. *Act. 3.d.21.* Vgl. OC 48:72 - 73.

[237] Kyk Westphal, *Apol. conf.* p. 228, 237.

[238] Vgl. Westphal, *Collectanea* F6b, G8a - H1a.

[239] Vgl. Servet, *Christ. restit. Ep.* 17, p. 620; *Ep.* 6, p. 590 = OC 8:681 - 682; 659. Vgl. ook *Inst.* 2.14.8 (Afr. vert. 2:645 - 647).

[240] Tertullianus, *Adv. Marcionem* 4.40: *Hoc est corpus meum... id est, figura corporis mei. Figura autem non fuisset nisi veritatis esset corpus* - dit is my liggaam, dit is die gestalte van my liggaam. Daar sou egter geen gestalte gewees het as daar nie 'n liggaam van waarheid ('n ware liggaam) was nie (MPL 1:491; CCSL 1:656; CSEL 47:559 e.v.).

[241] Marg. *Luc. 24.f.39.* Vgl. OC 45:812 - 813.

dit weg, en daar sal geen vlees meer wees nie.

Hulle neem altyd hulle toevlug tot die skuilplek van hulle beskikking wat hulle vir hulleself gesmee het. Dit is egter ons plig om iets wat Christus uitdruklik verklaar het, so te omhels dat dit wat Hy wou verklaar, sonder uitsondering by ons geldig is. Hy bewys dat Hy nie 'n spook is nie omdat Hy na sy vlees sigbaar is. Neem dit wat Hy as eiesoortig aan die natuur van sy liggaam toeskryf, weg: moet ons dan nie 'n nuwe omskrywing van sy liggaam smee nie? Waarheen hulle hulle ook al draai, daar is geen plek vir hulle versonne beskikking in Paulus se verklaring wanneer hy sê dat ons ons Saligmaker uit die hemel verwag wat ons nederige liggaam aan sy verheerlikte liggaam gelykvormig sal maak nie.[242] Ons moet trouens geen gelykvormigheid verwag van daardie eienskappe wat hulle aan Christus toedig sodat ons elkeen 'n onsienlike en onmeetlike liggaam sou besit nie. Daar sal immers niemand gevind kan word wat so dom is dat hulle hom van so 'n groot waansinnigheid kan oortuig nie. Hulle moet dus nie hierdie gawe aan die verheerlikte liggaam van Christus toeskryf nie, naamlik dat dit tegelyk op baie plekke is en deur geen ruimte ingesluit word nie.

Kortom: hulle moet òf openlik die wederopstanding van sy vlees verloën òf hulle moet toegee dat Christus, nadat hy met die hemelse heerlikheid beklee is, nie afstand gedoen het van sy vlees nie omdat Hy ons in ons vlees deelgenote in en deelnemers aan dieselfde heerlikheid daarvan OC 1030 sal maak omdat ons die wederopstanding met Hom deel. Want wat is daar wat die hele Skrif duideliker leer as dat Christus Hom waarlik so OS 386 met ons vlees beklee het toe Hy uit 'n maagd gebore is, en waarlik in ons vlees gely het toe Hy vir ons voldoening gelewer het? Net so het Hy dieselfde ware vlees by sy opstanding terugontvang en die hemel ingedra.

Die feit dat Christus opgestaan en opgevaar het, is trouens ons hoop op ons eie wederopstanding en hemelvaart, en soos Tertullianus sê, het Hy die pand van ons wederopstanding saam met Hom na die hemel geneem.[243] Hoe swak en broos sou hierdie verwagting nie gewees het as A 517 ons vlees nie in Christus opgewek en in die koninkryk van die hemel ingegaan het nie? En tog is dit 'n eiesoortige waarheid van die liggaam dat dit ruimte in beslag neem, dat dit mate het en sy eie vorm. Weg dus met die dwaas versinsel wat sowel die mense se verstand as Christus aan brood vasheg! Waarop is 'n teenwoordigheid wat in die brood verberg is, immers anders gerig as dat diegene wat die begeerte koester om hulle met Christus te verenig, verknog bly aan die blote teken? En tog wou die Here nie alleen ons oë nie, maar al ons sintuie van die aarde af weglei

242 Marg. *Philip. 3.d.21.* Kyk ook vers 20.
243 Vgl. Tertullianus, *De carnis resurrectione* 51.2 (CCSL 2:994; CSEL 47:105 e.v.).

toe Hy die vrouens verbied het om Hom aan te raak voordat Hy na sy Vader opgevaar het.[244] Wanneer Hy sien dat Maria haar met vroom begeerte om Hom te eerbiedig, haas om sy voete te soen, is daar geen ander rede waarom Hy hierdie aanraking afkeur en verbied voordat Hy in die hemel opgeneem is nie as omdat Hy nêrens anders as in die hemel gesoek wil word nie.

Hulle beswaar dat Hy later deur Stefanus gesien is,[245] is maklik om op te klaar. Christus het trouens nie nodig gehad om van plek te verander nie, omdat Hy aan die oë van sy dienskneg heldersiendheid kon gee om tot in die hemel deur te dring. En van Paulus moet ons dieselfde sê.[246] Hulle opper die beswaar dat Christus uit sy graf uitgegaan het nadat dit gesluit is[247] en dat Hy na sy dissipels gekom het nadat die deure toegemaak is.[248] OS 387
Dit ondersteun hulle dwaling egter ewe min. Want net soos die water asof dit 'n vaste plaveisel was, vir Christus 'n pad gemaak het toe Hy op die meer geloop het,[249] so is dit nie snaaks as die hardheid van 'n klip verander wanneer Hy dit teëkom nie. Dit is nogtans waarskynliker dat die klip op sy bevel wegbeweeg het, en nadat dit oopgegaan het, weer na sy plek teruggekeer het. En om ('n vertrek) binne te gaan ten spyte daarvan dat die deure gesluit is, dra ook nie soveel gewig as om deur 'n vaste stof te dring nie, maar dat Hy deur sy Goddelike krag vir Hom 'n toegang maak sodat Hy skielik tussen sy dissipels gestaan het hoewel die deure gegrendel was, het duidelik op wonderbaarlike wyse gebeur.

Die aanhaling wat hulle uit Lukas haal, naamlik dat Christus skielik uit die gesigsveld van sy dissipels verdwyn het saam met wie Hy na Emaus gegaan het,[250] hou vir hulle geen voordeel in nie, maar help ons wel. Want Hy het nie onsigbaar geword toe Hy hulle aanskouing van Hom van hulle weggeneem het nie maar Hy het net van hulle af weggegaan. En volgens dieselfde Lukas se getuienis, het hy byvoorbeeld ook nie toe Hy met hulle saam op reis was, 'n nuwe gestalte aangeneem om nie herken te kan word nie, maar Hy het hulle herkenning weerhou.[251] Ons teenstanders verander Christus nie alleen om op die aarde te bly nie, maar hulle skep ook die versinsel dat Hy elders iemand anders is as hier en dat Hy nie is soos Hy is nie. Kortom: deur sulke onsin kwyt te raak, maak hulle weliswaar nie woordeliks nie, maar deur 'n omskrywing van Christus se vlees 'n gees. En ook daarmee nie tevrede nie, beklee hulle sy vlees met eienskappe wat heeltemal teenstrydig is. Daaruit volg

244 Marg. *Iohan. 20.d.17.*
245 Marg. *Act. 7.g.55.* Kyk ook Hand. 7:59 en die geloofsbelydenis van die predikante van Magdeburg, fo. G3a.
246 Marg. *Act. 9.a.4.* Kyk ook Bullinger se brief, nr. 2630 van 16 Mei 1557 aan Calvyn (OC 16:484 - 485).
247 Marg. *Matt. 28.b.6.* Vgl. Westphal, *Collectanea* fo. F2b en *Apol. conf.* p. 201 e.v.
248 Marg. *Iohan. 20.e.19.* Vgl. Westphal, *Collectanea* fo. F2b e.v. en *Apol. conf.* p. 199, 253.
249 Marg. *Matt. 14.c.25.*
250 Marg. *Luc. 24.e.31.*
251 Marg. *Ibidem, c.16.* Vgl. Luk. 24:16.

noodwendig dat Christus se vlees tweevoudig is.

### 30. *Die dwaling van die voorstanders van die ubikwiteitsleer grens aan die kettery van Eutyches en Servet* OC 1031

Maar al sou ons toegee aan hulle geklets in verband met die onsienlike teenwoordigheid (van Christus se liggaam), sal die onmeetlikheid daarvan nog nie bewys wees nie, en daarsonder sal hulle verniet probeer om Christus onder die brood in te sluit. As Christus se liggaam nie oral en tegelyk sonder enige ruimtelike beperking kan bestaan nie, sal 'n mens nie kan glo dat Hy in die nagmaal onder brood verberg is nie. Onder dwang hiervan is die wanskape leer van die alomteenwoordigheid deur hulle ingevoer.[252] En tog is reeds aan die hand van vaste en duidelike Skrifgetuienis aangetoon dat 'n mens se liggaam mate het. OS 388 Verder is aangetoon dat Christus deur sy hemelvaart duidelik gemaak het dat Hy nie op alle plekke is nie maar dat Hy een plek verlaat wanneer Hy na 'n ander plek oorgaan. En hulle moet ook nie die belofte wat hulle aanvoer, naamlik: "Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld",[253] op sy liggaam toepas nie. Ten eerste sal daar geen voortgesette vereniging bestaan tensy Christus met uitsondering van die gebruik van die nagmaal liggaamlik in ons inwoon nie. Hulle het dus geen grondige rede om so bitterlik oor Christus se woorde te stry om Christus onder die brood in die nagmaal in te sluit nie.

Ten tweede bewys die samehang dat Christus allermins van sy vlees praat, maar dat Hy onoorwinlike bystand aan sy dissipels beloof om hulle teen al die aanslae van die Satan en van die wêreld te beskerm en te onderskraag. Aangesien Hy hulle 'n moeilike taak opgelê het, versterk Hy hulle deur die vertroue op sy teenwoordigheid om nie te aarsel om hierdie taak aan te pak of dit bewerig aan te pak nie. Dit is asof Hy gesê het dat sy hulp wat onoorwinlik is, hulle nie sal ontbreek nie. As hulle alles nie deurmekaar wou krap nie, moes hulle dan nie die wyse van sy teenwoordigheid onderskei het nie? En sommiges van hulle verkies beslis om hulle eie onkunde met groot oneer aan die lig te bring eerder as om in die minste van hulle dwaling af te wyk.

[252] Calvyn trek hier duidelik te velde teen die Lutherse ubikwiteitsleer. Benoit is van mening dat Luther besonder sterk deur Ockam beïnvloed is. Laasgenoemde het hierdie leerstelling besonderlik in sy *Centilogium theologicum*, Lyon (1495) uiteengesit en saamgevat in die volgende woorde: *Corpus Christi potest esse ubique sicut Deus est ubique* - Christus se liggaam kan oral wees soos God oral is (*Conclusio* 25). In Luther se werke vind dit neerslag in sy *Wider die himml. Propheten* (1525) (WA 18:206; 211); *Dass diese Wort Christi "Das ist mein leib..." noch fest stehen* (1527) (WA 23:153 e.v.) en *Vom Abendmahl Christi* (1528) (WA 26:318; 428 - 430).

[253] Marg. *Matt. 28.d.20.*

Ek praat nie van die pousgesindes wie se leer draagliker of ten minste eerbiediger is nie. Ek praat van sommige mense wat so deur hulle rusie meegesleur word dat hulle beweer dat oral waar die Godheid van Christus is, sy vlees ook vanweë die eenheid van sy (twee) nature teenwoordig is omdat die een nie van die ander geskei kan word nie - net asof die vereniging van sy twee nature die een of ander ding tussen die twee saamgeflans het wat nòg God, nòg mens is.

Eutyches het weliswaar so 'n opvatting gehuldig[254] en na hom ook Servet.[255] Maar uit die Skrif kan duidelik afgelei word dat die enige Persoon van Christus op so 'n manier uit twee nature bestaan dat elkeen daarvan nogtans sy eienskappe ongedeerd behou. Hulle sal hulle skaam om te sê dat Eutyches nie met reg veroordeel is nie, maar dit is verbasend dat hulle nie opmerk wat die oorsaak van sy veroordeling was nie, naamlik dat hy die onderskeid tussen Christus se nature weggeneem het, en die eenheid van sy Persoon so op die spits gedryf het dat hy van God 'n mens en van 'n mens God gemaak het. Watter soort waansinnigheid is dit dan om hemel en aarde deurmekaar te krap eerder as om Christus se liggaam uit die hemelse heiligdom af te trek?

Hulle voer as getuienis vir hulle saak aan: "Niemand het na die hemel opgevaar behalwe die Seun van die mens wat in die hemel is nie";[256] en ook: "Die Seun wat in die skoot van die Vader is, Hy het dit self verklaar".[257] Dit kenmerk hulle stompsinnigheid dat hulle die gemeenskaplikheid van die eienskappe[258] verag wat eertyds nie sonder rede deur die heilige kerkvaders uitgevind is nie. Wanneer daar gesê word OS 389 dat die *Here van die heerlikheid* gekruisig is,[259] verstaan Paulus nie daaronder dat Christus in sy Godheid enige lyding ondergaan het nie, OC 1032 maar dat Christus wat as 'n veragte en verworpe mens na die vlees gely het, ook God en die Here van die heerlikheid was. So was die Seun van die mens ook in die hemel[260] omdat dieselfde Christus wat na die vlees as Seun van die mens op die aarde gewoon het, God was in die hemel. A 518 Daarom word daar in dieselfde aanhaling gesê dat Hy na sy Godheid neergedaal het - nie dat sy Godheid die hemel verlaat het om Hom in die kerker van 'n liggaam te versteek nie -, maar omdat sy Godheid, ten spyte

254 Kyk *Inst.* 2.14.4 (Afr. vert. 2:639). Vgl. ook Leo I, *Ep.* 26 (MPL 54:745).

255 Vgl. *Inst.* 2.14.5 (Afr. vert. 2:640 - 642). Vgl. Servet, *Christ. restit.*, *De trinitate* 5:193 e.v., *De trinitate*, *Dial.* 2:250 e.v.

256 Marg. *Iohan. 3.b.13.* Vgl. ook Luther se vertolking hiervan in sy *Dass diese Wort Christi* (WA 33:147).

257 Marg. *Idem. 1.c.18* (Joh. 1:18).

258 *Idiomatum* κοινωνίαν. Vgl. *Inst.* 2.14.1 (Afr. vert. 2:634 - 635, n. 8). Vgl. Cyrillus Alexandrinus, *De incarnatione Unigeniti* (MPG 75:1244; 1249); Leo I, *Ep.* 28.5 (MPL 54:771); Johannes Damascenus, *Expositio fidei orthodox.* 3.3 (MPG 94:993).

259 Marg. *1. Cor. 2.b.8.*

260 Kyk Joh. 3.13.

daarvan dat Hy alles vervul het, nogtans liggaamlik,[261] dit is natuurlik, op die een of ander onuitspreeklike wyse in die mensheid van Christus ingewoon het.[262]
Die skole het 'n holruggeryde onderskeid en ek skaam my nie om dit hier aan te haal nie, naamlik: "Hoewel Christus ten volle oral is, is alles wat in Hom is egter nie oral nie".[263] Het die Skolastici tog maar die krag van hierdie stelling deeglik oorweeg want dan sou die dwase breinkind van 'n vleeslike teenwoordigheid van Christus so voorkom gewees het! Aangesien ons Middelaar dus ten volle oral aanwesig is, is Hy dus altyd naby die wat aan Hom behoort, en Hy betoon Hom op 'n besondere wyse in die nagmaal, nogtans so dat Hy ten volle daar aanwesig is, maar nie volledig nie want, soos gesê is, word Hy na sy vlees deur die hemel ingesluit totdat Hy verskyn om te oordeel.

31. *Die ware teenwoordigheid van Christus na die vlees deur die verborge werking van die Heilige Gees*

Mense wat hulle egter verbeel dat daar geen teenwoordigheid van Christus se liggaam in die nagmaal is behalwe as dit in die brood gestel word nie, misgis hulle terdeë. So laat hulle trouens niks vir die verborge werking van die Gees wat Christus met ons verenig, oor nie. Hulle indruk is dat Christus nie teenwoordig is nie tensy Hy na ons neerdaal. Net asof ons sy teenwoordigheid nie eweveel sou kon geniet as Hy ons na Hom ophef nie! Die geskil handel dus slegs oor die wyse (van sy teenwoordigheid), omdat hulle Christus in die brood plaas, maar ons meen dat dit nie reg is om Hom uit die hemel af te trek nie. My lesers moet maar oordeel wie reg is. Weg egter met die valse beskuldiging (teen ons) dat Christus van sy nagmaal weggeneem word as hy nie onder die bedekking van die brood verborge is nie.[264] Aangesien hierdie sakrament immers hemels is, is dit nie nodig om Christus na die aarde af te trek om met ons verenig te wees nie.

32. *Die manier waarop Christus wel in die nagmaal teenwoordig is, gaan die mens se verstand te bowe*

As iemand my verder oor die manier (waarop sy liggaam in die nagmaal)

261 Vgl. Kol. 2:9.
262 Vgl. *Inst.* 2.13.4 (Afr. vert. 2:632 - 633).
263 Kyk Lombardus, *Sent.* 3.22.3 (MPL 192:804) asook Melanchthton, *Enar. in Ep. Pauli ad Col.* 3 (CR 15:1271).
264 Dit is belangrik om daarop te let dat Calvyn se stryd teen Luther en die Roomse kerk nie oor die vraag of Christus in die nagmaal teenwoordig is of nie, gehandel het nie. Dat Christus wel in die nagmaal teenwoordig was, het hulle eenstemmig aanvaar, maar hulle het verskil oor die wyse van sy teenwoordigheid. Vgl. ook die geloofsbelydenis van die Magdeburgse predikante fo. B6b.

teenwoordig is, sou ondervra, sal ek my nie skaam om te erken dat OS 390 hierdie geheimenis te verhewe is òf om deur my verstand begryp, òf in woorde weergegee te kan word, en, om dit nou maar openlik te sê, ek ervaar dit eerder as wat ek dit begryp. Ek omhels dus sonder teenspraak die waarheid van God hier waarop ek veilig mag steun.

Christus verklaar dat sy vlees voedsel, en dat sy bloed drank vir my siel is.[265] Ek bied my siel vir Hom aan om deur sulke voedsel gevoed te word. Hy gebied my om in sy heilige nagmaal onder die tekens van brood en wyn sy liggaam en sy bloed te neem, te eet en te drink. Ek het geen twyfel daaroor dat Hy self dit waarlik vir my aanbied en dat ek dit van Hom ontvang nie. Ek verwerp egter ongerymdhede wat òf sy hemelse majesteit onwaardig is, òf wat vreemd is aan die waaragtigheid van sy menslike natuur. Dit moet trouens noodwendig met die Woord van God bots omdat die Skrif leer dat Christus ook so in die heerlikheid van die hemelse koninkryk opgeneem is[266] dat Hy bo alle wêreldse toestande OC 1033 verhewe is, en nietemin alles wat aan sy ware mensheid eie is, in sy menslike natuur by ons aanprys. En dit moet nie òf as iets ongeloofliks òf strydig met ons rede gesien word nie, want soos Christus se hele koninkryk geestelik is, so moet ons glad nie alles wat Hy met sy kerk doen, aan die maatstaf van hierdie wêreld meet nie. Of, om Augustinus se woorde te gebruik: "Hierdie geheimenis word soos alle ander dinge deur die mens gedoen maar op 'n Goddelike wyse; dit word op die aarde OS 391 gedoen maar op 'n hemelse wyse".[267]

Ek herhaal: Die teenwoordigheid van sy liggaam is sodanig as wat die inhoud van die sakrament vereis. Ons verklaar dat hierdie teenwoordigheid met so 'n groot krag en so 'n groot werking hierin aan die lig kom dat dit nie alleen 'n onwrikbare vertroue op die ewige lewe vir ons siele teweegbring nie, maar dat dit ons ook onbesorg maak oor die onsterflikheid van ons vlees. Want dit word nou reeds deur sy onsterflike vlees lewendig gemaak en dit deel op 'n sekere wyse nou reeds in sy onsterflikheid.[268] Diegene wat deur hulle eie uitspattighede verby hierdie opvatting gevoer word, doen niks anders as om die eenvoudige en openlike waarheid met sulke verbeeldingsvlugte te verduister nie.

As daar iemand is wat nog nie hierdeur tevrede gestel is nie, wil ek hê dat hy vir 'n wyle saam met my daaroor moet nadink dat ons nou van 'n sakrament praat waarvan ons alles op die geloof moet toepas. Ons voed ons geloof trouens ewe goed en oorvloedig deur die deelname in sy liggaam waarvan ons gepraat het, as diegene wat Christus self uit die

[265] Vgl. Joh. 6:53 e.v.
[266] Marg. *Luc. 24.d.26.* Vgl. ook OC 45:806.
[267] Augustinus, *De civ. Dei* 16.37 (MPL 41:516; CCSL 48:543).
[268] Marg. *Irenaeus lib. 4. cap. 34.* Irenaeus, *Contra haer.* 4.18.5 (MPG 7,1:1029).

hemel aftrek.

Intussen bely ek opreg dat ek die vermenging van Christus se vlees met ons siel, of soos hulle dit leer, die instorting van sy vlees,[269] verwerp omdat dit vir ons voldoende is dat Christus die lewe uit die wese van sy vlees in ons siele inblaas - ja, dat Hy sy eie lewe in ons uitstort ofskoon Christus se vlees self nie in ons ingaan nie. Hierbenewens bestaan daar geen twyfel daaroor dat die geloofsreël na aanleiding waarvan Paulus beveel dat ons alle Skrifuitleg moet meet, oor hierdie onderwerp duidelik in my guns is nie.[270] Diegene wat so 'n duidelike waarheid bestry, moet toesien na aanleiding van watter maatstaf hulle hulle skik. Iemand wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie.[271] En hierdie mense beroof Christus van sy vlees, of hulle dit nou wil ontken of nie wil weet nie.

## 33. *Die deelname aan die liggaam van Christus*

Oor die deelname aan die liggaam van Christus moet ons dieselfde opvatting huldig. Hulle erken egter geen deelname daaraan nie tensy hulle die vlees van Christus onder die brood insluk! En tog word die Heilige Gees erg veronreg as ons nie glo dat dit plaasvind vanweë sy onbegryplike mag dat ons in die vlees en die bloed van Christus deel nie. Ja, as die krag van die geheimenis soos dit deur ons geleer word en vir vierhonderd jaar aan die kerk van ouds bekend was, na die waarde daarvan oorweeg sou word, sou ons meer as genoeg gehad het om ons te bevredig. Dan sou die deur vir baie afstootlike dwalings waaruit verskriklike rusies ontbrand het, en waardeur die kerk sowel eertyds[272] asook in ons tyd jammerlik geteister is, gesluit gewees het toe nuus- OS 392
kierige mense 'n oordrewe soort teenwoordigheid vereis het wat die Skrif nooit aangetoon het nie. En hulle rumoer so oor 'n saak wat dwaas OC 1034
en onbesonne bedink is so asof die insluiting van Christus onder die brood, soos die spreekwoord lui, die voor en die agterstewe[273] (die begin en die einde) van godsvrug was.

Die belangrikste om te weet is hoe Christus se liggaam, nadat Hy eenmaal vir ons oorgelewer is, ons s'n word, en hoe ons deelgenote aan A 519
sy vergote bloed word want dit beteken om die gekruisigde Christus

[269] Vgl. Westphal, *Apol. conf.* p. 142.
[270] Marg. *Rom. 12.a.3.* Vgl. ook vers 6.
[271] Marg. *1. Joh. a.7* (*recte*: 1 Joh. 4:2 - 3).
[272] Calvyn verwys na die nagmaalstryd sedert Berengarius se tyd tot die Vierde Lateraanse Konsilie (1215) waar die transsubstansiasieleer in kanon 1 bekragtig is. Vgl. afdelings 12 en 14 hierbo.
[273] 'n Uitdrukking uit Cicero, *Ep. ad familiares* 16.24.1 (LCL 3:374). Dit kom ook voor in *Inst.* 3.4.20 en 4.18.18.

volledig in besit te neem sodat ons alles wat aan Hom behoort, kan geniet. Hulle laat hierdie onderwerpe egter vaar, ja, hulle verwaarloos dit en laat dit amper begrawe, hoewel dit van soveel belang was, en slegs hierdie een netelige vraagstuk behaag hulle, naamlik hoe Christus se liggaam onder die brood, of onder die vorm van brood versteek is. Hulle strooi valslik rond dat alles wat ons oor die geestelike ete leer, bots met die ware en, soos hulle dit noem, werklike ete. Ons rig ons oë immers slegs op die manier (van sy teenwoordigheid) wat onder hulle vleeslik is wanneer hulle Christus in die brood insluit, maar by ons geestelik omdat die verborge krag van die Gees die band van ons vereniging met Christus is.

Hulle tweede beswaar is ewe min waar, naamlik dat ons die vrug of die resultaat daarvan wat gelowiges uit die ete van Christus se liggaam ontvang, slegs oppervlakkig aanraak. Ons het trouens vroeër gesê dat Christus self die stof van die nagmaal is; dat daaruit inderdaad die vrug volg dat ons deur die offer van sy dood van ons sondes gereinig word, dat ons deur sy bloed afgewas word, en dat ons deur sy opstanding opgewek word tot die hoop op die hemelse lewe. Maar die dwaas voorstelling waarvan Lombardus die ontwerper was, het hulle verstand op 'n dwaalspoor gebring omdat hulle meen dat die eet van Christus se vlees 'n sakrament is. Lombardus sê trouens: "Die sakrament sonder die saak, is die gedaante van die brood en die wyn; die sakrament met die saak, is die vlees en die bloed van Christus; die saak sonder die sakrament is sy mistieke vlees".[274] 'n Rukkie later [275] sê hy: "Die saak waarop daarin gedui word en wat daarin vervat is, is die eie vlees van Christus; die saak waarop daarin gedui is, maar wat nie daarin vervat is nie, is sy mistieke liggaam". Ek stem met hom saam wanneer hy onderskei tussen die vlees van Christus en die krag daarvan om te voed waarvan dit voorsien is. Dat hy hom egter inbeeld dat dit 'n sakrament is, en dat dit inderdaad onder OS 393 die brood vervat is, is dwaalleer wat ons nie kan duld nie.

Hieruit het 'n valse vertolking van die sakramentele ete ontstaan omdat hulle gemeen het dat goddelose mense en misdadigers ook Christus se liggaam eet ofskoon hulle heeltemal vreemd teenoor Hom staan.[276] En tog is die vlees van Christus in die sakrament van die nagmaal net so 'n geestelike saak as die ewige saligheid. Hieruit lei ons af dat almal wat sonder die Gees van Christus is, net so min die vlees van Christus kan eet as wat hulle wyn kan drink wat sonder smaak is. Christus word beslis uitermatig onwaardig verskeur wanneer sy dooie en kragtelose liggaam

[274] Marg. *Lib. 4. Dist. 8.* Lombardus, *Sent.* 4.8.4 (MPL 192:857).
[275] In der waarheid is dit die volgende sin.
[276] Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.9.2; 4.18.4 (MPL 192:858; 886). Kyk ook Westphal, *Recta fides de coena Domini* (1553) fo. G4b. f.

aan ongelowiges verkwansel word, en dit is ook openlik strydig met sy woorde: "Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom".[277] Hulle maak beswaar dat dit daar nie gaan om die sakramentele ete nie. Ek erken dit wel, mits hulle hulle nie altyd op dieselfde rots te pletter loop nie, naamlik dat sy vlees sonder enige vrug geëet word.[278] Ek sou egter graag van hulle wil weet hoe lank hulle die vlees van Christus in hulle hou wanneer hulle dit geëet het. Hier sal hulle na my oordeel geen uitkomkans vind nie.

Maar hulle maak beswaar dat die trou van die beloftes van God nie deur die ondankbaarheid van mense ingekort kan word of kan verval nie.[279] Dit erken ek in elk geval, en ek sê dat die krag van die sakrament ongeskonde bly al sou goddelose mense sover dit binne hulle vermoë is, OC 1035
poog om dit tot niet te maak. Om iets aangebied te word is egter iets anders as om ontvang te word. Christus bied hierdie geestelike voedsel vir alle mense aan, en Hy sit hierdie geestelike drank aan almal te drinke voor. Party mense nuttig dit gretig, ander verwerp dit met afsku; sal hulle verwerping daarvan dan veroorsaak dat die voedsel en die drank hulle aard verloor?

Hulle sal sê dat hulle opvatting juis deur hierdie vergelyking gesteun word, naamlik dat die vlees van Christus nietemin vlees is al sou dit vir goddelose mense smaakloos wees. Ek sê inderdaad dat dit nie sonder die smaak van die geloof geëet kan word nie, of, as dit iemand eerder aanstaan dat ek met Augustinus moet saamstem, ontken ek dat mense meer uit die sakrament kan put as wat hulle in die houer van hulle geloof kan versamel.[280] So word die sakrament nie tekort gedoen nie; inteendeel, die waarheid en kragtige werking daarvan bly onverminderd hoewel goddelose mense met leë hande van die uitwendige deelname daaraan weggaan.

As hulle weer eens die beswaar opper dat die volgende uitspraak tekort gedoen word: "Dit is my liggaam", as goddelose mense niks meer as net bederfbare brood ontvang nie,[281] is die antwoord voor die handliggend, naamlik dat God nie as waaragtige God erken wil word in die ontvangs van sy goedheid nie maar in die konsekwente bestendigheid daarvan wanneer Hy bereid is om ook aan mense wat dit onwaardig is, iets te voorsien, ja, om ryklik hulle aan te bied wat hulle verwerp.

277 Marg. *Iohan. 6.f.56.*
278 Kyk Westphal, *Recta fides* fo. G7b.
279 *Ibid.* fo. G5b e.v.
280 Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 6.15; 53.10; 62.1 (MPL 35:1432; 1778; 1801); *De Baptismo* 5.8.9 (MPL 43:181). Augustinus gebruik hierdie beeld ook in sy kommentaar oor Psalm 142 (MPL 37:1854): ***Apud te, fons vitae, levavi animam meam, tanquam vas ad fontem attuli; imple ergo me*** - by U, die Bron van die lewe, het ek my siel verhef asof ek 'n houer na die bron gebring het; maak my dus vol. Vgl. ook Calvyn se kommentaar oor Matt. 13:58.
281 Kyk Westphal, *Recta fides* fo. H3a.

En die egtheid van die sakrament wat die hele wêreld nie geweld kan aandoen nie, is daarin geleë dat die vlees en die bloed van Christus aan mense wat dit onwaardig is, eweveel as aan die uitverkore gelowiges van God gegee word. Tegelyk is dit egter ook waar dat net soos reën wat op OS 394 
'n harde rots val, wegvloei omdat dit nie in die klip kan indring nie, goddelose mense eweneens vanweë hulle hardnekkigheid die genade van God verwerp sodat dit hulle nie kan binnedring nie. Hierbenewens is dit net so ongerymd dat Christus sonder die geloof ontvang kan word as wat saad in 'n vuur kan ontkiem. Hulle vraag hoe Christus sommige mense kon verdoem as hulle Hom nie op onwaardige wyse[282] ontvang nie, is onverstandig want ons lees nêrens dat mense hulle die dood op die hals gehaal het deur Christus onwaardig te ontvang nie, maar wel deur Hom te verwerp.

Die gelykenis van Christus help hulle niks. Wanneer Hy sê dat die saad tussen die dorings opkom en later verstik en bedorwe word,[283] verklaar Hy wat die waarde van 'n tydelike geloof is wat na hulle mening nie noodsaaklik is vir die eet van Christus se vlees en die drink van sy bloed nie omdat hulle Judas in hierdie opsig op gelyke voet stel met Petrus. Ja, hulle dwaling word eerder deur dieselfde gelykenis weerlê wanneer Christus sê dat party van die saad op die pad geval het, en party op klippe, maar dat nie een van die twee wortelgeskiet het nie.[284] Daaruit volg dat hulle hardnekkigheid die ongelowiges weerhou daarvan dat Christus hulle kan bereik. Elkeen wat begeer dat ons saligheid deur hierdie sakrament bygestaan moet word, sal niks pasliker vind as dat die gelowiges na die Bron gebring word[285] en die lewe uit die Seun van God put nie. Die waarde van hierdie sakrament word inderdaad pragtig genoeg aangeprys wanneer ons onthou dat dit 'n hulpmiddel is waardeur ons op die liggaam van Christus ingeplant word, of as ons reeds op Hom ingeënt is, 'n hulpmiddel waardeur ons meer en meer saam met Hom kan groei totdat Hy ons volledig met Hom in die hemelse lewe verenig.

Hulle opper nog die beswaar dat as goddelose mense nie die liggaam en bloed van Christus deelagtig was nie,[286] Paulus hulle nie daaraan skuldig moes maak nie.[287] My antwoord daarop is egter dat hulle nie verdoem A 520 
word omdat hulle dit saam met hom geëet het nie, maar slegs omdat hulle die sakrament ontheilig het deur die pand van die heilige verbintenis met God te vertrap terwyl hulle dit eerbiedig moes aan-

[282] *Ibid.* fo. G1b; H1b.
[283] Marg. *Matth. 13.a.7.*
[284] Marg. *Ibidem, a.4.5* (Matt. 13:4, 5).
[285] Vgl. Joh. 4:6 - 15.
[286] Marg. *1. Cor. 11.g.29* (*recte*: 1 Kor. 11:27).
[287] Die tweede helfte van afdeling 33 is hoofsaaklik teen Westphal se *Recta fides* fo. G1a - H3a gerig.

neem.

## 34. *'n Uiteensetting van Augustinus se siening in verband met die gebruik van die nagmaal deur goddelose mense*

Omdat Augustinus besonderlik onder die skrywers van die ou tyd hierdie aspek van die leer gehandhaaf het dat die sakramente nie te kort OC 1036 gedoen word, en dat die genade wat die sakramente uitbeeld, nie deur die ongelowigheid of kwaadwilligheid van mense tot niet gemaak word nie, sal dit nuttig wees om duidelik uit sy woorde te bewys hoe onoordeelkundig en verkeerd diegene wat Christus se liggaam vir honde gooi om te eet, sy opvatting op die onderhawige saak toepas.
Volgens hulle bestaan die sakramentele ete daarin dat goddelose mense Christus se liggaam en sy bloed sonder die krag van die Gees of enige vrug van die genade ontvang.[288] Augustinus skenk daarenteen verstandig oorweging aan die woorde: "Wie my vlees eet, en my bloed drink, sal tot in ewigheid nie sterf nie".[289] Dan sê hy: "Diegene naamlik wat die krag OS 395 van die sakrament, en nie alleen die sienlike sakrament eet nie; en inderdaad inwendig en nie uitwendig nie; diegene wat dit met die hart eet en nie net met hulle tande daaraan byt nie".[290] Na aanleiding hiervan kom hy uiteindelik tot die slotsom dat die sakrament van hierdie saak, dit is die eenheid van die liggaam en die bloed van Christus, in die nagmaal van die Here voorgehou word - vir sommige mense tot die lewe, en vir ander tot die dood. Hy sê egter dat die saak self waarvan dit 'n sakrament is, vir almal wat daaraan deelneem, tot die lewe, en vir niemand tot die verderf dien nie.[291]
Om te voorkom dat iemand hier sou redeneer dat die saak nie die liggaam van Christus genoem word nie, maar die genade van die Gees[292] wat van sy liggaam geskei kan word, ruim die teenstelling tussen die woorde *sienlik* en *onsienlik* hierdie onduidelikheid uit die weg[293] want die liggaam van Christus kan nie onder eersgenoemde ingesluit word nie. Daaruit volg dat ongelowiges slegs aan die sienlike teken deelneem. En om twyfel daaroor nog beter uit die weg te ruim, het hy daarna gesê dat hierdie brood honger van die inwendige mens vereis en bygevoeg: "Moses, Aäron en Phineas en baie ander wat die manna geëet

[288] Vgl. Westphal, *Collectanea* E7a-b.
[289] Marg. *Iohan. 6.f.50.* Vgl. ook Joh. 6:51; 54 - 55.
[290] Marg. *Homil. in Iohannem 26.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.12 (MPL 35:1612). Die verwysing kom ook voor in Calvyn se *Defensio doctrinae de Sacramentis* OC 9:27 - 28.
[291] Augustinus, *Ibid.* 26.15 (MPL 35:1614).
[292] Kyk Westphal, *Collectanea* fo. F1b.
[293] Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.11, 12 (MPL 35:1611 e.v.).

het,[294] het God behaag. Waarom? Omdat hulle die sienlike voedsel geestelik verstaan het, geestelik honger was en geestelik geëet het om geestelik versadig te word. Ons het immers ook vandag sienlike voedsel ontvang, maar die sakrament is een ding en die krag van die sakrament iets anders".[295] 'n Bietjie later sê hy: "En iemand wat daarom nie in Christus bly nie, en in wie Christus nie bly nie, eet sy vlees en drink sy bloed ongetwyfeld nie geestelik nie, ofskoon hy vleeslik en sienlik met sy tande aan die teken van sy liggaam en sy bloed byt".[296]

Ons hoor weer eens dat die ***sienlike teken*** gestel word teenoor die ***geestelike ete***. Hierdeur word die dwaling weerlê dat Christus se onsienlike liggaam werklik sakramenteel geëet word hoewel dit nie geestelik is nie.[297] Ons hoor ook dat niks meer aan onheilige en onrein mense gegun word as net sienlike nuttiging van die teken nie. Hieruit het sy bekende stelling ontstaan dat die ander dissipels die brood ***en*** die Here geëet het maar Judas die brood ***van*** die Here.[298] Hiervolgens sluit hy ongelowiges duidelik uit van deelname aan die liggaam en die bloed van Christus. OS 396

Wat hy elders sê, het ook dieselfde strekking: "Waarom is jy verbaas daaroor as die brood van Christus aan Judas gegee is terwyl Christus deur hom aan die duiwel uitgelewer is? Aan die ander kant sien jy egter dat 'n engel van die duiwel aan Paulus gegee is sodat hy deur hom in Christus volmaak kon word."[299] Hy sê weliswaar elders dat die brood van die nagmaal Christus se liggaam was vir diegene aan wie Paulus gesê het: "Wie dit op onwaardige wyse eet, eet en drink 'n oordeel oor hulleself",[300] en dat hulle niks ontvang het nie omdat hulle dit ter kwader trou ontvang het.[301] Maar hy verklaar elders volllediger in watter sin Paulus dit gesê het. Hy onderneem trouens doelbewus om te beskryf OC 1037
hoe goddelose mense en misdadigers wat met hulle monde die Christelike geloof bely maar dit met hulle werke verloën, die liggaam van Christus eet - en hy skryf weliswaar ook teen die opvatting van sommiges wat gemeen het dat sulke mense nie slegs volgens die sakrament eet nie maar in waarheid. Hy sê: "Maar ons moet nie sê dat hulle Christus se liggaam eet nie want hulle moet nie onder die lede van Christus gereken word nie. Om maar oor ander aspekte te swyg: hulle kan nie tegelyk lede van Christus en lede van 'n hoer wees nie".[302] Ten slotte toon hy wat dit

294 Marg. *Exod. 16.c.14.* Vgl. ook die daaropvolgende verse en OC 24:169 e.v.
295 Augustinus, a.w. 26.11 (MPL 35:1611).
296 Augustinus, a.w. 26.18 (MPL 35:1614).
297 Kyk Westphal, *Collectanea* E7a - 8b.
298 Marg. ***Homil in Iohannem 59.*** Augustinus, ***In Ioan. ev. tract.*** 59.1 (MPL 35:1796).
299 Marg. ***Homil. 62. 2. Cor. 12.b.7.*** Augustinus, ***In Ioan. ev. tract.*** 62.1 (MPL 35:1801).
300 Marg. *1 Cor. 11.g.29.*
301 Marg. ***Lib. 5. De Baptis. contra Donatist.*** Augustinus, ***De baptismo contra Donatistas*** 5.8.9 (MPL 43:181; CSEL 51:270 e.v.).
302 Vgl. 1 Kor. 6:15.

beteken om nie volgens die sakrament nie maar in waarheid Christus se liggaam te eet wanneer hy sê: "Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.[303] Dit beteken trouens dat hy in Christus bly sodat Christus in hom kan bly. Hy stel dit so asof Hy gesê het: 'Wie nie in My bly nie - Ek bly ook nie in hom nie; en hy moet nie sê of dink dat hy my liggaam eet of my bloed drink nie' ".[304]

My lesers moet die teenstelling tussen *volgens die sakrament* en *in waarheid* oorweeg en dan sal daar geen twyfel meer oor wees nie. Hy bevestig dit ewe duidelik in die volgende woorde: "Moenie julle kele voorberei nie maar wel julle harte; daarom is die nagmaal aan ons opgedra. Kyk, ons glo in Christus wanneer ons Hom deur die geloof aanneem; deur Hom aan te neem weet ons wat ons dink; ons ontvang weinig en word in ons hart versadig; dit is dus nie dit wat gesien kan word nie maar wat geglo word, wat ons voed".[305] Hier beperk hy dit wat goddelose mense neem, ook tot die sienlike teken en hy leer dat Christus slegs deur die geloof ontvang kan word.

Wanneer hy elders uitdruklik verklaar dat goeie sowel as slegte mense in OS 397
die tekens deel, sluit hy laasgenoemde ook so van die ware ete van Christus se liggaam uit.[306] As hulle immers die saak self sou kon ontvang, sou hy hoegenaamd nie geswyg het oor iets wat baie goed in ooreenstemming met sy saak was nie. Wanneer hy elders oor die ete en die vrug daarvan redeneer, kom hy tot die volgende slotsom: "Die liggaam en bloed van Christus sal eers dan vir elkeen die lewe wees as dit wat sienlik in die sakrament geneem word, in die werklikheid geestelik geëet en geestelik gedrink word".[307] Diegene wat ongelowiges dus deelagtig aan die vlees en die bloed van Christus maak om met Augustinus saam te stem, moet die sienlike liggaam van Christus vir ons wys want volgens hom is die volle waarheid van die nagmaal geestelik. En uit sy woorde kan beslis afgelei word dat die sakramentele ete net soveel beteken as 'n sigbare of uitwendige ete wanneer ongelowigheid die toegang tot die waarheid (van die nagmaal) versper.

Maar as die liggaam van Christus waarlik en tog nie geestelik geëet kan A 521
word nie, wat bedoel hy dan met dit wat hy elders leer? Hy sê: "Julle sal nie hierdie liggaam wat julle sien, eet nie, en julle sal ook nie die bloed drink wat die wat My sal kruisig, sal stort nie. Ek het 'n bepaalde sakrament aan julle opgedra; dit sal julle lewendig maak as julle dit geestelik verstaan".[308] Hy wou beslis nie ontken dat dieselfde liggaam

303 Marg. *Iohan. 6.f.26.* Vgl. ook Joh. 6:56.
304 Marg. *Lib. De civi. Dei, 21. cap. 25.* Augustinus, *De civ. Dei* 21.25 (MPL 41:742; CSEL 40,2:567).
305 Augustinus, *Serm.* 112.5 (MPL 38:645).
306 Marg. *Contra Faustum lib. 13. cap. 16.* Augustinus, *Contra Faustum Manich.* 13.16 (MPL 42:291; CSEL 25,1:396 e.v.).
307 Marg. *Ser. 2. de verb. Apost.* Augustinus, *Sermo* 131.1 (MPL 38:729).
308 Marg. *In Psal. 98.* Augustinus, *Enar. in Ps.* 98.9 (MPL 37:1265; CCSL 39:1386).

wat Christus as offer gebring het, in die nagmaal bedien word nie. Hy het egter die wyse van ete aangedui sodat dit naamlik deur die verborge krag van die Gees die lewe in ons kan inblaas nadat dit in die hemelse heerlikheid opgeneem is. Ek erken wel dat die uitdrukking dat die liggaam van Christus deur ongelowiges geëet word, baie dikwels by hom voorkom, maar hy verduidelik dit wanneer hy byvoeg: *sakramen-* OC 1038
*teel.* [309] En die geestelike ete word elders deur hom beskryf as een waarin ons nie die genade byt of verteer nie.[310]

Maar om te voorkom dat my teenstanders sê dat ek hulle met 'n hele hoop getuienis aanval, wil ek graag weet hoe hulle hulle uit die een stelling van hom kan loswoel wanneer hy sê dat die sakramente hulle betekenis slegs in die uitverkorenes volbring.[311] Hulle sal beslis nie waag om te ontken dat die brood in die nagmaal Christus se liggaam weergee nie. Daaruit volg dat verworpenes van deelname daaraan OS 398
weggehou word.

Die volgende woorde verklaar dat Cyrillus ook dieselfde opvatting gehuldig het: "Soos wanneer iemand gesmelte was oor ander was giet, die een was nie heeltemal met die ander meng nie, so moet iemand noodwendig, as hy die vlees en die bloed van die Here ontvang, met Hom verenig word sodat hy in Christus en Christus in hom gevind kan word".[312] Na aanleiding van hierdie woorde meen ek, is dit duidelik dat diegene wat Christus se liggaam bloot *sakramenteel* eet, van die ware en werklike nuttiging daarvan verstoke is omdat sy liggaam nie van sy krag losgemaak kan word nie; en dat die trou van God se beloftes nie daarom wankel nie omdat Hy nie afsien daarvan om uit die hemel te laat reën nie al sou rotse en klippe nogtans nie die vog van die reën absorbeer nie.

## 35. *Die dwaalleer dat Christus se liggaam in die brood aanwesig is, het spoedig daartoe gelei dat ook sy siel en sy Godheid daarby ingesluit is*

Die voorgaande kennis sal ons maklik ook van die vleeslike aanbidding wegtrek wat sommige mense met verwronge onbesonnenheid in die sakrament tot stand gebring het. Hulle bereken dit soos volg: "As Sy liggaam (in die sakrament) aanwesig is, is sy siel en sy Godheid dus ook saam met sy liggaam daarin teenwoordig omdat hulle nie van mekaar

[309] Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 27.11 (MPL 35:1621).
[310] Marg. *Homil. in Johannem 27.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 27.3 (MPL 35:1616).
[311] Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.11, 12, 15, 18; 27.3, 11; 59.1; 62.1 (MPL 35:1611, 1612, 1614, 1616, 1621, 1796, 1801); *De civ. Dei* 21.25 (MPL 41:742); *Enar. in Ps.* 98.9 (MPL 37:1265; CCSL 39:1386); *De baptismo* 5.8.9 (MPL 43:181); *Serm.* 112.5.5 (MPL 38:645); *Contra Faustum Manich.* 13.16 (MPL 42:291); *De pec. mer. et rem.* 1.21.30 (MPL 44:125 e.v.).
[312] Marg. *In 6. cap. Ioban. 17. cap.* Cyrillus van Alexandrië, *In Joan. ev.* 6.57, 4.2 (MPG 79:583).

losgemaak kan word nie; gevolglik moet Christus ook daarin aanbid word".[313]

Ten eerste: wat sal hulle doen as ontken sou word dat Christus se liggaam, siel en Godheid (in die sakrament) saamgaan[314] soos hulle voorgee? Want al sou hulle aandring dat dit die grootste ongerymdheid is as Christus se liggaam van sy siel en sy Godheid geskei word, watter mens met gesonde en nugter verstand sou hom nogtans daarvan kon oortuig dat Christus se liggaam Christus is? Hulle indruk is weliswaar dat hulle dit pragtig met hulle sillogismes bewys het. Aangesien Christus egter onderskeidelik van sy liggaam en sy bloed praat, maar nie die aard van sy teenwoordigheid omskryf nie, hoe sal hulle uit 'n twyfelagtige saak met sekerheid kan bewys wat hulle wil?

Hoe dan nou? As dit sou gebeur dat hulle gewetens deur die een of ander gevoel te swaar beproef word, sal hulle dan nie dadelik saam met hulle sillogismes ineenstort en verdwyn nie? Dit sal naamlik gebeur wanneer hulle sien dat hulle deur die seker Woord van God verlaat word waardeur ons siele alleen staande kan bly wanneer hulle tot rekenskap geroep word, en waarsonder hulle ook oombliklik ineenstort. Dit sal gebeur wanneer hulle daaroor dink dat die leer en die voorbeelde van die apostels hulle teenstaan en dat hulle inderdaad alleen die skeppers daarvan is. By sulke opwellings sal daar ook ander ernstige prikkels kom. Waarom dan? Was dit iets van geen belang nie om God in 'n vorm te aanbid waarvan niks vir ons voorgeskryf is nie? Of moes die mens iets OS 399 met soveel ligsinnigheid aanpak waarvan daar nêrens 'n woord (in die Skrif) gelees kon word nie terwyl dit oor die ware diens aan God handel? Maar as hulle al hulle gedagtes met nederigheid soos dit hulle betaam het, onder God se Woord gehou het, sou hulle beslis geluister het na wat Hy gesê het: "Neem, eet en drink". Dan sou hulle hierdie gebod gehoorsaam het waarvolgens Hy beveel dat die sakrament geneem en nie aanbid moet word nie. Diegene wat dit volgens God se gebod neem sonder om dit te aanbid, kan verseker wees dat hulle nie van God se gebod afwyk nie - en daar is niks beter as hierdie sekerheid wanneer ons enigiets aanpak nie.

Hulle het ook die voorbeeld van die apostels en ons lees nie dat hulle neergeval en dit aanbid het nie, maar wel dat hulle by die tafel OC 1039 aangesit,[315] dit geneem en geëet het. Hulle het ook die gebruik van die

313 Vgl. pous Urbanus IV se Bul *Transitus de hoc* (1261) in verband met die instelling van die *Corpus Christi*-fees (Mansi 23:1077) ook opgeneem in die *Clementis constitut.* 3.16.1 (Friedberg 2:1174 e.v.). Kyk ook die Konsilie van Trente se 13de sessie (1551) hoofstuk 5 (Denzinger, *Ench.* 878, p. 306) en Schaff, *Creeds* 2:131.

314 Kyk Thomas, *Summa Theol.* 3.76.1.2 (Marietti 4:505 e.v. waar ook die Roomse leer in verband met die volle teenwoordigheid van Christus in die brood uiteengesit word).

315 Die gebruik was natuurlik om by die tafel aan te lê. Vgl ook afdeling 10 hierbo.

apostoliese kerk waar Lukas vertel dat die gelowiges nie in die aanbidding van die brood nie, maar in die breek daarvan gedeel het.[316] Hulle het die apostoliese leer waarvolgens Paulus die kerk van die Korintiërs onderrig en verklaar het dat hy van die Here ontvang het wat hy aan hulle oorgelewer het.[317]

### 36. *Die aanbidding van die tekens van die sakrament is nie alleen volgens Skrifgetuienis nie maar ook volgens ander bronne louter afgodery*

En al hierdie redenasies het die strekking dat godvrugtige lesers moet nadink oor hoeveel gevaar daaraan verbonde is om in sulke verhewe sake van die eenvoudige Woord van God af te wyk na drome van ons eie. Wat egter tevore gesê is, behoort ons van alle twyfel oor hierdie onderwerp te vrywaar. Godvrugtige gemoedere moet trouens noodwendig na die hemel opgehef word om Christus daar na behore te ontvang. Maar as die taak van hierdie sakrament is om die swak verstand van die mens enigsins by te staan om die hoogte in te styg en die hoogte van die geestelike geheimenisse te begryp, dwaal diegene wat deur die uitwendige teken in beslag geneem word, van die regte pad om Christus te soek af weg.

Waarom dan so? Sal ons nie sê dat dit bygelowige diens is wanneer mense hulle voor die brood neerwerp om Christus daar te aanbid nie? Die sinode van Nicéa se bedoeling was ongetwyfeld om hierdie euwel teen te gaan toe dit ons verbied het om in nederigheid op die tekens wat daarin aan ons voorgehou word, ag te slaan.[318] Dit is ook die rede waarom dit eertyds 'n instelling was dat die kerkvolk voor die heiliging met 'n luide stem vermaan moes word om hulle harte na bo te verhef.[319] OS 400
Benewens die feit dat die Skrif die hemelvaart van Christus noukeurig vir ons vertel, waardeur Hy die teenwoordigheid van sy liggaam en die samesyn daarmee uit ons gesigsveld weggeneem het, en ten einde alle vleeslike gedagtes van ons af te skud so dikwels as wat ons Hom in herinnering roep, gebied Hy ons om in ons verstand na bo verhef te

[316] Marg. *Act. 2.g.42.*

[317] Marg. *1. Cor. 11.d.23.*

[318] Die Konsilie van Nicéa (325) kanon 20 (Mansi 2:768). Benoit meen dat Calvyn se verwysing foutief is omdat hierdie kanon besonderlik oor die gebed op Sondae handel en daar geen melding van die nagmaal gemaak word nie (Benoit 4:429, n. 7).

[319] Vir die bekende uitdrukking *sursum corda* - die harte na bo - vgl. die gereformeerde skrifberyming nr. 17. Kyk verder Cyprianus, *De orat. dominica* 31 (CSEL 3,1:289; CCSL 3A:109); die *Decr. Grat.* 3.1.70 (MPL 187:1729; Friedberg 1:1313); Augustinus, *De dono persev.* 13.33 (MPL 45:1013); *Serm.* 227 (MPL 38:1100); *Enar. in Ps.* 132.13 (MPL 37:1736; CCSL 40:1934 - 1935); Cyrillus Jerusal., *Cateches.* 23.4 (MPG 33:1111).

word en Hom in die hemel te soek waar Hy aan die regterhand van sy Vader sit.[320] Volgens hierdie reël moes die mense Hom eerder geestelik in hemelse heerlikheid aanbid as om so 'n bedenklike soort aanbidding uit te dink wat vol vleeslike en growwe opvattings oor God is. Die mense wat daarom die aanbidding van die sakrament uitgedink het, het dit nie A 522 alleen sonder die Skrif waarin geen vermelding daarvan aangetoon kan word en wat nogtans nie agterweë sou gebly het as dit God wel behaag het nie, vir hulleself ingebeeld nie. Ofskoon die Skrif sy stem daarteen verhef, het hulle ook na willekeur 'n god gesmee en die lewende God verlaat. As om die gawes in plaas van die Gewer daarvan te dien, nie afgodery is nie, wat is dan afgodery? Daarin is daar 'n dubbele sonde want God se eer is enersyds van Hom weggeruk en op 'n skepsel oorgedra;[321] en andersyds is Hy self ook onteer toe hulle sy weldaad besoedel en ontheilig het en van sy heilige sakrament 'n afstootlike afgod gemaak is. Om nie in dieselfde vanggat te val nie, moet ons daarenteen ons ore, oë, harte, verstand en tonge ten volle op die heilige leer van God toespits. Dit is trouens *die skool van die Heilige Gees* wat die beste Leermeester is. Daarin maak ons so vordering dat ons niks van elders hoef te kry nie, en dat ons met graagte onkundig moet bly oor alles wat nie daarin geleer word nie.

### 37. *Die aanbidding van die sakrament stem nie ooreen met die aard en die instelling daarvan nie*

En toe hierdie bygeloof nou eenmaal die regte perke oorskry het en nou nog geen einde aan die sonde maak nie, so het dit weldra baie verder verval. Hulle het trouens ritusse wat heeltemal vreemd is aan die instelling van die nagmaal, uitgedink, en dit alleen om die teken (van OC 1040 die nagmaal) met Goddelike eerbewyse te vereer. Hulle sê: "Ons bewys OS 401 hierdie eer aan Christus".[322]

Ten eerste, as dit wel in die nagmaal geskied het, sou ek sê dat so 'n aanbidding eers wettig is as dit nie op die teken gevestig is nie, maar gerig is op Christus wat in die hemel sit. Maar onder watter dekmantel spog hulle nou dat hulle Christus in daardie brood eer hoewel hulle geen belofte hiervan het nie? Hulle wy die *hostie*, [323] soos hulle dit noem, om

[320] Marg. *Coloss. 3.a.2.* Vgl. ook vers 1.

[321] Kyk Rom. 1:25.

[322] Vgl. Alph. de Castro, *Adv. haer.* (1543), fo. 26B, C.

[323] *Hostia* beteken letterlik 'n offerdier. Cyprianus het reeds die woord gebruik om die nagmaalsbrood aan te dui. In die Roomse kerk dui dit op die ronde skyfies ongesuurde brood wat dan tydens die misoffer in die liggaam van Christus sou verander, en in die kommunie aangebied word. Dit geld ook die Lutherse kerk (CE 3:522).

dit in hulle optog rond te dra en soos in 'n plegtige skouspel ten toon te stel om aanskou, vereer en aangeroep te word. My vraag is deur watter krag hulle meen dat die hostie na behore geheilig is? Hulle voer die volgende woorde aan: "Dit is my liggaam." Ek sal egter daarteen beswaar maak dat tegelyk gesê is: "Neem en eet". En ek sal dit ook nie sonder grondige rede doen nie. Aangesien daar trouens 'n belofte aan die gebod geheg is, sê ek dat hierdie belofte so daarby ingesluit is dat dit heeltemal tot niet gaan indien dit daarvan losgemaak word.

Dit sal aan die hand van 'n soortgelyke voorbeeld nog duideliker word. God het 'n gebod gegee toe Hy gesê het: "Roep My aan". Daarby het Hy 'n belofte gevoeg: "Ek sal jou verhoor".[324] As iemand Petrus of Paulus aanroep en op hierdie belofte roem, sal almal dan nie skreeu dat hy verkeerd handel nie? Maar, vra ek jou, wat doen diegene anders wat die gebod in verband met die eet daarvan agterweë laat en slegs die verminkte belofte aangryp: "Dit is my liggaam", om dit te misbruik vir 'n ritus wat vreemd is aan die instelling van Christus? Laat ons dus daaraan gedagtig wees dat hierdie belofte gegee is aan diegene wat die gebod met dit wat daaraan verbonde is, gehoorsaam, maar dat diegene wat die sakrament op iets anders oordra, van elke woord daarvan verstoke is.

Ons het tevore verduidelik hoe die geheimenis van die heilige nagmaal ons geloof voor God dien.[325] Die Here herinner ons nie alleen in die nagmaal aan die groot milddadigheid van sy goedheid waarvan ons reeds tevore vertel het nie, maar Hy stel dit tot ons beskikking asof dit van hand tot hand is, en Hy wek ons op om dit te erken. Terselfdertyd vermaan Hy ons egter om nie vir sulke kwistige weldadigheid ondankbaar te wees nie maar dit eerder met lofprysings waarmee dit hoort, te verkondig en met dankbetuig groot te maak. Toe Hy dus hierdie sakrament ingestel en aan sy apostels oorgelewer het, het Hy hulle geleer om dit tot sy gedagtenis te doen.[326] Paulus vertolk dit as *om die dood van die Here te verkondig.* [327] Dit beteken dat ons almal openlik en eenstemmig moet bely dat al ons vertroue op die lewe en ons saligheid in die dood van die Here gevestig is met die doel om Hom deur ons belydenis te verheerlik en deur ons voorbeeld ander mense aan te spoor om Hom te verheerlik.

Hieruit is dit weer eens duidelik waarop die doel van hierdie sakrament OS 402
gemik is, naamlik om ons in die herinnering aan Christus se dood te oefen. Die feit dat ons gebied word om die dood van die Here te verkondig totdat Hy kom om te oordeel, beteken net dat ons deur die be-

[324] Marg. *Psal. 50.c.15.* Vgl. OC 31:502 - 503.
[325] Vgl. afdelings 1 - 3 hierbo.
[326] Marg. *Luc. 22.b.19.*
[327] Marg. *1 Cor. 11.f.26.* Kyk De Castro, *Adv. haer.* 2, fo. 33F e.v.

lydenis van ons mond verkondig wat ons geloof in die sakrament leer ken het, naamlik dat Christus se dood ons lewe is. Dit is die tweede toepassing van die sakrament wat betrekking het op die uitwendige belydenis.

## 38. *Die nagmaal is verder ingestel om ons aan te spoor tot 'n rein en heilige lewe*

Ten derde was dit ook die Here se wil dat dit vir ons as aansporing moet dien, en geen ander aansporing kon ons heftiger opwek en aanvuur tot sowel reinheid en 'n heilige lewe as liefde, vrede en eensgesindheid OC 1041 nie.[328] Want die Here deel sy liggaam in hierdie sakrament op so 'n wyse met ons dat Hy volkome met ons een word en ons met Hom. Aangesien Hy voorts net een liggaam het waarin Hy ons almal deelgenote maak, moet ons noodwendig almal saam deur so 'n deelagtigheid (in sy liggaam) een liggaam word. Die brood beeld hierdie eenheid uit;[329] dit word in die nagmaal bedien en is saamgestel uit baie korrels en so met mekaar vermeng dat die een nie van die ander onderskei kan word nie. Dit betaam ons om net so in so 'n groot geesteseensgesindheid aan mekaar verbind en verbonde te wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder ons mag voorkom nie.[330]

Ek wil dit liewer aan die hand van Paulus se woorde verklaar. Hy sê: "Die drinkbeker van danksegging wat ons seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus; en die brood van danksegging wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Ons is dus almal saam een liggaam omdat ons almal deel in die een brood".[331] Ons het dus pragtige voordeel uit die sakrament gehaal as hierdie gedagte in ons gemoedere afgedruk en ingegrif is dat ons geeneen van ons broers leed kan aandoen, verag, verstoot, geweld kan aandoen of op enige manier aanstoot kan gee sonder om tegelyk Christus in hom leed aan te doen, Hom te verag, en met ons onregte te skend nie; dat ons nie met ons broers onenig kan wees sonder om tegelyk met Christus onenig te wees nie; dat ons Christus nie kan liefhê sonder om Hom in ons broers lief te A 523 hê nie; dat ons net so besorg moet wees oor ons broers se liggame as oor ons s'n omdat hulle ledemate van ons liggaam is; soos geen deel van ons liggaam deur 'n gevoel van pyn geraak word sonder dat dit oor al die an-

328 Vgl. Pannier, *Institution* 4:299, 307.

329 Vgl. Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.13 (MPL 35:1613); *Serm.* 272 (MPL 38:1247 - 1248); Lombardus, *Sent.* 4.8.4 (MPL 192:857).

330 Vgl. Luther, *Sermon von dem Sakrament des Leichnams Christi* (1519) (WA2:748) en Oecolampadius, *Antisyngramma* (1526) fo. A1a. Kyk ook *Inst.* 4.18.16 hieronder.

331 Marg. *1. Co. 10.d.16.* Vgl. ook 1 Kor. 10:17.

der dele daarvan versprei nie, so moet ons nie toelaat dat 'n medebroer deur enige kwaad getref word sonder dat ons uit medelye vir hom ontroer word nie.

Daarom noem Augustinus hierdie sakrament nie sonder rede nie so OS 403 dikwels *die band van liefde.* [332] Watter skerper prikkel kan trouens toegepas word om ons tot wedersydse liefde op te wek as wanneer Christus Homself aan ons gee en ons nie alleen deur sy voorbeeld uitnooi om ons onderling die een aan die ander te wy en oor te gee nie, maar in soverre as wat Hy Hom aan ons almal gemeenskaplik maak, maak Hy ons ook almal saam een in Hom.[333]

## 39. *Verskillende misbruike wat as gevolg van hierdie dwaling onder die pousdom ontstaan het*

Na aanleiding hiervan word die beste bevestiging verleen aan dit wat ek elders gesê het,[334] naamlik dat die regte bediening van die sakrament nie sonder die Woord bestaan nie. Want al die voordeel wat ons uit die nagmaal put, vereis die Woord. Of ons in ons geloof versterk, of in die belydenis geoefen, of tot ons plig opgewek moet word - ons het die verkondiging van die Woord nodig.

Gevolglik kan daar niks verkeerder in die nagmaal gebeur as wanneer dit in 'n stom handeling verander word nie. Dit het wel onder die tirannie van die pous gebeur. Hulle wil trouens die hele krag van die wyding afhanklik maak van die aandag van die priester[335] net asof dit niks met die kerkvolk te doen het nie terwyl hierdie geheimenis besonderlik vir hulle verduidelik moes word. Daaruit het die dwaling ontstaan dat hulle nie die beloftes in aanmerking geneem het waarvolgens hulle wyding geskied het nie, naamlik dat dit nie gerig is op die elemente van die nagmaal nie, maar dat dit bestem is vir diegene wat die nagmaal ontvang. En tog spreek Christus nie die brood aan om sy liggaam te word nie, maar Hy beveel sy dissipels om dit te eet en Hy beloof hulle dat OC 1042 hulle daarmee in sy liggaam en sy bloed sal deel.

Paulus leer ook nie 'n ander orde as dat die beloftes saam met die brood en die beker aan die gelowiges voorgesit moet word nie. Dit is inderdaad ook so.

[332] Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.13 (MPL 35:1613; CCSL 36:266).

[333] Vgl. Luther, *Predigten des Jahres 1524: Sermon von der Beichte und Sakrament* (WA 15:497 e.v.); *Tract. de lib. christ.* (WA 7:58 - 59); *Sermon von dem Sakrament des Leichnams Christi* (WA 2:748).

[334] Vgl. afdeling 4 hierbo.

[335] Vgl. Innocentius III, *Regist. Ep.* 11.196 (MPL 215:1511); Denzinger, *Ench.* nr. 424, p. 196; die Konsilie van Florence (1442) *Cantate Domino* (Mansi 31:1738 - 1739); Denzinger, *Ench.* nr. 715, p. 265.

Dit betaam ons nie om ons hier die een of ander towerformule in te beeld sodat dit voldoende is om slegs die woorde te mompel asof hierdie woorde deur die elemente gehoor word nie. Ons moet begryp dat hierdie woorde die lewende verkondiging van die Woord is wat daarop gerig is om die wat dit hoor, op te bou, hulle gemoedere binne te dring, dit op hulle harte af te stempel en daar te vestig, en die kragtige werking daarvan in die vervulling van sy beloftes te openbaar. Na aanleiding van hierdie redes is dit duidelik dat die terughou van die sakrament waarop sommige mense aandring sodat dit weer buite die gewone verloop daarvan aan siekes uitgedeel kan word, doelloos is.[336] Hulle sal dit trouens òf sonder die voordra van die instelling van OS 404
Christus ontvang, òf die bedienaar sal die ware verduideliking van die geheimenis aan die teken koppel. Om dit te verswyg bring misbruik en sonde mee. As die beloftes voorgedra word en die geheimenis verduidelik word sodat diegene wat dit gaan neem, dit met vrug kan ontvang, is daar geen rede waarom ons hoef te twyfel dat dit die ware wyding van die nagmaal is nie.[337]
Waaruit ontstaan dan die tweede (vorm van heiliging) waarvan die krag nie tot die siekes reik nie? "Maar diegene wat dit bedien, het tog die voorbeeld van die kerk van ouds."[338] Ek erken dit, maar in so 'n gewigtige saak waarin ons nie sonder groot gevaar die pad byster kan raak nie, is niks veiliger as om die waarheid self te volg nie.

### 40. *Diegene wat dit op onwaardige wyse eet of drink, moet hulle van die gebruik van die nagmaal weerhou; die inhoud van ware selfondersoek*

Ons sien verder dat die heilige brood van die nagmaal van die Here geestelike voedsel is wat soet, heerlik en heilsaam vir godvrugtige dienaars van God is omdat hulle deur die smaak daarvan ervaar dat Christus vir hulle die lewe is, en dit hulle opwek tot dankbetuigings

[336] Vgl. Innocentius IV, *Ep. ad Ottonem card. Tusculanum* 10.9 (Mansi 23:580); Denzinger, *Encb.* nr. 452, p. 211; asook die dertiende sessie van die Konsilie van Trente (1551) se dekreet oor die eucharistie hoofstuk 6 (Mansi 33:83); Denzinger, *Encb.* nr. 879, p. 307; Eusebius, *Hist. eccl.* 6.44 (MGP 20:630 - 634).

[337] Die Roomse praktyk van privaat nagmaalsbediening het ongetwyfeld daartoe gelei dat die Raad van Genève dit verbied het. Calvyn het egter geen beswaar daarteen dat dit wel aan siekes wat dit besonderlik in hulle aanvegtinge nodig het, bedien word nie. Dit kom duidelik na vore in sy brief aan Olevianus (Desember 1563) waarin hy skryf dat uit die aard, die doel en die gebruik van die nagmaal afgelei kan word dat mense wat lank siek is, en wie se lewe in gevaar is, nie van so 'n groot seën beroof mag word nie (nr. 4051 OC 20:200). Hy het reeds in 1558 aan Zuleger geskryf dat hy jammer is dat die Raad die nagmaalsbediening aan siekes verwerp het (nr. 2945, OC 17:311).

[338] Kyk die Konsilie van Nicéa (325) kanon 13 (Mansi 2:674). In sy dialoë gee Gregorius I 'n lewenskets van Benedictus en wys daarop dat hy die sakrament net voor sy dood ontvang het (MPL 66:202).

waardeur hulle aangespoor word om wedersyds aan mekaar liefde te bewys. Aan die ander kant verander dit net so vir almal wie se geloof dit nie voed en versterk en vir wie dit nie tot belydenis van hulle lof en die liefde opwek nie, in 'n uiters skadelike gif.[339] Net soos wanneer liggaamlike voedsel vind dat iemand se maag deur kwaadaardige vog beset is, self ook kwaadaardig en bedorwe word, en meer skade aanrig as wat dit voed, so is dit ook die geval met geestelike voedsel. As dit in 'n siel wat deur kwaadwilligheid en boosheid besmet is, beland, laat dit so 'n siel met 'n groter val in duie stort - en nie omdat dit self gebrekkig is nie maar omdat niks vir onrein en ongelowige mense rein is nie[340] al sou dit andersins deur die seën van die Here geheilig wees.

Soos Paulus immers sê: "Wie op onwaardige wyse daarvan eet en drink, is skuldig aan die liggaam en bloed van die Here en hulle eet en drink 'n oordeel oor hulleself omdat hulle nie die liggaam van die Here onderskei nie".[341] Sulke soort mense wat sonder 'n vonkie van die geloof en sonder liefdesywer is, en soos varke storm om die nagmaal van die Here te gebruik, onderskei trouens glad nie die liggaam van die Here OS 405 nie. Want in soverre hulle nie glo dat sy liggaam hulle lewe is nie, beledig hulle sy liggaam sover dit binne hulle vermoë is deur dit van alle waarde te beroof. En deur dit so te ontvang, ontheilig en besoedel hulle dit. In soverre hulle van hulle medebroers vervreemd is en van hulle verskil, en waag om die heilige teken van Christus se liggaam met hulle getwis te vermeng, skeel dit weinig of hulle verskeur die liggaam van Christus en ruk dit ledemaat vir ledemaat uitmekaar. Hulle is dus tereg OC 1043 skuldig aan die liggaam en die bloed van die Here omdat hulle dit met heiligskennige goddeloosheid so skandelik verontreinig. Deur dit dus op onwaardige wyse te eet, haal hulle hulle eie verdoemenis hulle op die hals. Ten spyte daarvan dat hulle immers geen vertroue in Christus het nie, bely hulle deur die sakrament te ontvang dat hulle saligheid nie elders as in Hom is nie, en (daarmee) sweer hulle alle vertroue op iets anders af. Daarom kla hulle hulleself aan, lewer getuienis teen hulleself en hulle beseël daarmee hulle eie verdoemenis.

Hoewel hulle vervolgens deur afguns en kwaadwilligheid van hulle medebroers geskei en weggetrek is - dit is van die ledemate van Christus -, en hulle geen deel in Christus het nie, getuig hulle nogtans dat dit hulle enigste saligheid is om in Christus te deel en met Hom verenig te

[339] Vgl. *Inst.* 3.4.9 (Afr. vert. 3:816 - 817) waar dieselfde gedagte voorkom. Augustinus teken in sy *Confessiones* (2.3.5) die tweevoudige karakter van belydenis, naamlik skulderkenning en lofverheffing (MPL 32:677). By Luther groei dit saam tot twee kante van dieselfde saak. In sy *Dictata super Psalterium* (1513 - 1516) sê hy: *Quia non melius Deus laudatur quam confessione nostrorum peccatorum* - want God word nie beter geloof as deur die belydenis van ons sondes nie (WA 3:378).

[340] Marg. *Tit. 1.d.15.*

[341] Marg. *1. Cor. 11.g.29.* Kyk ook vers 27.

wees. Om hierdie rede beveel Paulus dat elkeen homself moet ondersoek voordat hy van die brood eet of uit hierdie beker drink.[342] Soos ek dit vertolk, bedoel hy daarmee dat elkeen in homself moet neerdaal[343] A 524 en by homself moet oordink of hy met die innerlike vertroue van sy hart op die saligheid wat deur Christus verwerf is, berus; of hy dit met die belydenis van sy mond erken; en verder of hy deur hom te beywer vir onskuld en heiligheid daarna streef om Christus na te volg; of hy volgens Christus se voorbeeld bereid is om hom aan sy medebroers oor te gee en hom met diegene te deel met wie hy Christus deel; of hy soos hy deur Christus gereken word, op sy beurt al sy broers as medeledemate van sy liggaam te beskou en of hy soos sy ledemate begeer om hulle te koester, te beskerm en te help.

Dit beteken nie dat hierdie geloofs- en liefdespligte reeds nou volmaak in ons aanwesig kan wees nie maar dat ons ons hiervoor moet inspan en met al ons begeertes daarna moet streef om die geloof wat by ons begin het, dag vir dag meer en meer te laat groei.

### 41. *'n Verwerping van die Roomse opvatting dat slegs diegene wat in 'n 'staat van genade' is, die nagmaal mag gebruik* OS 406

Wanneer die pousdom die mense wou voorberei om die nagmaal op waardige wyse te eet, het hulle hulle arme gewetens op verskriklike wyses gefolter en geteister, en nogtans niks bygedra wat in belang van die saak was nie.[344]

Hulle sê dat diegene dit op waardige wyse eet wat in 'n *staat van genade* is. Hulle vertolk hierdie *staat van genade* as om rein en gereinig van alle sonde te wees.[345] Volgens hierdie leerstelling word alle mense wat ooit op die aarde was en is, van die gebruik van hierdie sakrament afgehou. As dit trouens daarom gaan dat ons ons eie waardigheid uit onsself moet soek, is dit klaarpraat met ons; dan bly daar slegs wanhoop en dodelike verderf vir ons oor. Al sou ons ook al ons kragte inspan, sal ons geen vordering maak nie anders as net dat ons uiteindelik die alleronwaardigste mense sal wees wanneer ons die meeste in die soeke

342 Marg. *Ibidem, f.28* (1 Kor. 11:28).

343 Vgl. *Inst.* 1.1.2; 1.5.3 (Afr. vert. 1:114 - 115; 132 - 133).

344 Luther veroordeel die Roomse teoloë in dieselfde trant in sy *Serm. von der Beichte und dem Sakrament* (WA 15:496).

345 Vgl. Alexander van Hales, *Summa Theol.* 4.46.3.3; Bonaventura, *Comment. Sent.* 4.12.2.1 - 3; De Castro, *Adv. omnes haer.* 6 (*Eucharistia*), fo. 116F; die dertiende sessie van die Konsilie van Trente hoofstuk 7 (Denzinger, *Ench.* 880). Luther verset hom heftig teen hierdie Roomse opvatting in sy *Predigt am Palmsonntage* (1524): *Denn Gott hat es nicht geben, als solt es eyn gifft und marter seyn, das man darfür erschrecken solt* (WA 15:496).

na hierdie waardigheid geswoeg het.[346] Om hierdie wond te genees, het hulle 'n manier om waardigheid te bekom uitgedink sodat ons, sover dit binne ons vermoë is, onsself moet ondersoek, rekenskap vir al ons dade van ons moet eis, en deur berou, bieg en voldoening versoening vir ons onwaardigheid moet doen.[347] Wat die aard van hierdie versoening was, het ons reeds gesê toe daar 'n gepaster geleentheid was om dit te sê.[348] So ver dit die huidige onderwerp aangaan, sê ek dat hierdie troos te OC 1044 skraal en te verganklik is vir gewetens wat platgeslaan en neergevel is en deur skrik vir die sonde getref is. Want as die Here niemand anders as regverdiges en onskuldiges toelaat om aan sy nagmaal deel te neem nie, is ernstige voorsorg nodig om iemand te verseker dat hy die geregtigheid het wat deur God van hom vereis word. Waarvandaan bekom ons egter hierdie sekerheid dat mense wat gedoen het wat hulle kon, hulle voor God van hulle taak gekwyt het? En selfs al sou dit die geval wees, wanneer sal dit nogtans wees dat iemand homself durf beloof dat hy alles binne sy vermoë gedoen het? Aangesien ons geen besliste sekerheid oor ons eie waardigheid sal hê nie, sal toegang (tot die nagmaal) altyd vir ons geslote bly volgens die verskriklike verbod waarvolgens die oordeel uitgespreek word dat iemand wat dit op onwaardige wyse eet en drink, 'n oordeel oor homself eet en drink.[349]

### 42. *Hierdie Roomse leer in verband met die nagmaal is louter verdigsel* OS 407

Nou is dit maklik om te oordeel wat die aard van die leer is wat onder die pousdom in swang is, en wie die skepper daarvan was. Dit is 'n leer wat arme sondaars wat deur bewing en droefheid getref is, deur die verskriklike strengheid daarvan van die troos van hierdie sakrament ontneem en beroof terwyl al die genietinge van die evangelie juis daarin aan hulle voorgesit is. Die duiwel kon mense beslis nie met 'n korter pad die verderf ingestuur het as om hulle so te verblind dat hulle geen smaak of geur van sulke voedsel sou kry waardeur die heel beste hemelse Vader hulle wou voed nie. Om dus te voorkom dat ons in so 'n afgrond instort, moet ons daaraan gedagtig wees dat hierdie heilige etes vir siekes medisyne, vir sondaars vertroosting en vir armes 'n geskenk is, terwyl dit vir die wat gesond, vir die wat regverdig en vir die wat ryk is, as sulke mense gevind kan word, geen voordeel inhou nie. Aangesien

[346] Luther stel dit onomwonde in sy *Serm. von der Beichte und dem Sakrament*: *Non exspectandum est donec purus fias*: 'n mens moet nie wag totdat hy rein word nie (WA 15:496).

[347] Vgl. Alexander van Hales, *Summa Theol.* 4.46.3.3; De Castro, *Adv. omnes haer.* 6, fo. 116F; Gabriel Biel, *Comment, sent.* 4.9.2B.

[248] Vgl. *Inst.* 3.4.1, 2 (Afr. vert. 3:804 - 808).

[349] Vgl. 1 Kor. 11:29.

Christus immers daarin as voedsel aan ons voorgesit word, besef ons dat ons sonder Hom verdor, wegsmelt en vergaan net soos hongersnood die kragte van die liggaam uitmergel.

Aangesien Hy vervolgens (in die nagmaal) tot die lewe aan ons gegee word, besef ons dat ons sonder Hom in onsself geheel en al dood is. Daarom is die enigste en beste waardigheid wat ons God kan aanbied dit, naamlik as ons ons eie geringe waarde en, om dit so te stel, ons eie onwaardigheid Hom aanbied sodat Hy ons deur sy barmhartigheid waardig kan maak; as ons alle hoop op onsself laat vaar sodat ons in Hom vertroos kan word; as ons onsself verneder sodat ons deur Hom verhoog kan word; as ons onsself aankla sodat ons deur Hom regverdig gemaak kan word; hierbenewens ook as ons na die eenheid wat Hy ons in sy nagmaal aanbeveel, streef; en, soos Hy ons almal saam in Hom een maak, dat ons ook so die begeerte moet koester om een siel, een hart en een tong te hê.

As ons hieroor gepeins en dit oordink het, sal die volgende gedagtes ons nooit platslaan nie, al sou hulle ons wel skok, naamlik: Hoe sal ons wat van alle goeie dinge verstoke en ontbloot is, ons wat deur die vuilheid van die sonde besoedel is, ons wat reeds halfdood is, hoe sal ons die liggaam van die Here op waardige wyse eet? Ons sal eerder daaraan dink dat ons wat arm is, na die milddadige Gewer kom; dat ons wat siek is, na die Geneesheer kom; dat ons wat sondaars is, na die Skepper van geregtigheid kom; en dat ons wat dood is, na Hom kom wat ons lewendig maak; dat daardie waardigheid wat deur God aan ons opgedra OC 1045 word, ten eerste in die geloof geleë is wat alle dinge in Christus en niks in onsself stel nie; en ten tweede ook in die liefde,[350] en dit weliswaar 'n liefde wat hoewel dit onvolmaak is, genoeg is om God aan te bied sodat OS 408 Hy dit beter kan maak en dit kan laat toeneem omdat ons nie ware liefde aan Hom kan lewer nie.

Sommige mense wat wel met ons hieroor saamstem dat hierdie waardigheid in die geloof en in die liefde geleë is, het egter in die aard van die waardigheid ver afgedwaal omdat hulle so 'n volmaakte geloof vereis dat hoegenaamd niks daarby kan kom nie; en ook so 'n liefde as wat Christus jeens ons bewys het.[351] Maar juis daardeur dryf hulle netsoos die bogemelde mense almal van toetrede tot hierdie heilige nagmaal weg. As hulle opvatting trouens geldig was, sou niemand dit kon ontvang sonder om dit op onwaardige wyse te ontvang nie want hulle sou een en almal skuldig en oortuig van hulle onvolmaaktheid wees. En dit sou

350 Vgl. Luther, *Serm. von der Beichte und dem Sakrament*: *Secunda est Christiana charitas, quia oportet fructum accipias Sacramenti* - Die tweede is Christelike liefde omdat 'n mens die vrug van die sakrament moet ontvang (WA 15:497 - 498).

351 Dit is duidelik dat Calvyn die Wederdopers hier in gedagte het. Vgl. sy *Brieve instruction contre les Anabaptistes* (OC 7:76 - 77). Kyk ook Zwingli, *Contra Catabaptistas* (CRZ 3:390).

inderdaad kenmerkend van uiterste dwaasheid, om nie eens van stompsinnigheid te praat nie, wees, om so 'n volmaaktheid te vereis om die A 525 sakrament te ontvang dat dit die sakrament vernietig en oorbodig maak. Dit is immers nie vir volmaakte mense ingestel nie maar vir siek en swak mense om hulle gevoel van geloof en liefde te prikkel, op te wek, aan te por en te oefen; en trouens die gebrek van beide geloof en liefde te verbeter.

### 43. *Die wyse waarop die nagmaal gevier moet word*

Sover dit die uiterlike handelwyse (by die nagmaalsbediening) aangaan, maak dit nie saak of die gelowiges dit in die hand neem of nie; of hulle dit onder mekaar deel of elkeen afsonderlik eet wat aan hom gegee is nie; of hulle die beker weer in die hand van die diaken terugplaas en of hulle dit aan hulle naaste reik nie; of die brood suurdeeg bevat of ongesuurd is nie; of die wyn rooi of wit is nie. Dit is alles middelmatige sake en in die vryheid van die kerk geleë. Dit is nogtans seker dat die gebruik in die kerk van ouds so was dat almal dit in hulle hande ontvang het.[352] En Christus het ook gesê: "Deel dit onder julle".[353] Die geskiedenis vertel dat brood met suurdeeg en gewone brood voor Alexander, biskop van Rome gebruik is, en dat hy die eerste was wat ongesuurde brood wou hê.[354] Ek kan nie sien wat die rede daarvoor was nie behalwe dat hy die oë van die gewone mense deur hierdie nuwigheid tot bewondering wou dwing eerder as om hulle gemoedere in die opregte godsdiens te onderrig. Ek besweer almal wat selfs met 'n oppervlakkige gevoel vir godsvrug geraak word, of hulle nie duidelik kan raaksien, enersyds met hoe 'n groter duidelikheid die heerlikheid van God hier skitter, en andersyds hoeveel oorvloediger soetheid van geestelike OS 409 vertroosting hieruit tot gelowiges kom as in daardie kil en toneelspelagtige onsinnighede wat geen ander voordeel bring as om die sinne van 'n reeds oorstelpte kerkvolk te mislei nie. Hulle noem dit *om die kerkvolk in die godsdiens te hou* wanneer hulle deur bygeloof verdwaas en verblind is en na willekeur rondgetrek kan word.

As iemand sulke uitvindings na aanleiding van die oudheid daarvan wou verdedig, weet ek wel deeglik hoe oud die gebruik van *salwing* en *aanblasing* in die doop is,[355] en hoe die nagmaal van die Here nie lank

[352] Vgl. Augustinus, *Contra lit. Petiliani* 2.23.53 (MPL 43:277; CSEL 52:51 - 52).

[353] Marg. *Luc. 22.b.17.*

[354] Pous Alexander I, biskop van Rome van 107 - 116. Vgl. Platyna, *De vita Christi ac omnium Pontificum* (1551) 3:1, 21 e.v.

[355] Vgl. Tertullianus, *De baptismo* 7 (MPL 1:1315; CSEL 20:206 e.v.); *Adv. Marcion.* 1.14 (MPL 2:287; CCSL 1:455; CSEL 47:308); Augustinus, *Opus imperf. contra Iul.* 2.120, 181; 4.77 (MPL 45:1192,

na die tyd van die apostels verroes geraak het nie. Die voortvarenheid van die mens se selfvertroue is natuurlik so groot, en dit kan homself nie bedwing om met die geheimenisse van God te peuter en sy luste daarmee te laat botvier nie. Maar ons - ons moet onthou dat God die gehoorsaamheid aan sy Woord so hoog ag, dat Hy wil dat ons sy engele en die hele wêreld na aanleiding daarvan moet beoordeel.[356] OC 1046

Wanneer ons verder so 'n groot hoop seremonies uit die weg geruim het, kan die nagmaal dus op die mees gepaste wyse soos volg bedien word: dit moet baie dikwels en ten minste een keer per week aan die gemeente voorgesit word.[357] Dit moet begin met gesamentlike gebede; daarna volg die preek; dan moet die bedienaar die instelling van die nagmaal weergee terwyl die brood en die wyn op die tafel staan; daarna moet hy die beloftes voordra wat daarin vir ons nagelaat is en tegelyk ook almal daarvan uitsonder wat volgens die gebod van die Here daarvan weerhou moet word; daarna moet ons bid dat die Here met dieselfde milddadigheid waarmee Hy hierdie heilige voedsel aan ons geskenk het, ons ook mag leer en vorm om dit uit die geloof en dit van harte uit dankbaarheid te ontvang. En aangesien ons uit onsself dit onwaardig is, dat Hy deur sy barmhartigheid ons so 'n eetmaal waardig moet ag; hierna moet psalms gesing of iets gelees word en nadat die bedienaars die brood gebreek en die beker aan hulle oorhandig het, moet die gelowiges in betaamlike orde in die heilige eetmaal deel. Wanneer die nagmaal afgehandel is, moet die gelowiges aangespoor word tot opregte geloof en geloofsbelydenis, tot liefde en sedes wat Christene waardig is. Ten slotte moet daar dankbetuiging wees en lofliede moet vir God gesing word. Wanneer dit alles beëindig is, moet die gemeente in vrede uiteengaan.[358]

## 44. *Dat die nagmaal dikwels gevier moet word, is uit talryke bronne duidelik* OS 410

Die redenasies wat ons tot dusver in verband met die sakrament

1220, 1383); *De symbolo* 1.1.1 (MPL 40:628); *De peccat. origin.* 2.40.45 (MPL 44:408); *De nupt. et concupis.* 2.18.33; 2.29.50 e.v. (MPL 44:455, 465, 467).

356 Kyk 1 Kor. 6:2 -3; Gal. 1:8.

357 Calvyn het deurgaans sterk op die weeklikse nagmaalsbediening aangedring. Reeds in die Geloofsartikels van Genève van 1537 (OC 10,1:7 - 8) stel hy dit onomwonde dat gelowiges in hulle swakheid deur die weeklikse gebruik van die nagmaal onderskraag moet word. By sy terugkeer uit Straatsburg in 1541 lê hy hierdie vereiste as deel van sy *Projet d'Ordonnances* aan die Raad van Genève voor maar hulle wil nie aan die eis voldoen nie, en stel slegs vier geleenthede per jaar voor (OC 10,1:25). Hierdie gebruik is bekragtig in die *Ordonnances ecclésiastiques* van 1561 (OC 10,1:104). Vgl. ook afdelings 44 en 46 hieronder.

358 Waardevolle inligting in verband met die nagmaalsviering in Genève kan bekom word uit *La forme des prières ecclésiastiques avec manière d'administrer les Sacremens et consacrer le mariage selon la coustume de l'Eglise ancienne* (OC 6:193 e.v.).

aangevoer het, bewys oorvloedig dat dit ingestel is, nie om net een maal per jaar ontvang te word nie,[359] en dit maar toevallig soos dit tans oor die algemeen die gebruik is nie. Nee, dit is ingestel sodat alle Christene dit herhaalde kere moet nuttig om herhaalde kere die lyding van Christus in herinnering te roep. Hulle roep dit in herinnering om sowel hulle geloof te onderskraag en te versterk as om hulle aan te spoor om God te bely, sy lof te sing en sy goedheid te verkondig; om mekaar ten slotte daardeur tot wedersydse liefde te voed en onderling dit aan mekaar te betuig wanneer hulle hierdie liefdesband in die eenheid van die liggaam van Christus bemerk. Want so dikwels as wat ons in die teken van die liggaam van die Here deel, verbind ons mekaar die een aan die ander asof dit 'n pand is wat ons gee en ontvang, tot al die liefdespligte sodat geeneen van ons iets sou toelaat waardeur hy sy medebroer leed kon aandoen, of iets agterweë sou laat waardeur hy hom behulpsaam kan wees wanneer die nood dit vereis en hy die vermoë het om dit te doen nie.

In Handelinge vertel Lukas dat dit die gebruik van die apostoliese kerk was wanneer hy vertel dat die gelowiges volhard het in die leer van die apostels, in die deelname aan en die breek van die brood en in gebed.[360] Dit moet juis so geskied dat geen vergadering van die kerk mag plaasvind sonder die Woord, gebede, deelname aan die nagmaal en aalmoese nie. Na aanleiding van Paulus se verduideliking kan ons aflei dat dit ook die instelling onder die Korintiërs was[361] en dit staan vas dat dit vir baie eeue lank in gebruik was.

Die ou kanons wat die mense aan Anacletus en Calixtus toeskryf, het trouens hieruit ontstaan. Dit is naamlik dat almal wat nie van die kerk weggehou wou word nie, aan die nagmaal moes deelneem nadat die wyding afgehandel is.[362] En in die ou kanons wat as die *Apostoliese kanons* bekendstaan, kom die volgende voor: Dat diegene wat nie tot die einde aanhou en nie die heilige gemeenskap ontvang nie, tereggewys moes word as mense wat onrus in die kerk veroorsaak.[363] By die konsilie van Antiochië is ook beslis dat diegene wat die kerk betree, na OC 1047
die Skrif(verkondiging) luister en hulle dan van die gebruik van die nagmaal weerhou, uit die kerk uitgeban moes word totdat hulle hierdie sonde verbeter het.[364] En hoewel hierdie besluit in die eerste Toletaanse

[359] Dit is die eis wat die Vierde Lateraanse Konsilie (1215), kanon 21 gestel het (Mansi 22:1010). Dit is ook opgeneem in die *Decr. Grat.* 5.38.12 (Friedberg 2:887; Denzinger, *Encb.* 437).

[360] Marg. *Act. 2.g.42.*

[361] Vgl. 1 Kor. 11:20.

[362] Calvyn skryf dit verkeerdelik aan Calixtus toe. Die *Decr. grat.* 3.1.59 (*De consecratione*) (MPL 187:1726) skryf dit wel na aanleiding van Pseudo-Isidorus se weergawe van Anacletus se *Ep.* 2 aan laasgenoemde toe (Friedberg 1:1311).

[363] Hierdie kanons is opgeneem in MPG 137:53 e.v.

[364] Vgl. die eerste Konsilie van Antiochië (341), kanon 2 (Mansi 2:1310).

konsilie versag is, of ten minste met sagter woorde uitgedruk is, word
daarin nogtans bepaal dat diegene wat wel na die preek luister, maar van OS 411
wie nooit gevind word dat hulle aan die nagmaal deelneem nie, vermaan
moet word; indien hulle hulle na hierdie vermaning nog van die A 526
nagmaal weerhou, dat hulle dan uit die kerk geweer moet word.[365]

### 45. *Die kerkvaders se getuienis in verband met die gebruik van die nagmaal*

Deur hierdie bepalings wou hierdie heilige manne natuurlik die herhaalde gebruik van die deelname in die nagmaal behou en beskerm soos dit deur die apostels aan hulle oorgelewer is omdat hulle kon sien dat dit vir die gelowiges baie heilsaam was en deur die onverskilligheid van die gewone mense in onbruik verval het. Augustinus getuig hiervan oor sy eie tyd wanneer hy sê: "Die sakrament van die eenheid van die liggaam van die Here word op sommige plekke daagliks en op ander plekke met bepaalde tussenposes op die tafel van die Here voorberei en van die tafel af ontvang - vir sommige tot die lewe en vir ander tot die verderf".[366] En in sy eerste brief aan Januarius sê hy: "Sommige mense deel elke dag in die liggaam en die bloed van die Here; ander ontvang dit op bepaalde dae; op sommige plekke gaan geen dag verby waarop dit nie voorgesit word nie; op sommige plekke word dit net Saterdag en Sondag voorgesit en op sommige plekke net op Sondag".[367]
Omdat die gewone mense egter, soos ons gesê het, soms baie laks was, het hierdie heiliges hulle met streng berispings tereggewys om te voorkom dat die indruk sou ontstaan dat hulle hierdie traagheid oor die hoof sien. So 'n voorbeeld kom by Chrysostomos in sy kommentaar oor die brief aan die Efesiërs voor wanneer hy sê: "Vir iemand wat die nagmaal oneer aangedoen het, is nie gevra: 'Waarom het jy aangesit?' nie, maar: 'Waarom het jy ingekom?'.[368] Elkeen wat nie aan die sakramente deelneem nie, is onbeskaamd en verwaand omdat hy daar aanwesig is. Nou vra ek jou: as iemand na die feesmaal uitgenooi is en hy kom daarheen; hy was sy hande en hy sit by die tafel aan en hy wek die indruk dat hy hom gereedmaak om te eet, maar hy daarna niks eet nie, sal hy dan nie die ete sowel as die gasheer beledig nie? Wanneer jy onder diegene staan wat hulle deur gebed voorberei om die heilige voedsel te ontvang,

[365] Vgl. die Konsilie van Toledo (400), kanon 13 (Mansi 3:1000), opgeneem in die *Decr. Grat.* 3.2.20 (MPL 187:1739; Friedberg 1:1320) asook in die *Collect. pseudo-isidoriana* (MPL 84:331).
[366] Marg. *In 6. cap. Iohan. tract. 26.* Augustinus, *In Ioan. ev. tract.* 26.15 (MPL 35:1614; CCSL 36:267 - 268).
[367] Vgl. Augustinus, *Ep.* 54.2.2 (*Ad Ianuarium*) (MPL 33:200; CSEL 34,2:160).
[368] Marg. *Matth. 22.b.12.* Vgl. OC 45:401 - 402.

en jy bely het dat jy een van hulle is omdat jy die byeenkoms nie verlaat het nie, maar jy neem nogtans nie aan die nagmaal deel nie, sou dit dan nie beter gewees het dat jy jou nie daarvoor voorberei het nie? Jy sê: 'Ek is dit nie waardig nie'. Maar dan was jy ook nie die gebedsgemeenskap waardig wat jou voorberei het om die heilige sakrament te ontvang nie''.[369]

### 46. *Die Roomse gebruik om slegs eenmaal per jaar nagmaal te vier, is deur die duiwel uitgevind* OS 412

En hierdie gewoonte wat mense beveel om een keer per jaar in die nagmaal te deel, is baie beslis 'n uitvinding van die duiwel deur wie se toedoen dit tog ingevoer is. Die mense sê dat Zepherinus die bewerker van hierdie beslissing was,[370] maar ons kan beswaarlik glo dat dit destyds was soos dit nou is. Hy het trouens soos tye destyds was, die belang van die kerk met sy instelling na die beste van sy vermoë behartig. Daar bestaan immers geen twyfel daaroor dat die heilige nagmaal destyds aan die gelowiges voorgesit is so dikwels as wat hulle vergader het nie; daar is eweneens geen twyfel daaroor dat die grootste deel van hulle wel daaraan deelgeneem het nie. Aangesien dit egter beswaarlik ooit gebeur het dat almal saam daaraan deelneem, was dit inderdaad noodsaaklik dat OC 1048
diegene wat met onheilige afgodedienaars vermeng was, met die een of ander uiterlike teken hulle geloof moes betuig. Om hierdie rede het hierdie heilige man 'n dag bepaal met die oog op die orde en beleid waarop die hele Christenvolk belydenis van hulle geloof kon doen deur aan die nagmaal van die Here deel te neem. Die nageslag het egter die instelling van Zepherinus wat andersins opreg was, kwaadwillig verdraai toe 'n bepaalde reël aangeneem is in verband daarmee om eenmaal per jaar aan die nagmaal deel te neem.[371] Die gevolg daarvan was dat hulle vir die res van die jaar onbesorg op albei ore geslaap het[372] asof hulle hulle plig vir die res van die jaar pragtig nagekom het wanneer hulle eenkeer aan die nagmaal deelgeneem het.

Hulle moes egter heeltemal anders gehandel het. Die tafel van die Here moes ten minste eenmaal per week vir die vergadering van Christene gedek word[373] en die beloftes wat ons geestelik daarin voed, moes aan

[369] Marg. *In cap. 1. homil. 26.* Chrysostomos, *In ep. ad Ephes.* 1.3.5 (MPG 62:30).

[370] Zephyrinus was biskop van Rome vanaf ongeveer 198 tot 217. Mansi (1:729) stel dit op 201 of 203 tot 221.

[371] Vgl. afdeling 44 hierbo.

[372] Vir hierdie stylfiguur vgl. Terentius, *Heauton timorumenos* 2.3.101 (LCL 1:150) en Plautus, *Pseudolus* 1.1.123 (LCL 4:160 e.v.).

[373] Vgl. die *Articles concernant l'organisation de l'Eglise et du culte à Genève* (1537) 1.370 (OC 10,1:7 e.v.) en n. 358 hierbo.

hulle voorgedra gewees het. Niemand moet weliswaar onder dwang verplig word om daaraan deel te neem nie, maar almal moet aangespoor en aangepor word om dit wel te doen. Die traagheid van luiaards moet egter ten strengste tereggewys word. Almal moet gesamentlik soos honger mense by sulke genietinge byeenkom.

Ek het dus nie in die begin ten onregte gekla dat hierdie gewoonte deur OS 413 die lis van die duiwel aan die mense opgedring is nie. Terwyl dit slegs een dag van die jaar voorskryf, maak dit hulle vir die hele jaar traak-my-nie-agtig. Ons sien dat hierdie verwronge misbruik weliswaar reeds in Chrysostomos se tyd ingesluip het maar ons kan ook sien hoe 'n groot afkeer hy daarvan gehad het. Hy kla trouens met gewigtige woorde in die aanhaling wat ek so pas gemaak het,[374] dat daar so 'n groot onewewigtigheid oor hierdie saak bestaan het dat mense selfs nie wanneer hulle rein was, op ander tye van die jaar tot die nagmaal toegetree het nie, maar dat selfs onrein mense tydens die Paasfees dit wel gedoen het. Daarna roep hy uit: "O, gewoonte! O, verwaandheid! Die daaglikse offer is dus tevergeefs; ons staan tevergeefs by die altaar! Daar is niemand om dit met ons te deel nie!"[375] Verre sy dit daarvan dat hy dit op sy gesag goedgekeur het!

## 47. *Die Roomse gebruik om die kerkvolk slegs die brood, en nie die wyn nie, voor te sit, is eweneens van duiwelse oorsprong*

Uit dieselfde smidswinkel het ook 'n tweede bepaling te voorskyn gekom wat 'n groot deel van God se volk beroof of ontruk het van die helfte van die nagmaal.[376] Dit is naamlik die teken van sy bloed wat vir leke en onheilige mense - met sulke benamings teken hulle die erfdeel van God -,[377] verbode is, en slegs 'n paar geskeerde en gesalfde mense toekom. Dit is 'n gebod van die ewige God dat almal daarvan moet

374 Kyk n. 369 hierbo.

375 Chrysostomos, *In ep. ad Ephes.* 1.3.4 (MPG 62:29).

376 Vgl. Luther, *Von beider Gestalt des Sakraments zu nehmen* (1522): ***Nu ists ihe gewiss, dass es eittell menschen tzuzatz und leve ist, dass man beider gestallt nicht brauchen*** (WA 10,2:14); *Sermon von der Beichte und dem Sakrament* (WA 15:490 - 494); *Disputatio contra missam privatam* (WA 39,1:170 - 171): ***Nam quod dicitur, sub specie panis sumi etiam sanguinem, vestrum commentum est, non est sententia Christi, qui instituit, ut edamus corpus suum in pane et bibamus sanguinem suum in calice. Christus sub utraque specie instituit. Non igitur satis est altera species. Vos detruncatis verbum Dei, habetis detruncatam formam verborum. Atque hoc non est abusus, sed abolitio, qui non est vera institutio***: dat beweer word dat sy liggaam ook onder die gestalte van die brood geneem word, is julle eie versinsel. Dit is nie Christus se uitspraak nie. Sy instelling was dat ons sy liggaam onder die brood moet eet en sy bloed in die beker moet drink. Christus het beide gestaltes ingestel. Een van die twee is daarom nie voldoende nie. Julle vermink die Woord van God en nou het julle 'n verminkte vorm van sy woorde. Dit is geen misbruik nie, maar 'n vernietiging daarvan omdat dit nie die ware instelling is nie.

377 Vgl. 1 Petr. 5:3.

drink,[378] maar die mens waag om dit met 'n nuwe en teenstrydige wet tot niet te maak en af te skaf deur te beveel dat nie almal dit mag drink nie. En om te voorkom dat hierdie wetgewers sonder rede teen hulle God baklei, hou hulle die gevare voor wat sou kon voorval as hierdie heilige beker sonder onderskeid aan almal voorgesit sou word. Net asof sulke gevare nie deur die ewige wysheid van God voorsien en opgemerk is nie!

Verder redeneer hulle natuurlik spitsvondig dat een deel van die nagmaal voldoende is vir altwee. Hulle sê: "Indien sy liggaam daar is, is Christus ten volle daar omdat Hy nie van sy liggaam losgeskeur kan word nie. Gevolglik vat sy liggaam ook sy bloed saam wat dit vergesel".[379] Kyk net die ooreenstemming van ons verstand met God wanneer dit selfs in die geringste mate vrye toom gegee word en begin om losbandig wees en te woed.

Die Here toon die brood aan hulle en sê dat dit sy liggaam is. Wanneer Hy die beker aan hulle toon, noem Hy dit sy bloed. Maar uit vermetelheid roep die mens se rede daarenteen uit dat die brood sy bloed, en die wyn sy liggaam is - net asof die Here sonder rede sy liggaam met sowel sy OC 1049
woorde as tekens van sy bloed onderskei het! En net asof daar ooit gehoor is dat gesê word dat die liggaam van Christus of sy bloed God en A 527
mens genoem word! As Hy Hom ten volle wou aandui, kon Hy gesê het: OS 414
"Dit is Ek", soos Hy gewoonlik in die Skrifte praat,[380] en nie: "Dit is my liggaam; dit is my bloed" nie. Maar omdat Hy ons swak geloof te hulp wou kom, het Hy die beker afsonderlik van die brood gestel om ons te leer dat Hy ewe veel in ons behoefte na drank as na voedsel voorsien. Laat nou een deel daarvan weg - dan sal ons slegs die helfte van hierdie voedsel daarin aantref. Al sou dit wat hulle voorhou, dus waar wees, naamlik dat sy bloed in die brood aanwesig is omdat dit sy liggaam vergesel, en sy liggaam ook in die beker aanwesig is, beroof hulle godvrugtige siele nogtans van die versterking van hulle geloof wat Christus as 'n noodsaaklike behoefte oorgedra het. Weg dus met hulle spitsvondighede; ons moet ons hou by die voordeel wat ons in die dubbele pand volgens Christus se instelling ontvang.

### 48. *'n Weerlegging van die Roomse regverdiging vir die gebruik van slegs die brood by die nagmaal*

Ek weet wel dat die dienaars van die Satan ook hier 'n uitvlug het omdat

[378] Kyk Matt. 26:27. Vgl. ook Luther, *Von beider Gestalt: dat must bei dir selbs gewissen fulen Christum selbs und unwenglich (=unerschütterlich) empfinden, dass es gottis wort sei* (WA 10,2:23).
[379] Vgl. die Konsilie van Constance (1415), sessie 13 (Mansi 27:727; Denzinger, *Ench.* nr. 626, p. 244); Thomas, *Summa Theol.* 3.80.12; 3.76.1, 2 (Marietti 4:556 - 557; 507). Kyk ook afdeling 35 hierbo.
[380] Vgl. Matt. 14:27; Joh. 18:5; Luk. 24:39.

hulle die gewoonte het om die Skrif te bespot. Ten eerste voer hulle die redenasie aan dat ons nie uit 'n enkele optrede 'n reël moet aflei waardeur die kerk vir ewig gebind word nie. Maar hulle lieg tog wanneer hulle sê dat dit 'n enkele daad is want Christus het nie alleen die drinkbeker vir hulle aangegee nie, maar ook bepaal dat die apostels dit in die toekoms so moes doen. Dit is trouens woorde van iemand wat 'n bevel gee wanneer Hy sê: "Drink almal uit hierdie beker".[381] En Paulus vertel ook dat dit so gedoen is sodat hy dit as 'n vaste instelling kan aanprys.[382]

Hulle tweede uitvlug is dat slegs die apostels deur Christus toegelaat is om aan hierdie nagmaal deel te neem[383] omdat Hy hulle reeds tot die orde van offerpriesters verkies en daarin opgeneem het. Ek wil egter hê dat hulle my op die volgende vyf vrae moet antwoord. Daaruit sal hulle nie kan ontsnap sonder om met hulle leuens aan die kaak gestel te word nie. Ten eerste: deur watter Godspraak is hierdie oplossing wat so vreemd is aan die Woord van God, aan hulle geopenbaar? Die Skrif meld dat daar twaalf was wat saam met Jesus by die tafel aangesit het.[384] Dit verduister Christus se waardigheid egter nie so dat dit hulle 'offerpriesters' noem nie. Oor hierdie woord sal ons later op die regte plek praat.[385]

Hoewel Hy toe die beker aan die twaalf gegee het, het Hy hulle nogtans beveel om ook so te doen, naamlik om die nagmaal so onder mekaar uit te deel.

Ten tweede: waarom het almal in daardie beter tyd sedert die apostels tot bykans 'n duisend jaar daarna sonder uitsondering aan beide die tekens van die nagmaal deelgeneem? Of het die kerk van ouds nie geweet wie Christus as deelgenote tot sy nagmaal toegelaat het nie? Om daarteen te stribbel en 'n uitvlugkans te soek sou 'n kenmerk van uiterste onbeskaamdheid wees! Daar bestaan kerkgeskiedenisse; daar is nog boeke van die ou skrywers beskikbaar wat duidelike getuienis hiervan OS 415 voorsien. Tertullianus sê: "Ons vlees word deur die liggaam en die bloed van Christus gevoed sodat ons siel deur God versadig word".[386] Ambrosius weer het vir Theodosius gesê: "Hoe sal u die heilige liggaam van die Here met sulke hande ontvang? Met watter vermetelheid sal u die beker van sy kosbare bloed met u mond deel?"[387] Hieronymus het OC 1050 opgemerk: "Die priesters wat die nagmaal bedien en die bloed van die

[381] Vgl. Matt. 26:27.
[382] Kyk 1 Kor. 11:25.
[383] Vgl. De Castro, *Adv. omnes baer.* 6 (1543), fo. 98A - 100A; Eck, *Encb.* 10, fo. E5a.
[384] Vgl. Matt. 26:20 en OC 45:700.
[385] Vgl. *Inst.* 4.19.28 hieronder.
[386] Marg. *Lib. De resur. car.* Tertullianus, *De resurrectione carnis* 8 (MPL 2:852; CSEL 47:37).
[387] Marg. *Refert Theodorit. lib. 3. cap. 18.* Theodoretus, *Hist. eccl.* 5.17 (MPG 82:1231).

Here aan die kerkvolk uitdeel".[388] Chrysostomos sê: "Die priester eet weliswaar nie soos onder die wet van ouds, 'n deel en die volk 'n deel nie; maar een liggaam en een beker word inderdaad hier aan almal voorgesit. Alles wat tot die nagmaal behoort, is ook gemeenskaplik aan die priester en die volk".[389] Op baie plekke lewer Augustinus ook dieselfde getuienis.[390]

## 49. *Verdere getuienis uit die werke van die kerkvaders*

Maar waarom redeneer ek oor 'n saak wat uiters bekend is? Almal moet maar die Griekse en Latynse skrywers lees. Oral sal hulle sulke getuienis teenkom.[391] Hierdie gewoonte het ook nie in onbruik verval so lank daar 'n druppeltjie opregtheid in die kerk oorgebly het nie. Gregorius wat jy met reg die laaste biskop van Rome kon noem, leer dat hierdie gewoonte ook in sy tyd gehandhaaf is. Hy sê: "Julle het nie deur te OS 416
luister nie, maar deur te drink geleer wat die bloed van die Lam is";[392] "Sy bloed word in die mond van die gelowiges uitgestort".[393]

Ja, dit het nog vierhonderd jaar na sy dood voortgeduur toe alles alreeds slegter geword het. Dit is trouens nie slegs as 'n gewoonte beskou nie maar as 'n onskendbare wet. Toe was die eerbied vir God se instelling immers nog kragtig en hulle het nie getwyfel dat dit heiligskennis was om dinge wat deur die Here saamgevoeg is, te skei nie. Gelasius praat immers soos volg: "Ons het bevind dat sommige mense slegs 'n deel van sy heilige liggaam neem en hulle van die beker weerhou; aangesien hulle skynbaar ongetwyfeld deur die een of ander bygeloof verstrik is, moet hulle òf die hele sakrament ontvang, òf hulle moet hulle heeltemal daarvan weerhou".[394] 'n Verdeling van hierdie sakrament vind immers nie sonder groot heiligskennis plaas nie.

Mense kon ook luister na Cyprianus se redenasies wat 'n Christenverstand beslis moet beïnvloed. Hy sê: "Hoe leer of doen ons 'n beroep op mense om hulle bloed vir die belydenis van Christus te stort, maar hulle weier sy bloed wanneer hulle tot die stryd toetree? Of hoe ag ons hulle geskik vir die drinkbeker van 'n martelaar as ons hulle nie vooraf volgens

[388] Marg. *Hieronym. in 2. Malach.* Hieronymus, *Comm. in Maleach.* 2:10 - 12 (MPL 25:1561). Vgl. ook sy *Comm. in Sophoniam* 3:4 (MPL 25:1375).

[389] Marg. *Chrysost. in 2. Cor. cap. 8. homil. 18.* Chrysostomos, *In ep. 2 ad Cor. hom.* 18.3 (MPG 61:527).

[390] Vgl. Augustinus, *Serm.* 31.1.2 (MPL 38:193); *Serm.* 131.1.1 (MPL 38:729); *Ep.* 217.5, 16(8) (MPL 33:984 e.v.).

[391] Vgl. o.a. die *Didache*, 9.1; 10.1; Iustinus, *Apologia* 1.65; Cyrillus Ierusal., *Cateches.* 22.3 (MPG 33:1099 e.v.); Fulgentius, *Ep.* 12.11.26 MPL 65:392).

[392] Gregorius I, *Homil. in ev.* 2.22.7 (MPL 76:1178).

[393] Gregorius I, *Dial.* 4.58 (MPL 77:425).

[394] Marg. *Refertur De consecra. dist. 2. cap. Comperimus.* Vgl. die *Decr. Grat.* 3 (*De consecrat.*) 2.12 (MPL 187:1736; Friedberg 1:1318); Gelasius, *Ep.* 37.

die reg van gemeenskap in die kerk toelaat om uit die beker van die Here te drink nie?''[395] Dat die Kanoniste hierdie dekreet van Gelasius tot die priesters beperk,[396] is te kinderagtig om weerlê te word.

50. *Die derde, vierde en vyfde vraag aan die pousdom oor die gebruik van slegs die brood, en nie die wyn nie, deur die gewone kerkvolk*

Ten derde: waarom het Christus doodeenvoudig van die brood gesê dat hulle daarvan moes eet, en van die beker dat almal daarvan moes drink?[397] Dit is asof Hy doelbewus die geslepenheid van die Satan wou teengaan.
Ten vierde: as die Here slegs offerpriesters soos hulle dit noem, sy eetmaal waardig geag het, wie sou ooit kon waag om vreemdelinge wat deur die Here daarvan uitgesluit is, te nooi om daaraan deel te neem? - en dit weliswaar om deel te neem aan 'n gawe waaroor hy geen mag het nie en waarvan hy geen gebod het van Hom wat alleen dit kon gee nie? Ja, met watter vertroue misbruik hulle dit vandag om die teken van die liggaam van Christus aan die gewone mense uit te deel as hulle geen gebod of voorbeeld van die Here daarvoor het nie?
Ten vyfde: het Paulus dan gelieg toe hy vir die Korintiërs gesê het dat hy OC 1051
van die Here ontvang het wat hy aan hulle oorgelewer het?[398] Hy verklaar
immers daarna wat hierdie oorlewering is, naamlik dat almal sonder A 528
onderskeid in beide hierdie tekens moes deel.[399] Maar as Paulus dit van OS 417
die Here ontvang het dat almal sonder onderskeid tot die nagmaal toegelaat moes word, moet diegene wat byna die hele kerkvolk van God daarvan wegdryf, sien van wie hulle dit ontvang het want hulle kan nou nie meer voorgee dat God die Skepper daarvan is nie omdat sy ja, ja is en sy nee, nee.[400] En hulle waag werklik nou nog om sulke afstootlikhede onder die naam 'kerk' te verdoesel en met hierdie dekmantel te verdedig asof hierdie Antichriste waarlik die kerk is terwyl hulle die leer van Christus en sy instellings met soveel gemak vertrap, verwoes en afskaf. Of daardie apostoliese kerk waarin die volle krag van die godsdiens gebloei het, was nie waarlik die kerk nie!

395 Marg. *Serm. 5. De lapsis.* Die verwysing is nie na Cyprianus se werk met hierdie titel nie, maar na afvalliges na wie hy in sy *Ep.* 54 verwys (MPL 3:883).

396 Vgl. die *Decr. Grat.* 3.2.12 waarin Gelasius aangehaal word: *Aut integra sacramenta percipiant, aut ab integris arceantur* - hulle moet die sakramente ten volle neem of heeltemal van die sakramente weerhou word (MPL 187:1736; Friedberg 1:1318).

397 Vgl. Mark. 14:22 - 23; Matt. 26:26 - 27.

398 Kyk 1 Kor. 11:23.

399 Kyk 1 Kor. 11:26.

400 Marg. *2. Cor. 1.d.19.*